

## HOOFSTUK DRIE

### AFRIKANERNARRATIEWE:

#### Herinneringe aan magsbeskouinge en identiteitskwessies binne die Suid-Afrikaanse koloniale, apartheids-, postkoloniale en postapartheidkontekste

##### 3.1 Inleiding

In Hoofstuk Twee het ek 'n verkennende teoretiese ondersoek gerig op herinneringe en die invloed daarvan op mags- en identiteitsbeskouinge binne 'n magsgedomineerde nasionalistiese formasie. Die fokus is geplaas op ideologieë waar die heersersklas se belange en behoeftes ten koste van ander samelewingsgroepe aangehang en bevorder is. Ek het ook uitgewys dat hierdie onderdrukkende mag in koloniale, totalitêre en fascistiese regimes verreikende gevolge het vir die *ander/Ander/das Nichtidentische* met betrekking tot identiteit en herinneringe. Laasgenoemdes is in so 'n onderdrukkende sisteem dikwels met geweld in die posisie van onderdrukking en minderwaardigheid gehou omdat hulle as verdinglikte amorfe massas beskou is.

Aangesien Boshoff 'n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaanse kunstenaar is wat hom in die gekose installasies bemoei met die estetiese konkretisering van herinneringe in sosio-politieke kwessies, word die Suid-Afrikaanse kontekstuele raamwerk vir sy kunswerke vervolgens geskets. Hierdie hoofstuk ondersoek bepaalde sosiale problematiek, konsepte en teorieë wat tans in Suid-Afrika in die omloop is. Ek ag dit noodsaaklik omdat hierdie teorieë lig werp op die spesifiekheid van die kunswerke. Die toepaslikheid hiervan word aangetoon wanneer die kunswerke self in besonderhede aan die orde kom.

'n Raamwerk waarbinne die gekose installasies van Boshoff as Suid-Afrikaanse kunstenaar gelees kan word, noodsaak 'n teoretiese ondersoek na Afrikanernasionalisme en die vorming van 'n Afrikanernasionalistiese identiteit as een van die uitvloeisels van herinneringe aan die koloniale era van die land. Dit word gedoen ten einde 'n aanhang van die apartheidsideologie te verstaan en te verklaar, asook om by te dra tot 'n begrip van Afrikaneridentiteit voor 1994 en daarna.

Historici en teoretici is dit eens dat die historiese herinneringe en konteks van die Afrikaner noodsaaklik is vir die verstaan van Afrikanernasionalisme en voort-spruitend daaruit, hulle aanhang van die apartheidsideologie. Hulle is voorts een-stemmig in hulle oortuiging dat Afrikanernasionalisme se wortels geleë is in 'n reaksie op Britse imperiale beheer van Suidelike Afrika (vgl. Degenaar, 1978:2; Dubow, 2006:5; Welsh & Spence, 2007:281; De Klerk, 2008:341; Giliomee, 2003, Van Jaarsveld, 1957). Historiese narratiewe waarna algemeen in hierdie verband verwys word, sluit die *Groot Trek* (c.1835-1838) in, die vestiging van die twee onafhanklike Boererepublieke [1852 en 1854 onderskeidelik] en daarmee gepaardgaande die anneksasie van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) (1877); die twee Afrikaanse Taalbewegings [in die laat negentiende en vroeg twintigste eeu]; die Anglo-Boereoorlog (ABO) (1899-1902) en die vestiging en vaslegging van Afrikanerbelange tydens die eerste twee dekades van die twintigste eeu.

Die verloop van hierdie hoofstuk is soos volg: Eerstens ondersoek ek die ontstaan van Afrikanernasionalisme en die ontwikkeling van Afrikaneridentiteit as 'n reaksie op herinneringe aan Britse imperialisme. Omdat die gekose werke van Boshoff gegroepeer kan word rondom drie ingrypende gebeurtenisse in die twintigste eeu wat die ontwikkelingsgang van die geskiedenis van Suid-Afrika in 'n bepaalde rigting gestuur het, beklemtoon ek die historiese gebeure wat uitkristaliseer in drie datums: *31 Mei 1902*, *31 Mei 1961* en *27 April 1994*. Op hierdie genoemde drie datums het die Afrikaners twee ingrypende verliese gelei en een groot oorwinning gesmaak. De Klerk (1975:20) merk tereg op dat die twintigste eeu was die Afrikaners se "heroic age", maar terselfdertyd hulle "century of wrong". Apartheid het die Afrikaners telkens in die wêreldkollig geplaas en – soos Giliomee (2003:xii) uitwys – was die kollig selde positief.

### **3.2 Perspektiewe op Afrikanernasionalisme en -identiteit**

Verskillende beskouinge oor die konsep *nasionalisme* lei daartoe dat historici en teoretici verskil oor wanneer van Afrikanernasionalisme gepraat kan word (vgl. De Klerk, 2008:340). Van Jaarsveld (1957) onderskei drie tydperke in die geskie-

denis van die Afrikaner, te wete (i) volkswording, (ii) nasionale selfbewuswording en (iii) Afrikanernasionalisme. Volgens hom het die eerste fase plaasgevind tydens die Nederlandse tydperk aan die Kaap [vanaf 1652 tot 1806<sup>1</sup>]. Die tweede fase strek vanaf ongeveer 1806-1877 [die Britse koloniale era] en die derde fase gedurende 1877-1881 [die ontdekking van minerale rykdomme en die annekasie van die ZAR] (vgl. De Klerk, 2008:341).

Degenaar (1978:2) wys op sy beurt op 'n aantal vrae en kwessies wat 'n bespreking van Afrikanernasionalisme en -identiteit voorafgaan. Hy stel dat (i) vasgestel moet word op watter stadium van 'n Afrikaner, Afrikanerbewussyn, volkskap onder Afrikaners, of van Afrikanernasionalisme gepraat sou kon word; (ii) daar moet besin word oor die kwessie of die konsep van 'n ideologie toegepas sou kon word op Afrikanernasionalisme. Wat 'n ideologie betref, stel hy die vraag (iii) of 'n ideologie bloot beskou moet word as 'n geloofsisteem, of meer spesifiek as 'n politieke program van aksie met duidelike konstitusionele doelwitte in die oog, en (iv) eis hy besinning daaroor of, en indien wel, in watter mate Afrikanernasionalisme volksnasionalisties en rasgebaseerd was.

Aspekte wat 'n ondersoek van Afrikanernasionalisme bemoeilik, is die feit dat die geskiedenis van die Afrikaners en hul politieke magsbasis, die Nasionale Party (NP), deurlopend gekenmerk word deur onderlinge spanning en skeuring. Tog stel Leoussi en Grosby (2007:2) dat totale eensgesindheid nie 'n voorvereiste vir nasionalisme is nie:

... no nation can ever be thoroughly uniform or stable as if it were made out of inanimate material and designed by engineers. The historical evidence clearly confirms the changing, shifting character of nations, both over time and from one nation to another. There can, thus, be no such thing as the 'classic' form of the nation (vgl. verder Alter, 1994:2).

Die probleem van 'n gebrekkige eensgesindheid tussen Afrikaners en die NP is klaarblyklik soos volg aangespreek: Eerstens het die Afrikanerelite deurgaans 'n

---

<sup>1</sup> In 1795 is die Kaap vir die eerste keer deur Brittanje beset. Vanaf 1803 was die Kaap vir 'n kort rukkie weer onder Nederlandse beheer, bekend as die Bataafse Republiek. In 1806 het Brittanje weer besit van die Kaap geneem en dit terugvernoem na die Kaapkolonie. Van toe af was die *burghers* Britse onderdane (Thompson, 2006:51-63).

mitiese<sup>2</sup> homogeniteit van die Afrikanervolk, vasgelê in Afrikanersimbole soos die ossewa, roer, laertrek, volkslied, taal en vlag, voorgehou en beklemtoon sodat diversiteit binne Afrikanergeledere geminimaliseer is. Tweedens is daar in leierskringe en kultuurorganisasies die beeld geskep van eensgesinde reaksies in Afrikanergeledere op Britse imperialisme met betrekking tot 'n spesifieke gebeurtenis (Worden, 1994:87; vgl. Arnold, 2005:332; Krog, 2004:108; De Klerk, 2008:342).

Soos dit dikwels met opkomende nasionalismes die geval is, wil dit my voorkom asof Afrikaners hul identiteit op 'n tipies negatiewe wyse gedefinieer het in terme van dit wat hulle nie is nie. Afrikaners het hulleself beskou as nie Engelssprekend nie, beslis nie swart nie en ook nie gebore in Europa nie. Die afleiding wat hieruit volg, is dat dit lyk asof 'n kort definisie van die Afrikaners as wit, Suid-Afrikaans en Afrikaanssprekend, voldoende is. Sodoende word in die *self*kategorisering klem geplaas op dit wat Afrikaners gemeen het en wat hulle terselfdertyd anders maak as die *ander*. Op hierdie wyse is bruin<sup>3</sup> Afrikaners – ten spyte van 'n gedeelde taal en kultuurooreenkoms – nie as Afrikaners beskou nie. Die saak is egter meer kompleks. In 'n poging om die Afrikaneridentiteit te omskryf, moet 'n mens in gedagte hou dat hulle hulself vereenselwig het met Eurosentriese uitgangspunte: wit Christene en daarom kultureel meerderwaardig ten opsigte van die inheemse volkere (vgl. Giliomee, 2003:17, 41).

Afrikanernasionalisme het – soos dié van hul eweknieë in ander kontekste – die vorm aangeneem van 'n "missionary nationalism" (vgl. Hastings, 1997:6). Soos die Engelse koloniale amptenaar het hulle hulleself beskou as 'n uitverkore volk

---

<sup>2</sup> Met *mites* word die kern van 'n gedeelde narratief bedoel om 'n vermeende waarheid oor die verlede vir 'n bepaalde groep te formuleer en uit te druk.

<sup>3</sup> Die term *bruin mense* of *kleurlinge* word afwisselend gebruik n.a.v. politieke ontwikkelinge in die land. Volgens Rooi (2011:iv), 'n gerespekteerde [bruin] joernalis, het wit mense oor die algemeen tydens die apartheidsbedeling van *kleurlinge* gepraat. Na 1994 is die korrekte verwysing na hierdie bevolkingsgroep volgens hom *bruin mense*. Rooi stel dit baie duidelik in sy rubriek in die Sondagkoerant, *Rapport* in sy weeklikse redaksionele rubriek *Die Ander Kant*, in *Die Oop Gesprek*, dat die woord *kleurlinge* net so 'n taboe as is as die woorde *baas* en *miesies* – aanspreekvorms deur swart en bruin arbeiders vir hul wit Afrikaanse werkgewers. In hierdie proefskrif word met Rooi akkoord gegaan, ten spyte van Adhikari (2005:11) se besware teen dié term. Adhikari (2009:xv) stel dat die enigste aanvaarbare verwysing die term *Coloureds* is.

met 'n bepaalde roeping in Suid-Afrika: om die lig van God se Woord na die donker Afrikakontinent uit te dra en om die Westerse beskawing – wat deur hul voorsate, die koloniste<sup>4</sup>, na Afrika gebring is – in stand te hou en uit te brei (vgl. Smith, 2004: 78-85; Du Toit, 1983:922 e.v.; Hexham, 1980: 386-403). Afrika was ook in hulle oë swart en barbaars (Dubow, 2007:54-55; Giliomee, 2003:280). In 'n toespraak stel die voormalige eerste minister vanaf 1958 tot 1966, Hendrik French Verwoerd (1910-1965)<sup>5</sup>, bekend as die argitek van apartheid (vgl. Arnold, 2005:332; Krog, 2004:108; De Klerk, 2008:342), hierdie roepingsmotief soos volg:

Die volk van Suid-Afrika is hier geplant ... so glo ons, met 'n bestemming, ... nie ter wille van die selfsug van 'n nasie nie, maar ter wille van die diens van 'n nasie. ... vir die ontplooiing van Afrika en vir die vooruitgang van die Christendom ... ons [is] hier aan die suidpunt geplant binne-in die plek van krisis om ... weer die oorwinning te laat uitbou waardeur alles wat opgebou is sedert die dae van Christus sal staande bly tot die heil van die ganse mensdom ... (Verwoerd, 1963:xix, xx).

So beskou, sou na die Afrikaner verwys kon word as die *Ander*, aangesien hulle bykomend hul identiteit verkry het in die aangesig van die wit, Europese *Self* as die *grand-autre*. Tog het Afrikaners in hul strewe na vryheid en onafhanklikheid so intens bewus geword van hul eiesoortige andersheid dat die wit, Europese *Self* ondermyn is en Afrikaners hulle as die enigste *self* of die besondere subjek van 'n soort heilgeskiedenis vir Afrika begin beskou het. Dit laat D.F. Malan (1874-1959), eerste minister gedurende 1948-1954, die volgende woorde – in 'n toespraak gelewer tydens die eeufeesvieringe van die Groot Trek in Winburg in 1937 – as 'n tipies legitimerende argument vir die [strewe na] monopolie oor politieke mag – uiter:

---

<sup>4</sup> In hierdie proefskrif word van *koloniste* gepraat wanneer byvoorbeeld verwys word na die Hollanders wat die Kaap bloot as 'n halfwegstasie vir 'n verversingspunt op hul handelsroete beskou, met ander woorde wat bloot die plek bewoon het. Daarenteen word van *kolonialiste* gepraat wanneer na die Britse kolonialisasie van die land verwys word, waar die land aan sy "moederland" verbonde gebly het. Binne hierdie konteks was Simon van der Stel 'n kolonis, maar Cecil Rhodes 'n kolonialis.

<sup>5</sup> Verwoerd het Adv. J.G. Strijdom (1893-1958) opgevolg wat op sy beurt D.F. Malan opgevolg het in 1954 (Grobler, 2007:168).

'n Wonderwerk het in die afgelope 100 jaar gebeur, 'n wonderwerk waar- agter daar 'n Goddelike plan moet wees. Die geskiedenis van die Afrikaner openbaar vasberadenheid en 'n doelbewustheid, wat 'n mens laat voel dat die Afrikanerdom nie die werk van mense is nie, maar die skepping van God is (Malan, 1964:236).

Woorde soos "*Die geskiedenis van die Afrikaner openbaar vasberadenheid en 'n doelbewustheid ...*" toon die paternalistiese en aktiewe selfvertroue van die "wit, manlike *Self-Westerling*" waarmee Afrikaners geassosieer en geïdentifiseer het. Woorde soos dat die "*Afrikanerdom ... nie die werk van mense is nie maar die skepping van God*" dui enersyds op die hegemonie en verhewe *Selfaanskoue* van die Afrikaners as 'n uitverkore volk, en andersyds op die Afrikaners se be- skouing van die land as hul eiendom en daarom hul heersersreg om die land te behou en vir hulself te beveilig.

In die vestiging van 'n Afrikaner Christelike nasionalisme en -identiteit, het hulle klem geplaas op die onderskrywing van die Gereformeerde-Calvinistiese geloof, rassegelykstelling op [vermeende] Bybelse gronde verwerp, en die Afrikaanse taal tot gemeenskaplike nasionale simbool verhef (Giliomee, 2003:220; Dekker, 1960:15; Kannemeyer, 1988:28). Opsommend kan gestel word dat dit vir die Afrikaners in hul poging tot identiteitskepping daarvoor gegaan het dat hulle Christene was, met ander woorde nie net gelowiges nie, maar ook wit en supe- rieur, wat as 'n Christelike nasie Christelike nasionalisme aangehang het (Arnold, 2005:333; Verwoerd, 1963:xix, xx), soos verwoord deur Malan:

Die [Afrikaner]volk moet ... met sy ganse volkslewe in al sy vertakkinge voor die aangesig van God staan.<sup>6</sup> Hy moet as koning heers in heidenlande en in Christenlande ... hulle het uit Gods hand hul taak ontvang. ... Hulle het hul offers gebring. Daar is nog 'n blanke ras. Daar is 'n nuwe volk. Daar is 'n eie taal. Daar is 'n onsterflike vryheidsdrang ... (Malan, 1964:12, 121).

---

<sup>6</sup> "*Voor die aangesig van God staan*" is byna woordeliks 'n uitdrukking van Von Ranke [soos aangehaal in Ricoeur (2006:273-274)]: "Every epoch is directly under God, and its value depends not on what comes from it, but its very existence itself, in its own self ... All generations of mankind are equally justified in the sight of God, and so must the historian view the thing". Ricoeur wys juis daarop dat dit hierdie uitspraak is wat die een oor "wie es eigentlich gewesen war" weerspreek, want dit beseël elke historiese era met 'n teologiese "prys", wat lyk asof dit 'n era uitsonder as besonders, terwyl alle era's uiteindelik dieselfde is in die oë van God, en daarom nie beoordeelbaar nie. In die wike van hierdie absoluutstelling van 'n era volg relativisme.

Alhoewel bogenoemde Christelike nasionaliteit en identiteit van die Afrikaners vroom, nederig en in gehoorsaamheid aan God se eise geklink het, het dit terselfdertyd geïmpliseer dat hierdie beskouing van die Afrikaners van hulself onbevraagtekenbaar is, aangesien die opdrag van God self kom.<sup>7</sup> Daar was egter geen getuienis van watter aard dat die opdrag van God self afkomstig was nie. Dit was 'n blote analogie wat tussen Afrikaners en die Ou-Testamentiese Israel as verbondsvolk getrek is, soos deur Smith (2004) in die vorige hoofstuk bedeneer ten opsigte van 'n analogie tussen die uitverkore volk Israel, vasgelê in Joods-Christelike waardes en die ontwikkeling en vestiging van nasionalisme regdeur die Anglo-Saksiese wêreld. Die menslike konstruk-aard van hierdie vergelyking is nooit raakgesien nie, omdat dit gemene woordeskat was vir Afrikaners as gelowige kerkmense. Hierdie grondslag en beskouing is geglo sonder enige verifiëring, soos uitgewys deur Marschall (2005 en 2010) in die vorige hoofstuk.

### **3.2.1 Afrikaneridentiteit en apartheid**

Parallel met die historiese narratief van die Afrikaner as 'n Christelike en "uitverkore" volk van God, loop die narratief van apartheid toe hierdie teologiese regverdiging prakties en kragdadig ingespan is gedurende die apartheidsera. Frederik van Zyl Slabbert, voormalige leier van die Progressiewe Federale Party (PFP)<sup>8</sup> stel dat die volhardende pogings om apartheid in stand te hou, toeneemend die vorm aangeneem het van geritualiseerde waansin (Slabbert, 1999:18). Gevolglik wil dit voorkom of daar sedert die 1970s-1980s toenemend minder op die "Christelik" van Christelik-nasionaal gefokus is in 'n aanhang van 'n volks-nasionalistiese ideologie (vgl. Degenaar, 1978:2).

Vir 'n lang tyd was Suid-Afrika deur die internasionale gemeenskap verdoem vir sy apartheidsbeleid en is gepoog om die regering deur middel van sanksies en boikotte te probeer dwing om van dié beleid af te sien (vgl. Arnold, 2005:725;

---

<sup>7</sup> Snyman (1985:xi) stel dit goed wanneer hy sê dat die Calvinistiese roepingsgedagte is onkrities geïdentifiseer met roeping tot selfbehoud en die handhawing van identiteit.

<sup>8</sup> Hierdie party was 'n opposisieparty van die NP vanaf 1979-1986 (Slabbert, 1999:1). Slabbert is in 2010 oorlede.

Reddy, 2007:159 e.v.). Dit het daartoe gelei dat wêreldbyeenkomste soos kunstbiënnales en die Olimpiese Spele vir Suid-Afrikaanse kunstenaars en atlete 'n onbereikbare droom was. Binnelandse onrus, wat saamgevat kan word onder die term Die *Struggle*, het die land onstabiel en onveilig gemaak.

Apartheid – soos Naziïsme – word beskryf as 'n misdaad teen die mensdom (Scholtz & Scholtz, 2001:245; Slabbert, 1999:73). Vanuit 'n neo-Marxistiese perspektief stel Tiedemann (2003:20) dat die wortels van massavolksmoorde geleë is in die herlewing van 'n aggressiewe nasionalisme wat in baie lande sedert die einde van die negentiende eeu ontwikkel het en wat aanleiding gegee het tot die uitwissing van die Jode in die Tweede Wêreldoorlog. Arnold (2005:688) haal op sy beurt die *Sunday Independent* (1998/12/06) aan waarin Nelson Rolihlahla Mandela (geb. 1918), eerste demokraties-verkose staatspresident van die land, verklaar het dat, met die uitsondering van Hitler se massamoord van die Jode, "[t]here is no evil that has been so condemned by the entire world as apartheid" (vgl. De Klerk, 1991:68 en Slabbert, 1999:72-73 se boosheidsbeskouing van apartheid). Slabbert (1999:15) beskryf die apartheidsideologie as 'n siviele godsdiens met 'n toutologiese logika van verklaring, wat ingegryp het in die daaglikse bestaan van die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaanse burgers. Apartheid was vir hom 'n morele en intellektuele verleentheid en belediging.

Apartheid was egter nie – soos Naziïsme – daarop gemik om 'n bepaalde etniese groep uit te wis nie. Inteendeel, ingebed in die apartheidsbeleid was die sogenaamde tuislandbeleid en daarmee saam – vanuit 'n wit hegemoniese perspektief – afsonderlike [alhoewel minderwaardige] ontwikkeling (Welsh & Spence, 2007:284). In sy toespraak in die senaat op 3 September 1948, stel Verwoerd:

In Palestina waar die Jood en Arabier teenoor mekaar ... staan, doen hulle dit ... in die sin dat elkeen ... die hele land vir homself wil hê. Ons daarenteen is bereid dat die nie-blankes in Suid-Afrika ook vir hulself ontwikkelingskansen moet kry. Ons gun hulle 'n deel van die land. Ons wil apartheid nie teweegbring met die swaard nie maar met die goedhartige hulp van die blankes wat in die land is (Verwoerd, 1963:16).

Die semantiese logika van begrippe soos "ons *gun* hulle ..." en "met die *goedhartige hulp* van die blankes ..." is die volgende destyds nie raakgesien nie: dit



veronderstel ruimhartigheid teenoor kortsigtigheid, 'n soort morele hiërargie wat aan die een wat "gun" die voordeliger en meer morele posisie gee. Verder is dit ook blyke van die tipiese paternalistiese verhouding tussen wit en swart wat nooit op gelykheid gegrond was nie omdat swart mense as onderdanige en onmondige kinders onder "vaderlike" toesig beskou is. Soos Kedourie (1993:xiii-xiv) met sy opmerking oor onafhanklike state uitwys, was die denke agter hierdie besluit kennelik die vestiging van afsonderlike harmonieuse samelewings waar probleme soos "baasskap" en onderdrukking opgelos sou wees indien elke nasie in 'n eie onafhanklike staat tot verwesenliking sou kom. In 'n toespraak te Bloemfontein in 1957 stel Verwoerd:

... op die grondslag van die beginsel van heerskappy (baasskap) van die blanke in sy gebied en heerskappy (baasskap) van die Bantoe in sy gebied, sal blank en Bantoe van die begin af oor en weer geen aanspraak op eiendoms- en burgerlike regte in mekaar se gebied hê nie. ... die blanke wat ter wille van eie gewin na die Bantoegebiede gaan, [sal] daar ondergeskik ... wees aan die belange van die Bantoe. Die omgekeerde is vanselfsprekend ook waar ... (Verwoerd, 1963:xxxvi).

Daar is hierbo kortliks verwys na verskille tussen apartheid en die beleid van nasionaal-sosialisme in Nazi-Duitsland van 1933 tot 1945. Teenstanders van apartheid het graag hierdie vergelyking gemaak om verborge ooreenkomste tussen die twee politieke beleide uit te wys. Die gedagte van 'n vergelyking tussen apartheid en Nazi-Duitsland sou egter ook teruggevoer kon word na die groep Afrikaners wat eers onder leiding van generaal J.B.M. Hertzog (1886-1942) weggebreek het van die regerende Suid-Afrikaanse Party (SAP)<sup>9</sup>, en daarna die groep wat onder leiding van D.F. Malan die Gesuiwerde Nasionale Party (GNP) in 1934 gestig het.

Die SAP, onder leiding van generaal Louis Botha het versoening met Engelsprekendes voorgestaan, terwyl Hertzog in 1914 die NP gestig het ten einde Afrikanerbelange beter te kan dien (Giliomee, 2003:369-370). Om 'n politieke

---

<sup>9</sup> Die eerste regerende party na Uniewording in 1910 was die SAP onder leiding van genl. Louis Botha (1862-1919) (Worden, 1994:73). Botha – en genl. Jan Smuts (1870-1950) na hom – het 'n beleid van versoening met die Britte gevolg, wat bekend gestaan het as 'n "eenstroombeleid". Hierop het Hertzog met sy "tweestroombeleid" gereageer ten gunste van Afrikanerbelange (Giliomee, 2003:369-370).

oplossing te vind vir Suid-Afrika se ekonomie en *armblankevraagstuk* as gevolg van die wêreldwye ekonomiese resessie, het die NP en die SAP in 1933 saamgesmelt om die Verenigde Party (VP) te vorm. Malan en sy volgelinge het weens ongelukkigheid oor hierdie samesmelting en in navolging van Hertzog se tweestroombeleid [in 1934] weggebreek (vgl. Worden, 1994:75, 91-92; Thompson, 2006:157).

Hierdie Afrikaners wat weggebreek het, was ook gekant teen Suid-Afrika se deelname aan die twee wêreldoorloë aan die kant van Brittanje en die geallieerde magte (vgl. Thompson, 2006:154, 172). Hertzog, en Malan na hom, het geoordeel dat dit nie in Afrikaners se belang was om weer – so kort na die ABO – in 'n oorlog betrokke te raak nie. Daarby was herinneringe aan Britse kolonialisme, die ABO, die konsentrasiekampe en die twee taalstryde nog te vars in Afrikaners se geheue (Grobler, 2007:154-155).

Waarop dit neerkom is dat al die invloedryke politieke partye tussen 1910 en 1939 op die een of ander wyse nasionalisties was, soos Hertzog se motto "Suid-Afrika eerste" van 1914, en Botha en Smuts se beleid van "vergewe en vergeet" ter wille van versoening met die Engelse en Engeland omdat dit volgens hulle in die beste belang van Suid-Afrika was. Malan se supernasionalisme was 'n poging om Hertzog se standpunt van 1914 te rehabiliteer deur dit baie sterk te stel, so sterk dat dit maklik was om 'n militante klimaat te skep vir totalitêre invloede van Europa in hierdie tyd [fascisme en nasionaal-sosialisme]. Duitse nasionaal-sosialistiese invloede was byvoorbeeld sterk teenwoordig in militante minderheidsgroepe soos die *Ossewabrandwag* (OB) wat uit die GNP in 1938 ontwikkel het (Thompson, 2006:179).

Dit is belangrik om te beklemtoon dat Malan nie juis bande met die OB wou aanknoop nie, maar dat, van die kant van militante Afrikaners [soos lede van die OB], daar gedink was dat hulle eintlik dieselfde dinge soek wat Malan se party beoog. Malan het met ander woorde deur sy party die milieu of klimaat geskep vir hierdie militante minderheidsgroepe (vgl. Worden, 1994:92 en Thompson, 2006:179e.v.). Die OB was nasionaal-sosialisties en anti-Semities, gegrond in

Hitlersentimente en verbind met die *Stormjaers*, 'n ekstremistiese organisasie wat sabotasie gepleeg het (Thompson, 2006:179). Nog 'n ultraregse beweging wat in hul simbole Hitlersentimente toon, is die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) wat in 1973 gestig is onder leiding van Eugene Terre 'Blanche (1941-2010). Die AWB, met 'n wapenskild in die kleure van die Nazi-vlag (rooi, wit en swart) en drie sewes wat so gerangskik is dat dit sterk ooreenkomste (en kwan-suis sterk verskille) met die swastika vertoon, was en is steeds, 'n baie klein nie-parlementêre militante beweging met 'n openlike bewondering vir Hitler (Arnold, 2005:736, 786). Terre'Blanche, soos Hitler, was 'n uitstekende orator wat sy ge-hoor geken en hul vrese verstaan het (Taljaard, 2010:1).

Dit is belangrik om kennis te neem dat, hoewel anti-Joodse sentimente in Afrika-nergeledere teenwoordig was, geen vervolging van Jode in Suid-Afrika plaasge-vind het nie. Anti-Semitiese propaganda is wel volgens Beinart (1996:69) deur die GNP onder leiding van Malan gedurende die 1930s gebruik om Afrikaners se eiendomsreg van die land te regverdig. Beinart (1996:69) wys voorts daarop dat Verwoerd, tydens sy redakteurskap van *Die Transvaler* (1937-1948), artikels ge-publiseer het wat Joodse immigrasie na Suid-Afrika teengestaan het en ook uitgesproke was ten opsigte van Jode wat net tot sekere beroepe toegelaat be-hoort te word:

... ons glo aan die regte soort immigrasie, ons glo aan oordeelkundige im-migrasie, en ons glo aan immigrasie in so 'n mate dat die volk die immi-grante ekonomies en sosiaal kan absorbeer ... (Verwoerd, 1963:xxvi).

### **3.2.2 Nasionalisme, kolonialisme en apartheid**

Dit sou 'n foutiewe voorstelling wees om te dink dat Afrikaners apartheid uit-gevind en toe toegepas het. Om 'n beter begrip daarvan te kan verkry volg ek historiese lyne terug, naamlik (i) die ontwikkeling van die rassebegrip deur kolonialisme soos dit toegepas is eers in die Kaapkolonie, en later uitgebrei is na die hele Suid-Afrika, en (ii) die evolusie van die inhoudgewing aan die be-grip *Christelik* onder plaaslike omstandighede [wat tog weer ooreenkomste vertoon met inhoudgewings daaraan op ander plekke in min of meer dieselfde tyd]. 'n Mens sou die stelling kon maak dat die evolusie van die begrip Chris-

telik in die konteks van kolonialisme 'n inhoud gekry het wat regstreeks ingegaan het teen die "oorspronklike"<sup>10</sup> formulering van die Christelike leer, naamlik nederigheid voor God, dankbaarheid teenoor God vir verlossing, diensbaarheid aan God en Sy skepping. In die konteks van kolonialisme het die begrip Christelik dieselfde patologie as kolonialisme begin vertoon.

Die persepsie dat slegs Afrikaners vir apartheid en rassediskriminasie verantwoordelik was en dat [die blanke] Engelssprekendes "onskuldiges slagoffers" was en teen hulle sin daardeur bevoordeel is, is misplaas, soos blyk uit Worden (1994:66), Arnold (2005:330-333) en Dubow (2006):

Thus, although the English-speaking establishment and its institutions were in reality often highly conservative during the apartheid era, these became indelibly associated with "liberalism". ... Indeed, English-speaking South Africans have long managed the trick of defining everyone else in the country as racially or ethnically "other" – while blithely assuming their own identity to be somehow "normal" and therefore not suitable for deep investigation. In a post-apartheid and post-colonial world this position is becoming less and less tenable (Dubow, 2006:11-12).

Joe Slovo (1926-1995), voormalige leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), wys in sy *Unfinished Biography* (1997) die vinger vir die wortels van apartheid na die Britse koloniale era, spesifiek gedurende die laaste helfte van die negentiende en die vroeg twintigste eeu:

If any one group is to blame for the modern foundation of apartheid, it is the non-Afrikaner upper strata which dominated the seat of power for more than 75 years before 1948. I am now arguing for one Randlord one bullet, but we must get our history straight (Slovo, 1997:22; vgl. verder Arnold, 2005:331-332; Dubow, 2006:11-12; De Klerk, 1991:68; Welsh, 2010).

Soos aangedui, het die woord *Christen* sedert die vroeg sewentiende eeu die betekenis gehad van wit, Westers en beskaafd, teenoor *kaffir*<sup>11</sup> as swart, onbeskaafd en heiden (Giliomee, 2003:17). Saam hiermee, het kleurverskille ooreengestem met verskil in onderskeie kulture en is 'n hiërargiese rangorde van wit as

---

<sup>10</sup> Met die *oorspronklike* formulering van die Christelike leer word bedoel die Augustiniaanse inkleding en die Calvinistiese rehabilitering daarvan (kyk Sleddens, 2009).

<sup>11</sup> Die woord is oorspronklik deur die Arabiese Moslems gebruik vir 'n swart ongelowige of heiden. Word ook gespel *kafhir* of *caffre* (Giliomee, 2003:17).

superieur en suiwer teenoor swart as onderdanig en die minste suiwer aangehang. Wit rassesuperioriteit, kenmerkend van kolonialisme, was reeds teenwoordig in die eerste ontmoetings tussen die Hollanders en die inheemse bevolkingsgroepe van die land (Mountain, 2003:51-54; Thompson, 2006:42-45; Giliomee, 2003:12, 117 e.v.). Hierdie ingesteldheid is tydens Britse kolonialisme voortgesit in verhoudings met slawe en inheemse bevolkingsgroepe (Hunt, 2005:53). Thompson (2006:51) wys daarop dat alle Christene teen 1770 as "baas" aangespreek is. Crais (1991) vestig die aandag op die gebruik van die woord *kaffir* tydens Britse kolonialisme: die Xhosagemeenskap [wat hoofsaaklik in die Oos-Kaap woonagtig was] is in die koerant *The Graham's Town Journal*<sup>12</sup>, beskryf is as "oppressive, tyrannical, and arbitrary" (Crais, 1991:265). Hierteenoor is na die Britse regering as "liberal, just, and salutary" verwys. Hy stel dat volgens Britse imperialisme die handhawing en verspreiding van die "beskawing" geregverdig was, 'n morele noodsaak, aangesien "barbarisme" as die direkte antitese van vrede en goeie orde voorgehou is. Tekenend van hierdie beskouing haal hy 'n berig aan wat in die koerant in 1834 gepubliseer is, waarna na die land as *Kaffirland* verwys word:

To subdue Kaffirland we must occupy it; society must there be remodelled; new elements must be introduced, and a strong controlling power be exercised over the whole country.... The Kaffirs without civilization are a doomed race, and they never will be civilized until subdued (Crais, 1991:265)<sup>13</sup>.

In 1828 is *Ordonansie 49* uitgevaardig wat swart mense toegelaat het om die Kaapkolonie binne te kom, maar indien hulle sonder 'n pas was, is hulle gearresteer (Worden, 1994:68). Alhoewel alle volwasse mans in die Kaapkolonie stemreg gehad het, was die bepaalde minimum kwalifikasies so hoog gestel dat weinig swart mans daaraan kon voldoen en kon geen swart mense in die parle-

---

<sup>12</sup> *The Graham's Town Journal* [gestig in 1831], was die politieke mondstuk van die Britse setlaarsgemeenskap in die Oos-Kaap en ook die mees gelese koerant in die Kaapprovinsie (Crais, 1991:265).

<sup>13</sup> Vgl. Jordan (1968:8) se opmerking met betrekking rasseverhoudinge in die VSA in die vroeg twintigste eeu: "The concept imbedded in the term Christian seems to have conveyed much of the idea and feeling of us against them: to be a Christian was to be civilized rather than barbarous, English rather than African, white rather than black".

ment dien nie. Hulle is deur wit mense verteenwoordig (Dubow, 2006:175-176; Worden, 1994:69-70; Arnold, 2005:330; Giliomee, 2003:306).

Tydens die Industriële Revolusie in die land wat op die ontdekking van diamante en goud in die tweede helfte van die negentiende eeu gevolg het, is swart mense in 'n wit gedomineerde kapitalistiese ekonomie ingetrek (Worden, 1994:76). Vanweë die getalleoormag van swart mense was dit belangrik om die kapitaal in die hande van blankes te hou. Dit het in besonder vir die mynbouese en die boerderysektor gegeld om die swart arbeidsmag te reguleer en wit beheer te verseker (Dubow, 2006:56-57; Worden, 1994:30). Dubow (2007) som dié tydvak so op:

The mineral revolution of the 1870s and 80s significantly changed geographical and conceptual understandings of the country as "the interior" became the focus of economic activity and came to exert a massive centripetal influence on the subcontinent as a whole. These events were abetted and reinforced by the external agency of imperialism which sought ... to create a ... unified South African dominion directly shaped and controlled from the metropolis (Dubow, 2007:55).

Gedurende die negentiende eeu was daar wel 'n verslapping in die streng segregasiewetgewing in die Kaapkolonie met die uitreiking van *Ordonansie* 50 in 1829 wat bepaal het dat slawe en arbeiders voor die wet gelykstelling met blankes verkry het. Hierdie wetgewing is in 1839 uitgebrei om ook vrygestelde slawe in te sluit. Brittanje se verslapping van segregasiewetgewing was nie om humanitêre redes nie, maar om kulturele assimilasië te bevorder in die hoop dat swart mense se tradisionele kultuur geleidelik sou verdwyn ten gunste van die "beskaafde" Westerse tradisie (Thompson, 2006:76; Giliomee, 2003:281; Arnold, 2005:331-333; Worden, 1994:72). Worden (1994:72-73) en Dubow (2006:5) stel dat apartheid in die rassese segregasiewetgewing gedurende 1904-1930, tydens die laaste fase van Britse kolonialisme, vasgelê is. Hierdie rassese segregasie het aanleiding gegee tot diskriminerende wetgewing aangesien apartheid in die eerste plek oor wit superioriteit gegaan het:

... [r]acial separation of land ownership, the establishment of "native locations" in towns, regulation of labour influx to the cities with pass laws, dif-

ferential wage levels, mission-based schooling for Africans rather than state education, administration in separate Native Councils ... (Worden, 1994:73).

Die Britse regering se beloftes van grondeienaarskap en gelyke regte aan swart mense indien hulle aan die kant van die Britte sou veg tydens die ABO, is ook nie nagekom nie (Worden, 1994:30-31; Kapp, 2002:277; Pretorius, 1999:405).

Generaal Jan Smuts verwoord hierdie beloftes soos volg:

In the Cape Colony the uncivilized Blacks have been told that if the Boers win, slavery will be brought back in the Cape Colony. They have been promised Boer property and farmsteads if they will join the English; that the Boers will have to work for the Blacks, and that they will be able to marry Boer women (Smuts, aangehaal in Weber, 1999).

Die teendeel het gebeur. Na die ABO is alle binnelandse reg in die hande van blankes onder leiding van die Afrikaanssprekende boeregeneraal, Louis Botha gegee (vgl. Arnold, 2005:329-330; Worden, 1994:69-70; Giliomee, 2003:269-270; Thompson, 2006:149). Die historikus, Sampie Terreblanche, som die rasse-ideologie tydens Uniewording soos volg op:

Die blatante rasse-ideologie van segregasie het destyds groot ondersteuning van al twee blanke bevolkingsgroepe ontvang: die imperialistiese ideologie in Brittanje het die Britse *empire* soos 'n gekwetste buffel laat voortstropel; en die ideologie van rasgebaseerde *laissez faire*-kapitalisme het ekonomiese groei voorgehou as werktuig tot aardse heilsaamheid, selfs al is hongersnood aan Afrikaan-arbeiders betaal (Terreblanche, 2010:12).

Wit Afrikaans- en Engelssprekendes het ook skouer aan skouer gewerk om Suid-Afrika 'n "witmensland" te hou. Nadat die Kamer van Mynwese in 1921 besluit het om meer swartes in diens te neem teen laer lone, het die Mynwerkersunie [gestig in 1902] onder leiding van Britse vakbondleiers 'n staking uitgeroep. Tydens hierdie staking het Boer, Brit en Kommunis onder dieselfde banier, *Workers of the world unite and fight for a white South Africa*, gemarsjeer (Stolten, 2007:37; Drew, 2007:334-342; Thompson, 2006:163). Daarby kon die NP in 1924 net aan bewind kom deur 'n koalisie met die hoofsaaklik Engelssprekende *Arbeidersparty* (AP) te vorm. Die 1960-referendum vir die stigting van 'n republiek is met 'n naelskraapse oorwinning van 52% teenoor 48% behaal wat aanduidend is van 'n sterk Engelssprekende steun, asook dat nie alle Afrikaners die

NP gesteun het nie (vgl. Thompson, 2006:181-183; Worden, 1994:91; Giliomee, 2003:376).

Arnold (2005:330-331) vestig op sy beurt die aandag aan die een kant op Brittanje se traagheid om apartheid te kritiseer, en aan die ander kant op Engelsprekendes in Suid-Afrika se toenemende steun vir die NP, veral sedert 1966. Hy (2005:727) wys daarop dat dit eers in die 1980s is wat Brittanje haar houding jeens apartheid verander het. Voor dit was Brittanje uiters traag om enige maatreëls teen Suid-Afrika in te stel en het trouens nie beswaar gehad om wapens aan die land te verskaf nie, soos blyk uit Sir Anthony Barber van die Britse *Conservative Party* se opmerking: "As far as supply of arms for the external defence of Southern Africa is concerned, P.W. Botha [toe minister van verdediging] and I are at one". Verskeie ander Britse politici het soortgelyke uitsprake gemaak (Arnold, 2005: 330, 341-342). Arnold (2005:330) beskuldig die Britte van 'n hipokritiese ingesteldheid, aangesien Brittanje "would fail to exert the pressures that could and ought to have been exerted upon South Africa".

### **3.2.3 Nasionalisme, kolonialisme en "Christelike nasionalisme"**

Die wortels van die Afrikaners se gewaande Christelike nasionalisme en identiteit moet gesoek word in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner wat terugstrek tot die sewentiende eeu. Tydens Nederland se *Goue Eeu* het Jan van Riebeeck en sy geselskap – bestaande uit Hollanders, 'n paar lae-klas Duitsers, enkele Skandinawiërs, Franse en Britse seemanne en soldate – in 1652 met drie skepe, die *Drommedaris*, *Reijger* en *Goede Hoop* in die *Kaap de Goede Hoophawe* anker gegooi. Die *Generale Vereenigde Nederlandsche Geoctroyeerde Oost-indische Compagnie* (VOC) het onder leiding van die *Here XVII* 'n verversingspos in *Kaap de Goede Hoop* gevestig (Giliomee, 2003:xiii; Worden, 1994:7-8; Hunt, 2005:vii). Nie net is hierdie geskiedenis belangrik vir die verstaan van Afrikanernasionalisme nie, maar ook vir die wortels van apartheid. Die Nederlands-Hervormde Kerk (NHK), gebaseer op Calvinistiese leerstellings, verwoord deur die Sinode van Dordt (1618), was gedurende die sewentiende en agtiende eeue in Nederland die dominante kerk (De Klerk, 1975:18). Hierdie geloofsingesteldheid



het via die Hollanders in die Kaap posgevat en is deur die koms van die Franse Hugenote<sup>14</sup> (1688) versterk (Du Toit, 1983:920-952; Grobler, 2007:28). Die NHK was vir meer as 'n eeu die enigste kerk in die Kaap vir Christene<sup>15</sup>. Die Nederlandse regering onder wie se heerskappy die Kaap geval het, het in die Kaap aanleiding gegee tot die voortsetting van die Nederlandse tradisie, naamlik dat die kerk nie die staat kritiseer nie (Giliomee, 2003:4,5). Alhoewel die *burghers*<sup>16</sup> die Calvinistiese geloof aangehang het, het hulle nie juis 'n besonder toegewyde Christelike lewenstyl gehandhaaf nie (Giliomee, 2003:41; Du Toit 1983:922).

Dit was eers in die 1790s dat 'n godsdienstige oplewing oor die Kaapkolonie gekom het. Britse puritanisme – met die koms van Britse kolonialisme en daarna die 1820-Britse setlaars – het die Christelike geloof versterk (De Klerk, 1975:15-20). Van der Merwe (1995) verwys na opmerkings wat in die 1830's deur twee reisigers oor die Afrikaners gemaak is. Die eerste reisiger stel, "[T]here are certainly no people in the world who are so truly God-fearing as the Afrikaner", terwyl die tweede reisiger Afrikaners beskryf as "a serious and religious people ... with strong sentiment of genuine piety", asook dat hulle getroue lidmate van die kerk was (Van der Merwe, 1995:179).

Afrikaners het, soos aangedui, soos hulle voorgeslagte, hul Christenskap met wit meerderwaardigheid vereenselwig. Alhoewel die implikasie van *Christen* as wit, Westers en beskaafd nie meer vandag geld nie, het die skeldimplikasie van die

---

<sup>14</sup> Die herroeping van die *Edik van Nantes* deur Lodewyk XIV in 1685, het gelei tot heelwat Franse protestantse vlugtelingen na o.a. Nederland waar die NHK en Calvinistiese leerstellings voorrang geniet het (Thompson, 2006:34; Hunt, 2005:136). Die VOC het in 1688 ongeveer 200 Franse Hugenote in familieverband na die Kaap gestuur om vaardigheidstekorte hier aan te vul (Giliomee, 2003:5,10).

<sup>15</sup> Nie dat daar toe juis veel sprake van 'n kerk aan die Kaap was nie – die Kaap was behandel as 'n wyk van die kerk in Amsterdam. Dit was eers toe die Hugenote aangedring het op 'n eie predikant dat daar sprake van 'n kerk in die Kaap was.

<sup>16</sup> Die eerste wit inwoners van die land is *burghers*, later *vryburghers* genoem. Die gebruik van die term *boer[e]* het in die laat-agtiende eeu toegeneem, omdat die meeste *vryburghers* boere was. Vanweë die min landbouers het die VOC vanaf 1714 met 'n *leningsplaasstelsel* begin. Die plase het die Kompanjie se eiendom gebly. Boere kon dit nie verkoop nie, maar aan hulle kinders nalaat. Van die *burghers* wat nie selfstandig kon of wou boer nie, het as *knechten* vir welgestelde boere gewerk (Thompson, 2006:45-46; Giliomee, 2003:19,21). Die VOC het 'n *leenknechtstelsel* begin en *knechten* op 'n jaarbasis uitverhuur. Dit het gelei tot uitbreiding verder noord en oos van die oorspronklike nedersetting (Worden, 1994:8).

woord *kaffir* as onbeskaafd, swart en van Afrika veral in die negentiende en twintigste eeue toegeneem (vgl. Crais, 1991; Krog, 2004). Die patriargale magsbasis gegrond in dié rangorde het daartoe gelei dat die koloniste, en later die Afrikaners, 'n paternalistiese verhouding wat nooit op gelykheid gegrond was nie, met slawe en inheemse bevolkingsgroepe gehandhaaf het. Arbeiders is as onderdanige en onmondige kinders onder "vaderlike" toesig beskou. Shell (1986[1]: 292-293) beskryf die situasie soos volg:

Although the slave was incorporated into the stem family, that incorporation was deliberately limited. The owners attempted to infantilise their slaves with dress, naming pattern and ordinary language. All these measures combined to form what may be called the family means of 'control'.

Sodoende het 'n onderlinge afhanklikheid ontwikkel wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van 'n veelrassige en interafhanklike samelewing wat die Suid-Afrikaanse konteks uniek maak (Giliomee, 2004:xvi, 48-49). In hierdie milieu was die "laer" rasse in die Kaapkolonie en latere Suid-Afrika "bestem" om die "edel en kultureel suiwer" wit ras te dien (vgl. Aschroft *et al.*, 1999:201-102; Young, 1995:7-9). In lyn met Bhabha (1994) se teorieë, het die *burghers* hulself beskou as die opvoeders van arbeiders (vgl. Hastings, 1997:6). Alhoewel die meeste boere hulle arbeiders binne hierdie konteks goed behandel het, toon aange-tekende gevalle dat van die arbeiders en slawe swaar gestraf is vir oortredings:

They [the *vryburghers*] branded, thrashed and chained Khoikhoi whom they suspected of theft and placed them on Robben Island seven miles north-west of Cape Town (Thompson, 2006:37).

Intergroepverhoudinge was met ander woorde gebaseer op klasseverskille wat suiwer rasgebaseerd was tussen die Self en die *other*. Die Afrikaners het vanuit hul visie as 'n uitverkore, Christelike en beskaafde volk, veel gewag gemaak van rassuiwerheid, eerstens om die wit mense se superioriteit te beklemtoon en tweedens om apartheid te regverdig (Treurnicht, 1980:53-59; Arnold, 2005:333).

'n Verdere verwickeling in Afrikaners se gewaande aanhang van 'n Christelike nasionalisme en gepaardgaande -identiteit, was die vertaling van die Bybel in Afrikaans in 1933. Dekker (1960:12-13) wys daarop dat die geskiedenis van die

Afrikaanse taalbewegings ten nouste saamgehang het met die strewe na 'n Bybelvertaling (vgl. Kapp, 2009:8, 9; Kannemeyer, 1976:11-12). Die klem op Bybelvertaling is in lyn met Hastings (1997) en Conversi (2007) se beklemtoning van die vertaling van die Bybel in 'n volk se moedertaal ter versterking van die nasionalistiese konsep.

Soos ek in Hoofstuk Twee reeds bespreek het, word moderne mites deur die elite en sogenaamde intellektueles ingespan om 'n beeld van homogeniteit in en behorendheid tot 'n nasie te skep waarin die heroïese "goue" verlede vereer word en inspirerende helde uit die verlede deur nasionale simbole verewig word. Dit is veral die Christelike geloof wat 'n belangrike rol gespeel het in die opwekking van nasionale identiteite, gevoelens en kulture (vgl. Hastings, 1997; Smith, 2004; Grosby, 2002). Smith (2004:78-85 e.v.) vestig in besonder die aandag op die trek van analogieë tussen die ontwikkeling en vestiging van nasionalisme met die geskiedenis van die Ou-Testamentiese Israel, deur onder andere te verwys na 'n epiëse trek deur 'n "woestyn" na die beloofde land en die bied van kragdadige weerstand en reaksie wanneer die nasie bedreig word, asook gehoorsaamheid aan die "rigters" of leiers en beproewinge wat getrouheid toets.

Hierdie "mitologisering" kom op die oog af voor as fantasie, onwaarheid en nie in ooreenstemming met die werklikheid nie, maar – soos reeds in Hoofstuk Twee bespreek – sit daaragter 'n poging om betekenis aan 'n verlede te gee op so 'n manier dat dit moet lyk na 'n motivering tot 'n sekere soort aksie in die hede en die toekoms. In hierdie proses word "feite" wat nie "rym" met die program vir die hede en die toekoms nie, geïgnoreer, gewysig, gemanipuleer, verswyg of onderdruk (vgl. Hutchinson, 2007:42-50; Conversi, 2007:22; Smith, 1981:109).

#### **3.2.4 "Christelike nasionalisme" en die mitologisering van die Groot Trek**

Gedurende die tydvak ±1834-1848 het groot georganiseerde groepe Afrikaners, bestaande uit families, vriende en bure besluit om saam uit die Kaapkolonie te

trek om van Britse imperiale oorheersing te ontvlug<sup>17</sup>. Hulle is *Voortrekkers* genoem. Daar kan van die *Groot Trek* of uittog uit die Kaapkolonie gepraat word as 'n volksverhuising omdat duisende koloniste weggetrek het. Alhoewel die Voortrekkers slegs ongeveer nege persent van die Afrikaners uitgemaak het, is die mite in Afrikanergeledere in die twintigste eeu sodanig oorvertel dat die indruk gewek is dat al die Afrikaners weggetrek het (vgl. Thompson, 2006:66; Welsh & Spence, 2007:284; Marschall, 2010:179).

Die uitreiking van *Ordonansie 50* in 1828 was een van die redes vir die Groot Trek.<sup>18</sup> Hierdie wetgewing is deur Afrikaners geag as teen die Bybelse beginsel van rasse-ongelykheid. Muller (1975:154) stel dat hierdie gelykstelling vir die boere "contrary to the laws of God, and the natural distinction of race and colour" was (vgl. ook Dubow, 2007:54-55; Smith, 2004:78). In 'n nasionalistiese volksbewussyn [later in die eeu] is die Voortrekkers gemodelleer op die oortuiging dat hulle – soos die Israeliete van die Ou Testament – God se uitverkore volk was wat die beskawing en die Lig van sy Woord na die donker kontinent moes bring. Net soos die Israeliete van ouds deur die woestyn moes trek na die beloofde land, het die Voortrekkers op hulle epiese tog die onbekende en ongetemde binneland ingetrek (vgl. Smith, 2004:78-85; Du Toit, 1983:920; Hexham, 1980:386-403; Conversi, 2007:20) in wat bestempel sou kon word as 'n romantiese fantasie (vgl. Kedourie, *in* Conversi, 2007:17) met slegs hul geloof in God om die beloofde land van "melk en heuning" te tem (vgl. Smith, 2004:145):

...[T]he boer treks soon became the central myth and epic of later generations of Afrikaans-speakers, particularly among adherents of the Dutch Reformed Church. The wanderings of the Boers from British oppression to the freedom of a promised land on the high veldt echoed ... the biblical story of the deliverance of the Israelites from Egypt. Just as the Lord had saved the

---

<sup>17</sup> Die *Voortrekkers* se planne is bevorder deur die grootskaalse onderlinge botsings wat tussen swart inheemse bevolkingsgroepe plaasgevind het. Dit staan bekend as die *Mfekane* en die oorsaak daarvan is onbekend. Duisende swarte mense is tydens hierdie stamoorloë ontwortel of het gesterf (Worden, 1994:13-15; Giliomee, 2003:95, 101-102,110-111).

<sup>18</sup> Hierdie *Ordonansie* het nie net die Afrikaanse burgers nie, maar ook die Britse setlaars diep gegrief. *Ordonansie 50* is uitgereik op grond van die verslag wat die sendeling Philip in 1826 na Londen gestuur het. Dit het die gelykstelling van die Khoikhoi met wit mense voor die wet te weeggebring (Giliomee, 2003:108-109). Na 1838 is hierdie gelykstelling uitgebrei na alle vrygestelde slawe.

Israelites from Pharaoh's hosts, and from Midianites and Amalekites, and caused them to cross the Jordan, so he miraculously delivered the Boer *Voortrekkers* from danger and defeat at the hands of the British imperialists, and the Ndebele and Zulu warriors (Smith, 2004:78).

Die slag van Bloedrivier (1838-12-16)<sup>19</sup> het die Christelike Afrikaneridentiteit en eis om eiendomsreg van die land versterk, aangesien hulle (i) dit as 'n ruiltransaksie beskou het wat oneerlik en verraderlik uitgeloop het op die moord van Retief; (ii) hulle opofferings moes maak en daarvoor moes veg, en (iii) omdat dit hulle goddelike roeping en taak was om die land te beskerm teen wat hulle beskou het as die heidendom (vgl. Smith, 2004:78, 141; Hexham, 1980:391; Du Toit, 1983:920). Malan som die "verantwoordelikheid" van die Afrikaners as 'n blanke ras soos volg op:

... Op Bloedrivier se slagveld staan u op heilige grond. Dis hier waar die groot beslissing geval het oor Suid-Afrika se toekoms, oor die Christelike beskawing in ons land en oor die voortbestaan en ... verantwoordelike magposisie van die blanke ras. Dis hier waar die Voortrekker se menslike hart, se leeuemoed, se onwrikbare geloof in sy God en in sy volk die duidelikste en kragtigste spreek tot die nageslag ... (Malan, 1964:121).

Wat die Afrikaners se eiendomsreg van die land betref, het dokumentasie oor die geskiedenis van Suid-Afrika tot onlangs die indruk gewek dat die koloniste in 1652 'n verlate land betree het of, ten minste, dat die Hollanders hulle in dieselfde tyd as die inheemse Khoikhoi en San, in die land gevestig het<sup>20</sup> (Worden, 1994:5; Crais, 1991:255-275). Hiermee word Loomba (2005:20) se stelling dat die bestaan van 'n prekoloniale geskiedenis van Suid-Afrika dikwels ontken word, bevestig. Dié mite is, soos aangedui, geskep ter wille van die regverdiging van

---

<sup>19</sup> Die *Voortrekkers* o.l.v. Andries Pretorius (1798-1853) en Piet Retief (1780-1838) het oor die Drakensberge Natal ingetrek en 'n ooreenkoms gesluit met die Zoeloekoning, Dingane kaSenzangakhona Zulu (c.1795-1840) oor grondgebied waar die Voortrekkers kon woon. Tydens 'n besoek aan Dingane se kraal om hierdie ooreenkoms te sluit, is Retief en sy geselskap uitgemoor wat die aanleiding was tot die Slag van Bloedrivier (Thompson, 2006:89). Die Voortrekkers het 'n gelofte afgelê dat, indien hulle die verwagte aanval van 'n oormag Zoeloes sou wen, hulle 'n kerk sal bou en dié dag jaarliks as 'n Sondag sal herdenk. Ná die oorwinning is die belofte gestand gedoen en *Dingaansdag* [later *Geloftedag*] is ingestel. Die Ncomerivier is tot *Bloedrivier* herdoop (Worden, 1994:15). Nà 1994 is dié dag herbenoem na *Versoeningsdag* en is dit nie meer 'n openbare vakansie- en gewyde dag nie.

<sup>20</sup> Portugese seevaarders o.l.v. Bartholomias Dias was die eerste Europeërs wat met die Khoikhoi in kontak gekom het in 1488 (Thompson, 2006:31). Die Hollanders het die Kaapse seeroete vir handelsdoeleindes na die Ooste gebruik (Worden, 1994:8).

kolonialisme as 'n winsgewende kommersiële besigheid gewortel in die imperiale ideologie (Childs & Williams, 1997:2327; McLeod, 2000:7-8; Alter, 1994:1). Hierop het Afrikaners hegemonies voortgebou (Dubow, 2006:5; Crais, 1991:255 e.v.). Conversi (2007:20) stel bykomend dat die konsep van 'n beloofde en heilige land oorgedra is in alle belangrike nasionale bewegings wat óf etnies óf beskawingsgedrewe was. Walzer (1985:108) sê weer daar is " ... no land of milk and honey without obedience to God" [gebaseer op Jes.1:19]. Selfs die verliese aan lewens, eiendom en vryheid wat gely is tydens die Groot Trek [en later in die ABO], is beskou as 'n beproewing van God wat sy volk se geloof toets (vgl. Hexham, 1980:388; Patterson, 1982:177; Giliomee, 2003:41-50). 'n Korrelasie is voorts getrek tussen die volk Israel wat die rigters moes gehoorsaam omdat hulle vertrouwd was met God se wil vir die volk en Afrikanerleiers (vgl. Smith, 2004:244).

Ek het reeds melding gemaak van die persepsie dat al die Afrikaners uit die Kaapkolonie getrek het. Die Voortrekkers was egter hoofsaaklik grensboere. Die Afrikaners in Kaapstad en omliggende dorpe<sup>21</sup> het nie belang gestel om te trek nie. Hulle het met gemak in die Engelse milieu ingeskakel en hul kinders na Engelse openbare skole gestuur, terwyl daar vir die kinders op die grense geen skole was nie (Thompson, 2006:40, 47). Hierdie situasie het aanleiding gegee tot 'n verengelsing van sommige Afrikaners wat trots daarop was om onderdane van die Britse ryk te wees. Dit is onder andere hierdie Afrikaners wat later tydens die tweede helfte van die negentiende eeu [tydens die Eerste Taalbeweging] bekend gestaan het as *lojale Hollanders of Queen's Afrikaners* (Giliomee, 2003:193e.v.). Verder is die Voortrekkerleiers vereer as volkshelde, en die geskiedenis voorgestel as 'n heroïese narratief om op trots te wees. D.F. Malan verwoord dit soos volg tydens die eeufeesvieringe van die Groot Trek:

---

<sup>21</sup> Groter dele van die Kaap het bewoon geraak en dorpe soos Stellenbosch langs die Eersterivier is in 1679 aangelê (in 1685 is tot dorpstiging oorgegaan). Drakenstein, die Paarl, Wagenmakersvallei [Wellington], Roodezand [Tulbach] en Swartland [Malmesbury] het gevolg (Thompson, 2006:40). Kort daarna is kerke gebou (Giliomee, 2003:10, 42-43). Teen 1795 het die *burghers* wyd verspreid oor die Kaapkolonie gewoon (Grobler, 2007:27).

... Die volk moet 'n geskiedenis hê om hom te inspireer en aan te spoor vir die toekoms. Ons is 'n jong volk met 'n jong taal, maar ons het 'n ryk geskiedenis, vol met helde wat sal lewe so lank as wat die Afrikanernasie bestaan. Daar is geen ander nasie in die wêreld wat soveel groot manne gelewer het nie. ...[d]ie boodskap wat ons van die Voortrekkers ontvang het [is] ... glo in God, glo in u volk, glo in u self (Malan, 1964:235, 238).

Inligting, soos dat Retief aan die Groot Trek deelgeneem het, onder andere omdat hy vir skuldeisers gevlug het nadat hy sy vrou se erfposisie deurgebring het, is verswyg (Giliomee, 2003:36; Worden, 1994:12). Wat bykomend in ag geneem moet word, is dat die Afrikaners wat wel besluit het om te trek, nie saamgestem het onder watter leierskap hulle wou trek, met ander woorde, watter "rigter" gevolg moes word nie. Vanweë enersyds ligging van hul plase en andersyds onderlinge wrywing het hulle in groepe onder leiers soos Andries Hendrik Potgieter, Louis Trichardt, Piet Uys, Gert Maritz, Sarel Cilliers, Andries Pretorius en Piet Retief getrek (Ross, 1999:4; Worden, 1994:12; Giliomee, 2003:146,198). Daar was ook nie ooreenstemming oor presies waar die "beloofde land" geleë is nie, met die gevolg dat na verskillende dele van die binneland getrek is.

### **3.2.5 Die Afrikaners: geakkultureer en gehibridiseer in die sewentiende tot negentiende eeu**

Aangesien daar in die sewentiende eeu heelwat meer mans as vroue in die Kaapkolonie was, is huwelike en verhoudings oor status- en kleurgrense gesluit, sodat ongeveer 75 jaar ná die koms van die Hollanders, huwelike met slawe en Khoikhoivroue met 'n ligte gelaatskleur algemeen was. Dié huwelike is as wit en Westers beskou en die kinders as blankes gereken (Giliomee, 2003:15; De Klerk, 1975:8-9; Thompson, 2006:44). Hierdie nageslag het 'n effens donkerder velkleur as hulle wit vaders en effens ligter gelaat as hulle moeders gehad (Thompson, 2006:44). Buite-egtelike kinders van sowel *vryburghers* as besoekende matrose by slawevroue, was gereken as slawe en het geen status of voorregte geniet nie. Die nageslag van buite-egtelike gemengde verhoudings het bekend gestaan as "bastards" en is uit die samelewing verstoot. Die bepaling van die wet was "De Bastaard heeft geen vader of erfenis" (vgl. Giliomee, 2004:31; Thompson, 2006:44). Hulle het hulle in groepe by die Garieprivieromgewing

gevestig.<sup>22</sup> Die verhouding tussen wit kinders en hulle buite-egtelike halfbroers en -susters het op die volgende neergekom:

[T]he white children of the colonists did not hesitate to make use of the right of the strongest to drive their half yellow relations out of the places where they had fixed abodes. These bastard Hottentots were then obliged to seek an asylum in more remote parts (Lichtenstein *in* Giliomee, 2004:32; vgl. Worden, 1994:9).

Van hierdie dogters uit gemengde verhoudings het minnaresse/wettige eggenotes van sommige *burghers* geword. In laasgenoemde geval het hulle na die huwelik blanke status verkry. Met die koms van die Hugenote en 'n aantal Hollandse weesmeisies wat ongeveer dieselfde tyd as die Hugenote na die Kaapkolonie gestuur is, het gemengde huwelike in die Kaap feitlik verdwyn (De Klerk, 1975:5, 8-9; Thompson, 2006:33). Die *vryburghers* en die vroue met wie hulle verhoudings/huwelike gesluit het, kan beskou word as die kern of begin van die Afrikanervolk. Die Afrikaners het dus in die sewentiende eeu as 'n hibriede volk ontwikkel uit Nederlanders, Duitsers, Franse, Britte en nie-Europese slawe en Khoikhoi. Loomba (2005:62) se verwysing na die term *transkulturasie* wat aanduidend is van die proses van voortdurende veranderinge wat plaasvind binne inheemse kultuurgroepe, is hier van toepassing.

Afgesien van bloedvermenging, het die Afrikaners 'n spontane akkulturasie ondergaan om by die land aan te pas. Weens 'n gebrek aan bewerkbare grond het trekboere<sup>23</sup>, soos die Khoikhoi, oorgeskakel na skaap- en beesboerdery en dieper die binneland ingetrek op soek na weiveld, en die nomadiese leefstyl van die Khoikhoi en die San aangeneem (Worden, 1994:8-9, 12):

The burghers' interaction with the Khoisan led to large-scale cultural borrowing. The trekboers were more African than their kinsmen in the west. Like the Khoikhoi, they stored milk in skin sacks, dried strips of game

---

<sup>22</sup> Onder invloed van die Britse sendelinge het die naam *basters* aan die einde van die agtiende eeu in onbruik geraak, en het hulle bekend gestaan as die Griekwas. Hulle is ook Hottentotte genoem (Thompson, 2006:49).

<sup>23</sup> Die trekboere het reeds in die 18<sup>de</sup> eeu dieper die binneland agter weiveld aangetrek. Dit was nie 'n georganiseerde beweging soos die Voortrekkertrek nie (Giliomee, 2003:6, 52, 144, 150; Worden, 1994:8-9;11-12;15-16). Sommige trekboere het op 'n latere stadium by die Voortrekkers aangesluit.



[*biltong*], ... wore *veldschoenen* [made from cowhide] and sometimes animal skins. ... [They] were forced to develop a pragmatic lifestyle that made survival possible in the African interior (Giliomee, 2003:33).

Harrison (*in* Leach, 1989:xi) verwys na die trekboere as "a white tribe of Africa", terwyl die historikus De Kiewiet stel dat "the Boer race was formed" (*in* Giliomee, 2003:34). Steyn (2001:xxiv) wys op haar beurt tereg daarop dat Afrikaners sosio-logies inheems geword het. Gevolglik het die term *Afrikaner* toenemend verband gehou met die *burghers* se verwantskap met die land, soos wat Leatt *et al.* (1986:70) uitwys: "The process of becoming indigenous or Africanised found expression in the term *Afrikaner* by which the colonists came to call themselves". Dit hou ook in dat die aanspreekvorm *Afrikaners* myns insiens beskou kan word as 'n breuk van die *vryburghers* se identifisering met hul Europese lande van herkoms. Die term *Afrikaner* was teen die einde van die agtiende eeu gevestig en het in die negentiende eeu in algemene gebruik gekom as 'n sinoniem vir boer, *vryburger*, *burger*, Hollander en Christen (Thompson, 2006:55; Giliomee, 2003:xix,51). 'n Verwysing na die sestienjarige Hendrik Biebouw, wat reeds in 1707 "Ik ben een Afrikaander" uitgeroep het, laat Giliomee (2003:19) en De Klerk (1975:9) vermoed dat die *burghers* die Kaapse nedersetting as hul land aanvaar het en dieselfde patriotiese ingesteldheid teenoor die land as die inheemse volke gehad het. Katzen (1982:213) stem saam en wys daarop dat sedert die vroeë agtiende eeu het die wit setlaars in die Kaap verander vanaf 'n Europees- na 'n Afrikagebaseerde, selfhandhawende gemeenskap wat geen ander vaderland geken het nie. Hiermee gaan ek akkoord.

Afrikaners is, alhoewel hulle deur die Britse kolonialiste as 'n wit ras beskou is, gemarginaliseer tot die inheemse en eksotiese *Other*, soos blyk uit Giliomee (2003:33) se woorde: "Observers expressed shock about a European community that appeared to become ever more African, or as some phrased it, 'degenerate' or 'wild'". Afrikaners is deur Britse kunstenaars soos Charles Davison Bell (1813-1882) humoristies uitgebeeld as vreemd, soos blyk uit Brooke Simons (1998:35) se woorde oor Bell se uitbeelding van die trekboere: "Bell sketched and painted them on their dilapidated wagons, conveying with both skill and humour their

austere lifestyle". Dieselfde lot het byvoorbeeld die khoikhoivrou Saartjie [Sarah] Baartman getref en is sy aan die Europese publiek as 'n frats onder die naam *Hottentot Venus* vertoon (Burns, 2007:353). Uit hierdie enkele voorbeelde blyk dit dat wit *en* swart op die Afrikakontinent sodanig as anders of afwykend van die Europese *Self* beskou is dat hulle – soos die vreemdsoortige diere op die kontinent – aan bestudering en beskrywing onderwerp was (vgl. Said, 1978:7-8; 1995:90; m.b.t. die *Orient* en Coombes, 2003:240 binne die Suid-Afrikaanse konteks.).

Leatt *et al.* (1986:70) wys daarop dat die trekboere en die *burghers* in die Kaap teen die laat-agtiende eeu hulle kulturele en identiteitsbande met Europa verloor het, veral omdat die inwoners in die Kaapkolonie ander ervarings beleef het as die Europeërs. Die outeurs praat in dié verband van die gefragmenteerde kultuur van die Afrikaner, naamlik as,

... a culture in which consensus is heightened by gradual disengagement from Europe, and by participation in conflicts [soos die grensoorloë] not experienced in Europe (Leatt *et al.*, 1986:70).

Bydraend hiertoe was twee belangrike faktore. Die eerste hiervan is die geïsoleerde ruimte waarbinne Afrikaners hulle in Suid-Afrika bevind het ten opsigte van Europa. Dit het gelei tot min blootstelling en invloed van die *Verligting* wat die agtiende-eeuse Europa ondergaan het (De Klerk, 1975:13), wat weer aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van 'n eie nasionale identiteit (Leatt *et al.*, 1986:70; Giliomee, 2003:34-35). Sparks (1990:48) bevestig dat die Afrikaners nou 'n nuwe vaderland gehad het en nooit weer permanent na Europa sou terugkeer nie. [‘n Groot aantal wit mense, waaronder Afrikaners, het egter wel ongeveer twee eeue later – ná 1994 – die land verlaat, soos wat later in hierdie hoofstuk bespreek word.]

### **3.2.6 Die Afrikaners in diaspora in die agtiende en negentiende eue**

Thompson (2006:68, 112) beskou die Afrikaner se diepgesetelde behoefte om vry en onafhanklik te wees in 'n vrye en onafhanklike staat as die hoofrede vir die

uittog<sup>24</sup> uit die Kaapkolonie en die vestiging van die twee onafhanklike Boererepublieke (vgl. Welsh & Spence, 2007). Afgesien van die uitreiking van *Ordonansie 49* en *50*, was die verengelsing van die Kaapkolonie en onderdrukking van die Afrikaanse taal, asook hul min politieke verteenwoordiging en regte, 'n steen des aanstoots. Die manifes van die Voortrekkerleier, Piet Retief in die *Graham's Town Journal* (1837), stel onomwonde dat Afrikaners hulleself wil regeer sonder Britse inmenging (*in* Thompson, 2006:68). Dit sluit aan by De Klerk (2008:351) se stelling dat nasionalisme dikwels 'n gevolg is van 'n reaksie teen 'n vreemde politieke oorheersende mag.

Die toenemende verengelsing van die kolonie in regeringsinstellings, kerke en skole, het aanleiding gegee tot die Eerste Afrikaanse Taalbeweging in die laat-negentiende eeu. In 1822 is Engels tot die enigste amptelike taal verklaar (Kannemeyer, 1988:22; Kapp, 2009:9-10). Die verengelsing van die kolonie het vinnig gevorder en in 1865 is Engels as die amptelike taal in skole deurgevoer [vgl. Aschroft *et al.* (1999:44, 117) se opmerkings in verband met imperiale onderwys]. Op plase en die platteland het die boere min of geen kennis van Engels gehad nie en alhoewel die Kaapkolonie in 1872 verantwoordelike selfbestuur aan boere toegeken het, het dit vanweë die taalprobleem nie veel gehelp nie (Dekker, 1960:11; Kapp, 2009:9). Skotse predikante is ingevoer om te verseker dat verengelsing ook op kerklike gebied intree (Dekker, 1960:10; Pretorius, 1999:404, 408; Kannemeyer, 1988:23-24). Die bekende gedig van C.P. Hoogenhout (1843-1922) som die gevoelens van magteloosheid, weerstand en vervreemding in Afrikanergeledere oor dié toedrag van sake, so op:

Engels! Engels! alles Engels! Engels wat jy siin en hoor;  
In ons skole, in ons kerke, word ons moedertaal fermoor.  
... Wi hom ni laat anglisere, word geskolde en gesmaad...  
"Dis *fooruitgang!*" roep di skreeuwers, "dis *beskawing* wat nou kom!  
Di wat dit ni wil gelowe, di is *ouderwets en dom ...*" (*in* Brink, 2000:8).

---

<sup>24</sup> Worden (1994:12-13) stel dat die rede vir die *Groot Trek* hoofsaaklik ekonomies van aard was en gee verskeie redes daarvoor, waaronder (i) verarming en skuld, aangesien die boere op afgeleë plase nie lede van die nuwe kapitalisering van die wolindustrie was nie; (ii) die afskaffing van die leenplaasstelsel in 1813; (iii) grondverlies wat gelei het tot huur van plase teen hoë koste; (iv) gebrek aan finansiële kompensasië vir slawe.

Afrikaners het toenemend ervaar dat die Britse maghebbers nie na hulle belange omsien nie en gevoelens van vyandigheid jeens Britse gesag is versterk omdat boere op die grense nie genoegsaam teen inheemse bevolkingsgroepe in konflikte oor grond en veediefstal beskerm is nie<sup>25</sup> (Worden, 1994:11-12). Die Afrikaners se persepsie was dat die Britte hulle nooit anders as "white outcasts of the Empire" sou behandel nie (Giliomee, 2003:149-150. [Soos reeds aangedui, is daar na die trekboere verwys as "a white tribe of Africa" – Afrikaners was nou van mening dat hulle verder gemarginaliseer is tot "white outcasts".]

Daar is voorts na die taal Afrikaans verwys as *kitchen Dutch* [kombuis-Nederlands] omdat Afrikaans beskou is as 'n minderwaardige en swak dialek van Nederlands (vgl. Kapp, 2009:110). Changuion (*in* Kannemeyer, 1988:19) het op sy beurt reeds in 1844 onderskei tussen suiwer *Nederlands*, *Hoog-Hollands* [gebruik deur gegoeede *burghers*], *plat-Kaaps* en variasies daarvan [gepraat deur gewone *burghers*, Hottentotte en ander "gepeupel"] wat in die Kaapkolonie gepraat is. Hierdie *plat-Kaaps* en die variante daarvan, sou mettertyd ontwikkel in Afrikaans. Bykomend tot *Kombuistaal*, is ook na Afrikaans verwys as 'n *Hotnots-taal* (Scholtz, 1980:49-55).

Afrikaners het hulle nie langer in hul land tuis gevoel nie. Hulle het hulself in 'n liminale ruimte bevind wat deur onsekerheid, ambivalensie en gepaardgaande vervreemding gekenmerk is. Die Afrikaners se diaspora tydens die Groot Trek is 'n voorbeeld van Cohen (1997:26) se eerste kategorie van diaspora, soos in Hoofstuk Twee bespreek – naamlik om uit vrye wil uit hul land te trek as gevolg van onhoudbare omstandighede (vgl. De Klerk, 2008:353). Streak (1974:149) stel dat die *Groot Trek* die sosiale, ideologiese en politieke verwerping van Afrikaners deur Britse hegemonie verteenwoordig en dat dit beskou kan word as die begin van die konsep van Afrikanernasionalisme (vgl. Thompson, 2006:135, 142-143).

---

<sup>25</sup> Die afskaffing van slawehandel (1807) en opvolgende totale afskaffing van slawerny (1833) het verdere arbeids- en kosteprobleme vir boere tot gevolg gehad (Thompson, 2006:86).

Na die ontdekking van diamante (1871) en goud (1886) het Brittanje 'n aggressiewe beleid gevolg om die binneland te koloniseer. Hierdie tydperk stem ooreen met waarna McLeod (2000:67) verwys as die periode van "high imperialism in the late nineteenth and early twentieth centuries" (vgl. Thompson, 2006:108, 112; Giliomee, 2003:219, 228, 230; Ross, 1999:69). Die minerale rykdom het die republieke se belangrikheid vir Brittanje versterk, in lyn met Childs en Williams (1997:227) se argument dat kolonialisme 'n winsgewende kommersiële besigheid was wat geld en rykdom na Westerse nasies gevoer het deur die ekonomiese uitbuiting van ander, asook dat kolonialisme 'n vorm is van die gevolge van die imperiale ideologie (vgl. McLeod, 2000:7-8; Alter, 1994:1-3). Die koloniale Britse magte het heelwat teenstand gekry van sowel die *ander* [inheemse bevolkingsgroepe] as die *Ander* [Afrikaners]. Worden (1994:19-20) wys op die twee denkstrominge oor die redes vir Brittanje se optrede. Die eerste word saamgevat deur De Kiewiet (1937) wat stel dat die Britte gemotiveer was deur evolusionêre en humanitêre stappe, enersyds tot die uitbouing en handhawing van die beskawing, en andersyds deur kommer oor die behandeling van swart mense deur die Afrikaners in die ZAR.<sup>26</sup> Die meer algemene mening oor die Britte se aggressiewe kolonisasiebeleid was dat dit deel gevorm het van verskeie Europese state se "scramble for empire", spesifiek in Afrika tussen Europese magte, enersyds ter handhawing van hul monopolie oor die seeroete na Indië en andersyds om hul belange in die diamant- en goudbedryf te vergroot (Worden, 1994:20; McLeod, 2000:67-69). Buitelandse geld en beleggings het die land ingestroom en uitbreiding van die vervoerstelsel en die ontwikkeling van die mynwese het gevolg. Rassekwessies oor kleurgrense heen is op die agtergrond geplaas. Swart mense is, soos uitgewys, as arbeiders ingetrek in die wit gedomineerde kapitalistiese ekonomie (Dubow, 2007:56-57).

---

<sup>26</sup> Die inboekstelsel – ingevolge waarvan swart kinders by die boere gewerk het – is beskou as 'n omseiling van die verbod op slawerny (Giliomee, 2003:185-186). Boere het van hul arbeiders gepraat het as *skepsele* in plaas van *mense* wat die arbeiders se menswaardigheid aangetas het. Thompson (2006:106) stel dat: "[W]herever Afrikaners had settled, they tolerated scarcely any social interaction with black people except as masters with servants". *Ordonansie 50* het nie in die ZAR gegeld nie en, anders as in die Kaapkolonie, het slegs volwasse wit mans stemreg gehad (Thompson, 2006:90).

Ook die Afrikaners het in hierdie tydperk 'n identiteitsverandering ondergaan. Die ontdekking van die minerale het gelei tot verstedeliking van groot getalle Afrikaners met gepaardgaande drastiese verandering in hul kultuur en lewenstyl op die platteland en plase. Binne- en buitelandse fortuinsoekers en entrepreneurs het na die goud- en diamantvelde gestroom. Afrikaners is gekonfronteer met vreemde kulture en politieke tradisies in teenstelling tot die beskermde, konserwatiewe plaas- en plattelandse agtergrond waaruit die voormalige Voortrekkers gekom het (Smurthwaite, 1999:21-23; Thompson, 2006:109-110). Giliomee (2004:194) beskryf Johannesburg as groot, kru, opwindend en plofbaar.

Die *Eerste Vryheidsoorlog* (1880-1881) is voorafgegaan deur die anneksasie van die ZAR in 1877 toe die Britse regering onder die voorwendsel dat hulle die sogenaamde *Uitlandervraagstuk*<sup>27</sup> wou oplos, ingemeng het in die beleidsake van die ZAR (Giliomee, 2003:236, 243; Thompson, 2006:108,112-117.). Hierdie gebeure, sowel as die *Jamesoninval*<sup>28</sup> in 1895 het 'n sterk eenheidsgevoel onder Kaapse en Transvaalse Afrikaners tot gevolg gehad (Dubow, 2006:5; Steyn, 2001:26; Kapp, 2009: 72). Worden (1994:24) verwoord dit soos volg: "These events marked a significant growth of Afrikaner nationalism and resentment at continued British influence in the [ZAR] region" (Thompson, 2006:xi; Kapp, 2009:6). De Klerk (2008:343) wys daarop dat historici voor hierdie gebeure gepraat het van 'n Kaapse en 'n Transvaalse nasionalisme, wat aansluit by argumente dat nasionalisme van streek tot streek kan verskil (Alter, 1994:2; Leoussi & Grosby, 2007:3). Degenaar (1978:6) verwys juis daarna dat nasionalisme

---

<sup>27</sup> President Paul Kruger het streng wette uitgevaardig t.o.v. immigrasie, burgerskap en stemreg omdat die uitlanders se kulturele en politieke tradisies vir Afrikaners 'n bedreiging ingehou het. Die uitlanders moes ook hoër belasting betaal. Brittanje het onverbiddelike eise aan Kruger gestel wat toe sy weermag uitgebrei en die burgers van wapens voorsien het. Dit het gelei tot die anneksasie en opvolgende *Eerste Vryheidsoorlog* (Smurthwaite, 1999:21-23; Giliomee, 2003:236, 243; Thompson, 2006:19-110).

<sup>28</sup> Leander Starr Jameson en sy troepe het die ZAR gewapend binnegeval om 'n rebellie onder die uitlanders te veroorsaak sodat Brittanje 'n rede kon hê om met die soewereiniteit van die ZAR in te meng. Dit het klaaglik misluk. Jameson en sy manne is gearresteer en het erken dat Cecil John Rhodes (1853-1902), Eerste Minister van die Kaapkolonie (1890-1896) sy goedkeuring gegee het (Worden, 1994:28; Dubow, 2007:56). Rhodes het strategies die indruk geskep dat hy Afrikanerbelange bevorder deur nou bande met die Afrikanerbond in die Kaap (Dubow, 2006:5).

daarin slaag om seksionele groeplojaliteite te vervang met 'n lojaliteit aan die nasie.

### 3.2.7 Afrikaans as voertaal en simbool van 'n nasionale bewussyn

Die stigting van die *Genootskap van Regte Afrikaners* (GRA) in die Kaapkolonie in 1875, het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van Afrikaans as skryftaal bekend as *Die Eerste Taalbeweging* (Kapp, 2009:9; Dekker, 1960:12,15). Volgens Kannemeyer (1988:27-29) het die totstandkoming van die GRA saamgehang met die ontwakende nasionalisme van die Afrikaner<sup>29</sup>. Die *Eerste Taalbeweging* is ingelei deur Arnoldus Pannevis (1838-1884) wat reeds in 1872 'n vurige pleidooi gelewer het om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Nog 'n belangrike bydrae was die eerste volkslied vir Suid-Afrika wat Pannevis, C.P. Hoogenhout, D.F. du Toit en S.J. du Toit in 1875 geskryf het (Dekker, 1960:12; Kannemeyer, 1988:29-30):

Want al de nasies het één God.  
Hy regel ider folk syn lot;  
Hy het fer ider folk syn taal,  
Syn land, syn reg, syn tyd bepaal.  
Wie dit ferag sal Syn straf dra.  
O God, beskerm Suid Afrika! (*In Brink*, 2000:7).

Die woorde van die volkslied volg die tendens van die tyd, naamlik om nasionalisme met Christelikheid te vereenselwig, wat selfs vandag nog vroom aandoen maar polities en [moontlik] onbewustelik 'n werking het om Goddelike goedkeuring vir die geïmpliseerde politieke program te gee. Sodoende word voortydig alle opposisie gesagvol as anti-goddelik gediskwalifiseer.

Onder die skuilnaam *Ware Afrikaander* skryf S.J. du Toit in *De Zuid-Afrikaan* (1875) 'n reeks briewe waarin hy sy stelling "ons skryf soos ons praat" bevestig. Hy het drie tipes praat-Afrikaans onderskei: Heere-Afrikaans, Boere-Afrikaans en Hottentot-Afrikaans.<sup>30</sup> Volgens hom het "regte" inwoners van die land Boere-Afri-

<sup>29</sup> Kyk in die verband Hoofstuk Twee: Gelner (1983:1) se klem op taal as 'n belangrike voorvereiste vir die ontstaan van nasionalisme. Vgl. verder De Klerk (2008:342, 346).

<sup>30</sup> Soos wat ek dit verstaan was *Heere-Afrikaans* 'n dialek, baie nader aan die Nederlandse taal, *Boere-Afrikaans* het reeds afwykings getoon waarin invloede van ander tale wat in die land gepraat was opgeneem is, met ander woorde dit was nie 'n suiwer dialek van Nederlands nie, terwyl *Hottentot-Afrikaans* 'n platter weergawe van *Boere-Afrikaans* was.

kaans gepraat, wat hy beskou het as Standaardafrikaans (Giliomee, 2003:xiii; Steyn, 1980:136-145).

Die GRA se mondstuk was *De Afrikaanse Patriot* wat op 15 Januarie 1876 die eerste keer gepubliseer is (Kapp, 2009:9; Dekker, 1960:12; Worden, 1994:88). Die blad het bestaan uit die eerste Afrikaanse gedigte, rubrieke waarin artikels oor die Afrikanergeskiedenis, die vernaamste nuusgebeure vanuit Afrikanerperspektief, en opvoedkundige artikels wat gefokus het op uitbreiding van taalkennis. Die redakteurs het opeenvolgend onder die skuilnaam *Oom Lokomotief* geskryf (Kapp, 2009:9; Dekker, 1960:12). Kortom, dit was die eerste van vele mondstukke wat later in die twintigste eeu Afrikanerbelange oor 'n breë spektrum sou dien.

Die stigting van die *Afrikanerbond* in Junie 1878 het momentum aan die taalbeweging gegee. Dit was 'n politieke beweging met die doel om op Afrikaners se taal- en politieke regte te fokus. Die Afrikanerbond het in 1890 'n taalkongres aangebied het met die tema "*Wat is nou eintlik 'onze Taal'?*" (Kapp, 2009:10). Hieroor was die Afrikaners verdeeld. In veral kerklike kringe is die *Folkstaal* as te platvloers beskou om verhewe werke te lewer, en in besonder is dit nie as geskik beskou vir die kerk en die kansel nie. Onder voorsitterskap van S.J. du Toit<sup>31</sup> is die eerste taalkongres van die GRA in 1896 gehou (Giliomee, 2003:175-184; Kannemeyer, 1976:15). As gevolg van die ABO het die Eerste Taalbeweging doodgeloop (Giliomee, 2003:221).

Die Tweede Taalbeweging het in 1905 afgeskop met J.H. Hofmeyr se toespraak in Stellenbosch met die tema "*Is 't ons ernst?*" (Kapp, 2009:12). In hierdie toespraak poog hy om die Nederlandse taal te handhaaf. Dit lei tot 'n reeks artikels in *De Volkstem* deur G.S. Preller met die tema, "*Laat' t ons toch ernst wezen!*" ten gunste van Afrikaans, deur te stel: "... *onze schrijftaal [behoort] veel nader bij het Afrikaans te komen dan waar zij zich tans bevindt!*" (Kannemeyer, 1976:17-

---

<sup>31</sup> S.J. du Toit het die GRA verlaat as gevolg van politieke verskille. In Maart 1896 het hy 'n nuwe maandblad, *Ons Klyntji* uitgegee (Kannemeyer, 1988:31). Kannemeyer (1976:16) stel dat die literatuur in hierdie blad van 'n hoër gehalte was as dié in *De Afrikaanse Patriot*. Gedigte, kortverhale en die eerste toneelstuk deur Du Toit, *Magrita Prinsloo of liefde getrou tot die dood* (1897) is in *Ons Klyntji* gepubliseer.



18). Preller het na Eugene N. Marais (1871-1936) se gedig *Winternag* [vir die eerste keer gepubliseer in 1933; uit Marais se *Versamelde Gedigte*, 1936], verwys om te wys waartoe Afrikaans in staat is (vgl. Kapp, 2009:72; Kannemeyer, 1976:18; Giliomee, 2003:366):

*O koud is die windjie  
en skraal.  
En blink in die dof-lig  
en kaal,  
so wyd as die Heer se genade,  
lê die velde in sterlig en skade.  
En hoog in die rande,  
versprei in die brande,  
is die grassaad aan roere  
soos winkende hande.*

*O treurig die wysie  
op die ooswind se maat,  
soos die lied van 'n meisie  
in haar liefde verlaat.  
In elk' grashalm se vou  
blink 'n druppel van dou,  
en vinnig verbleek dit  
tot ryp in die kou! (In Brink, 2000:30.)*

Preller het voorts geargumenteer dat Afrikaans in so 'n mate van Nederlands afgewyk het dat die taal 'n eie bestaan regverdig. Afrikaans het wortels in Nederlands, Duits en Frans, maar ook invloede van seemans-, inheemse en slawetale, waaronder Maleisies, Portugees, Khoikhoi en ander (Kapp, 2009:7; Rosenthal, 1966:284).

In 1905 is die *Afrikaanse Taalgenootskap* in Pretoria gestig met die doel om Afrikaners te oortuig (i) van die bestaansreg van hulle taal, (ii) om die Afrikaanse taal in 'n suiwer vorm te ontwikkel en (iii) om 'n Afrikaanse nasionaliteitsgevoel aan te kweek (Kapp, 2009:14). Die *Afrikaanse Taalgenootskap* gaan in 1906 oor tot die stigting van *Die Afrikaanse Taalvereniging* met dieselfde doelstellings, onder leiding van D.F. Malan [voormalige predikant en later eerste minister], en die digters D.F. Malherbe, D.F. du Toit en A.L. Perold. In 1908 lewer Malan op Stellenbosch 'n toespraak met die tema "*Het is ons ernst*", weer eens 'n pleidooi

vir Afrikaans (Kannemeyer, 1976:19; Kapp, 2009:14; Dekker, 1960:44-48). In 1909 word *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* gestig met as doel "de handhaving en bevordering van de Hollandse taal en letteren, en van de Zuid-Afrikaanse geschiedenis, oudheidkunde en kunst" (Kapp, 2009:5). Onder *Hollands* word verstaan: "de beide taalvormen gebruikelijk in Zuid-Afrika" (Kapp, 2009:5-6). Hertzog, in sy tweestroombeleid in 'n fokus op Afrikanerbelange, het beklemtoon dat gelyke taalregte die sleutel tot volwaardige gelykheid tussen Afrikaners en Engelssprekendes was. In 1912 is die wet op die gelykheid van Afrikaans en Engels in die staatsdiens aanvaar (Giliomee, 2003:376-379; 397; Kapp, 2009:20-21; 28).

Afrikaanse dagblaai wat die politieke tweestryd in Afrikanergeleedere weerspieël het, het soos paddastoele ontstaan: *De Volkstem*, *Die vriend* en *Ons land* was spreekbuis vir die regerende SAP, terwyl *Ons Vaderland* (1915-1932) in Pretoria en *Die Burger* (1915) in Kaapstad die NP ondersteun het. Tydskrifte soos *Die Brandwag* (1910) in Pretoria en *Die Huisgenoot* (1916) in Kaapstad het verskyn om in die behoefte van goeie en opbouende lektuur in Afrikaans te voorsien en het werke van die belangrikste skrywers soos C.J. Langenhoven (Neelsie), J.F.E. Celliers, D.F. Malherbe, Eugene Marais en C. Louis Leipoldt gepubliseer (Dekker, 1960:40; Kapp, 2009:53-59; 72-73; Giliomee, 2003:368, 374). Afrikaanse uitgewers soos *Van Schaik* en *Nasionale Pers* is onderskeidelik in 1914 in Pretoria en 1916 in Kaapstad gestig (Worden, 1994:89; Grobler, 2007:146-147; 356-359; Kapp, 2009:25-26;11-118).

Wat Afrikaans as onderrigtaal in skole betref, het Langenhoven in 1914 'n mosie by die Kaapse provinsiale raad ingedien dat Afrikaans tot standerd 4 [die hedendaagse graad 6] ingevoer moes word. Hierdie mosie is eenparig aanvaar en in 1915 is Afrikaans in skole in die Transvaal en die Vrystaat ingevoer. Vanaf 1917 is Afrikaans in al hoe meer skole ingevoer en teen 1925 is alle onderrig vir Afrikaanstalige kinders deur middel van hul moedertaal aangebied (Grobler, 2007:202-203). In 1918 is Afrikaans tot universiteitsvlak verhef aan die Grey Kollege in Bloemfontein met die digter D.F. Malherbe as hoogleraar in Afrikaans (Kapp, 2009:53; Giliomee, 2003:378-379). In 1923 is besluit om die Bybel uit die

grondteks in Afrikaans te vertaal met J.D. du Toit [Totius] en J.D. Kestell [algemeen bekend as "Vadertjie Kestell"] as eindvertalers en, soos aangedui, het die eerste uitgawe van die volledige Afrikaanse Bybelvertaling in 1933 verskyn (Dekker, 1960:12-13; Giliomee, 2003:216-217; 429). In 1925 het Afrikaans volle parlementêre regte verkry en is Afrikaans saam met Engels ten volle erken as landstaal van Suid-Afrika. Hiermee was die taalstryd iets van die verlede (Kapp, 2009:53-55; Grobler, 2007:202; Dekker, 1960:40-48). Sover dit die verengelsing van die Kaapkolonie en die wettiging van Engels as die enigste amptelike landstaal betref, merk Giliomee (2004:221) op dat Milner, Britse goewerneur aan die Kaap van 1897-1905, "salig onbewus daarvan [was] dat sy beleid [van aggressiewe verengelsing] die teelaarde vir [Afrikaner-]nasionale sou wees".

Uit bogenoemde oorsig word die volgende duidelik: Die bykans aggressiewe bevordering van Afrikaans in reaksie op imperiale onderdrukking het daartoe gelei dat (i) Afrikaners Afrikaans as spreektaal vir hulself toegeëien het; (ii) Afrikaans geleidelik in die twintigste eeu die plek van Engels as die taal van die metropool ingeneem het en sodoende taal as 'n magstruktuur van die Britse metropool ondermyn het. Afrikaans het met ander woorde die magsposisie van Engels in die openbare lewe oorgeneem deur dit in 'n sekere sin na te boots – as die eksklusiewe medium van kommunikasie. (iii) Sodoende het Afrikaans [soos Engels in die koloniale periode] toenemend die norm geword en ander tale is as die afwyking en gevolglik onsuiver beskou.

Hierdeur is die saad gesaai vir Afrikaans as taal van die onderdrukker. Tydens die apartheidsera is Afrikaans via onderwys afgedwing op alle rasgroepe. Afrikatale is gewoon as onmondig geag wat daarop neergekom het dat Afrikatale sogenaamd nie oor die woordeskat beskik het om "hoë" funksies soos hof- of akademiese taal te verrig nie, en ook nie in staat is om die taal vir die staatsadministrasie te wees nie; met die gevolg dat Afrikaans tydens en na apartheid as die taal van die onderdrukker gedefinieer is. Dit is dié proses wat Fanon (1986:31;) beskryf as hy redeneer dat vir die gekoloniseerde om die taal van die metropool te praat, impliseer die aanvaarding van die mag en kultuur waarin die taal gebed is.

Teen hierdie agtergrond gaan ek nou oor tot die bespreking van die drie ingrypende gebeurtenisse in die twintigste eeu wat 'n bepalende invloed op die land uitgeoefen het, gekoppel aan drie datums. Die eerste gebeurtenis neem die ABO as middelpunt ten einde 'n rekonstruksie te maak van Afrikanergeskiedenis tot 1948/1960 om te illustreer hoe hierdie tydperk beskou kan word as 'n poging om die trauma van die ABO in Afrikanergeledere te verwerk.

### **3.3 31 Mei 1902**

31 Mei 1902 kenmerk die datum toe die Afrikaners hulle vryheidstryd teen Britse imperiale en koloniale oorheersing verloor het. Op hierdie dag is die Vredesverdrag van Vereeniging tussen die Boererepublieke en die Britse Koloniale Ryk onderteken (Thompson, 2006:140; Giliomee, 2003:260-263). Die twee onafhanklike republieke, die ZAR en Oranje-Vrystaat, het die ABO teen die Britse Ryk verloor. Die twee voormalige kolonies, die Kaapprovinsie en Natal, is uiteindelik saam met die twee voormalige Boererepublieke ingelyf as vier provinsies in die *Unie van Suid-Afrika* in 1910 as 'n verenigde kolonie van die Britse Ryk (Worden, 1994:32; Giliomee, 2003:171-175, 235)<sup>32</sup>.

Die Afrikaners het veel groter verliese as net hulle vryheid gely. Afgesien van lewensverliese op die slagveld, is vroue en kinders van vegtende Boere in Britse konsentrasiekampe gedwing en die sterftesyfer was hoog. Dit is in hierdie verband wat Sir Henry Campbell-Bannerman (1836-1908), leier van die Liberale opposisieparty in Brittanje gesê het: "When is a war not a war? ... When it is carried on by methods of barbarism in South Africa" (*in Spies, 2001:1*). Die verwysing het betrekking gehad op die konsentrasiekampe en die afbrand van plase en plaashuise, genoem die *verskroeide-aardebeleid*. Onder aanvoering van Lord Horatio Herbert Kitchener (1850-1916) het Afrikaners ingrypende ekonomiese verliese gelei (Kapp, 2002:273-281; Pretorius, 1999:404-411). In die proses is ongeveer 30 000 plaashuise en meer as 40 dorpies vernietig wat die twee republieke bykans in 'n woesteny verander het (Gundlingh, 2007:196; Worden, 1994:29). Die rede vir dié beleid was dat Kitchener wou verhinder dat

---

<sup>32</sup> Na 1994 is die vier provinsies, met die oog op die desentralisering van mag, vermeerder tot elf.

Boerevegters by hulle plaashuise aangaan om kos- en wapenvoorrade aan te vul, aangesien die Boere in die tweede helfte van die ABO 'n guerillastyloorlogvoering<sup>33</sup> toegepas het vanweë die groot afstande en gebiede waar die oorlog gevoer is (Spies, 2001:188-191; 269). In die uitvoering van die beleid van verskroeiende aarde is Boerevroue, -kinders en plaaswerkers, "higgeldy-piggeldy", om Lord Milner se woorde te gebruik, gevange geneem en in konsentrasiekampe gehuisves (Spies, 2001:203-206; 235-236; 241-244; 254-255; 284-285). Giliomee (2003:191) wys daarop dat van die swart mense van wapens voorsien is en as *agterryers*, boodskappers en verkenners deelgeneem het aan die kant van óf die Boere óf die Britte. Na raming is sowat 14 000 swart mans, vroue en kinders<sup>34</sup> tydens die ABO dood in Britse konsentrasiekampe (vgl. Pretorius, 2001:45; Thompson, 2006:140; Warwick, 1983:4-5; Ngubane, 2000).

Hierdie beleid het op 18 Februarie 1901 onder skerp kritiek in die Britse Parlement deurgeloopt. Parlements lid David Lloyd George het die Britse regering daarvan beskuldig dat dit inderwaarheid 'n uitwissingsbeleid [*a policy of extermination*], gemik teen vroue en kinders volg. Hy het uit 'n brief van 'n Britse offisier aangehaal:

... British troops moved from valley to valley, lifting cattle and sheep, burning and looting, and turning out women and children to weep in despair beside the ruin of their once beautiful homesteads (Pakenham, 1979:539-540; Weber, 1999).

Lloyd-George was genoop om af te sluit met: "It is a war not against men, but against women and children". In die konsentrasiekampe het ontoereikende logistiek, die gevolglike swak dieet, haglike higiëniese toestande en gebrekkige mediese versorging aanleiding gegee tot epidemies van aansteeklike siektes en die dood van ongeveer 27 000 - 32 000 kinders [van min of meer alle rasgroepe] onder die ouderdom van 16 jaar en 5 000 wit vroue. Grundlingh (2007:196) wys

---

<sup>33</sup> Die Boere het in klein kommando's geveg, treinspore gesaboteer, voorrade onderskep, gevegte uitgelok, gevlug en Britse infrastruktuur en kommunikasielyne gesaboteer (vgl. Giliomee, 2004:209).

<sup>34</sup> Vanweë swak administrasie en gebrekkige rekordhouding van die Britse regering en ook die feit dat swart mense as onbelangrik geag is, is daar groot meningsverskil wat betref sterftegetalle tydens die ABO (Pretorius, 2001; Siebrits, 2007:27).

op skokkende statistieke: die sterftesyfer in die konsentrasiekampe was veel hoër as die sterftesyfer van die Boere op die slagveld (Pretorius, 2001:45; Worden, 1994:29; Giliomee, 2003:256). Boerekrygers is gevange geneem en na interneringskampe gestuur op eilande soos Ceylon [Sri Lanka vandag], Bermuda [in die Karibiese See], St. Helena [in die Atlantiese Oseaan], en na Indië in die Ooste (Thompson, 2006:139). Uiteindelik moes die Boere die knie buig voor die Britse getalleoormag (Thompson, 2006:140).<sup>35</sup> Die belang en gevolge van die ABO word soos volg deur Weber (1999) opgesom:

The Anglo-Boer War of 1899-1902 was more than the first major military clash of the 20th century. ... the might of the globe-girdling British Empire, backed by international finance, against a small pioneering nation of independent-minded farmers, ranchers and merchants in Southern Africa who lived by the Bible and the rifle, its legacy continues to resonate today. The Boers' recourse to irregular warfare, and Britain's response in herding a hundred thousand women and children into concentration camps foreshadowed the horrors of guerrilla warfare and mass detention of innocents that have become emblematic of the 20th century.

Die Afrikaners het die ABO ook op 'n ander wyse "verloor": spanning, agterdog en verwydering het mettertyd ontwikkel as gevolg van die *Bittereinders* [wat nie wou ophou veg nie], die *hendsoppers* [wat hulle wapens neergelê het en na hulle tuistes teruggekeer het tydens die oorlog] en die *joiners* [veral uit die Boererepublieke, wat met die Britse gevegsmagte saamgewerk het nadat hulle individueel tydens die oorlog hulle wapens neergelê het]. Hulle is as verraaiers gebrandmerk (Pretorius, 2001:21-55; Spies, 2001:221-233; Worden, 1994:89). Die Afrikaners was moreel en finansiële verpletter (Worden, 1994:25-31, 89; Spies, 2001:310-312), maar was nogtans, volgens Kapp (2009), meer as ooit in die geskiedenis, saamgesnoer onder 'n nasionalistiese sambreel:

Dit is ironies dat dit die Britse optrede was wat vir die eerste keer in die tweehonderd-en-vyftigjarige bestaan van Suid-Afrika onder Afrikaners 'n sekere vorm van eenheid geskep het. ... Hulle [die Afrikaners] moes die geleentheid gebruik om 'n nuwe Suid-Afrika te skep waarin hulle nie die

---

<sup>35</sup> Die burgers het nie kampe vir krygsgevangenes gehad nie. Hulle het die krygsgevangenes vrygelaat wat weer by die Britse magte aangesluit en verder teen hulle geveg het (vgl. Spies, 2001:223).

verowerdes en vernederdes sou wees wat na die kantlyn geskuif word nie, maar volwaardige vennote (Kapp, 2009:6).

Alhoewel Weber (1999) die verskroeiende-aardebeleid en konsentrasiekampe as 'n vergrype teen die mensdom tipeer,<sup>36</sup> dui verskillende interpretasies en beskouinge ten opsigte van konvensies en argumente daarop dat heelwat mense die Britse regering en sy monargie daarvoor verkwalik dat hulle nie regstreeks aan wit of swart Suid-Afrikaners verskoning vir hul vergrype gebied het nie. Antjie Krog (geb. 1952), bekroonde Afrikaanse digter, wys volgens haar interpretasie daarop dat die volgehoue weiering vanaf die kant van die Britte om om vergifenis te vra, moontlik 'n bydraende faktor tot apartheid was en hoe die Afrikaners die land regeer het (Krog, 1994:7), terwyl Rosenberg tereg ten opsigte van laat twintigste-eeuse samelewings opmerk dat:

If ... the victims in a society do not feel that their suffering has been acknowledged, then they are not ready to put the past behind them. If they know that horrible crimes carried out in secret [of, so moet hier bygevoeg word, verswyg deur amptelike instansies] will always remain buried, ... then they are not ready for reconciliation (Rosenberg, *in* Boraine & Levy, 1994:67).

Hierteenoor was heelwat oorlogskommentatore van mening dat Kitchener en Frederick Sleigh Roberts, hoofaanvoerder van die Britse troepe, as oorlogsmisdadigers verklaar moes word (Nasson, 2000:157; Weber, 1999). Die enigste persoon wat wel direk verskoning gevra het [by 'n sinode van die Kaapse NGK in 1904], was Emily Hobhouse, 'n Britse vrywillige welsynswerkster wat gereeld die toestande van die konsentrasiekampe onder die Britse regering se aandag gebring het:

In the presence of these representatives here gathered from the whole Colony ... [I]n their name and my own I crave your forgiveness. No adequate reparation can we make ... 'Forgive and forget' is the constant refrain of thoughtless writers in the Official Press. Forget you never can. These things are laid by as sacred memories in your hearts. But – I ask it of you here and now – Forgive us if you can (Hobhouse, 1984:319-320).

---

<sup>36</sup> Weber veroordeel dit m.a.w. in terme van die internasionale verdrag teen genosied, naamlik die *Convention on the Prevention and Punishment of the Crime of Genocide* van 1948 (GA Res 260 (III); 78 UNTS 277 ([www.preventgenocide.org/law/convention/text.htm](http://www.preventgenocide.org/law/convention/text.htm)) [2010-08-30]).

Binne die konteks van Suid-Afrika se rassekonflik en -sensitiwiteit, is die feit dat die ABO nie in die eerste plek 'n oorlog tussen wit en swart was nie, van belang. Swart mense was meer sydelings by hierdie oorlog betrokke, soos wat Nasson (2002:815) dit stel:

[t]he war was also a peculiar one for dominant white society, involving the disagreeable spectacle of "white on white" violence in the midst of a curious black majority.

Daar bestaan voldoende redes om te sê dat die rol wat wit Afrikaners tydens die twintigste eeu in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het, nie ten volle verstaan kan word sonder kennis van die ABO nie: (i) die ABO was een van die eerste vryheidsoorloë op die Afrikakontinent gedurende koloniale bewind teen Britse oorheersing, en (ii) insig in die effek van die ABO op die kollektiewe of gedeelde herinneringe<sup>37</sup> van die Afrikaners, dra by tot 'n begrip van die magsdryfvere agter die latere allesoorheersende Afrikanernasionalisme en -identiteit (Pretorius, 1999:408; Kapp, 2002:276). Nasson som die belang van die gebeure soos volg op:

There can be little doubt that in the national construction of South African historical memory across the past century it is the war of 1899-1902 which has counted far more than any other conflict (Nasson, 2000:149).

Die Uniegrondwet wat deur die Nasionale Konvensie opgestel is, is in 1909 deur die Britse parlement as die Suid-Afrikawet aanvaar waarop die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom het (Thompson, 2006:149; Arnold, 2005:329-330). Die uniale regering is op 'n Britse staatsmodel geskoei en het behels dat die Britse monarg die staatshoof was en deur 'n goewerneur-generaal in die land verteenwoordig is. Die parlement het uit 'n senaat en 'n volksraad bestaan en die kabinet uit die eerste minister, wat die regeringshoof was, en ander ministers. Die parlement het die wette gemaak en die kabinet het volgens die wette regeer. Howe het toegesien dat wette toegepas word (vgl. Thompson,

---

<sup>37</sup> Vgl. Halbwachs, 1980, Ricoeur, 2000, 2006, soos reeds beredeneer in die vorige Hoofstuk met betrekking tot kollektiewe en gedeelde herinneringe.



2006:146-147). Binnelands het selfbestuur gegeld, maar buitelandse sake was onderhewig aan die goedkeuring van die Britse parlement.

Soos aangedui, was die eerste regeringshoof na Uniewording in 1910 Botha – en na hom – Smuts. Albei het 'n "eenstroombeleid" van versoening tussen Boer en Brit gevolg (Worden, 1994:73). Gevolglik het baie Engelssprekendes by die regerende SAP aangesluit (Giliomee, 2003:395). Soos aangetoon, het die NP eers in 1924 in koalisie met die Arbeidersparty aan bewind gekom (Thompson, 2006:155; Welsh & Spence, 2007:282). Gedurende Hertzog<sup>38</sup> se bewindstydperk het Suid-Afrika 'n eie nasionale vlag en vroue in 1930 stemreg gekry (Worden, 1994:90). In 1931 is die Statuut van Westminster aanvaar waarvolgens Suid-Afrika, soos Nieu-Seeland, Australië en Kanada, se onafhanklike status wetlik erken is en het Suid-Afrika lid van die Britse Statebond geword (Giliomee, 2003:398; Thompson, 2006:156).

Sedert 1910 is daadwerklike pogings aangewend om Afrikanereenheid te bevorder (Jacobs, 2006:113) deur onder andere die vestiging van Afrikaanse uitgewers, dagblaaie en tydskrifte. Afrikanerkapitaal is hiervoor gebruik. Worden (1994:89) stel dat die publikasies doelbewus gemik was op (i) die ontwikkeling van 'n Afrikaner-etniese identiteit te midde van industrialisasie en klasseverdeling; (ii) die bevordering van Afrikaans, asook (iii) die bewusmaking van die gemeenskaplike geskiedkundige erfenis van alle [wit] Afrikaners. Afrikanerkultuur, -eenheid en die beoefening van wetenskap is deur die stigting van die *Afrikanerbroederbond* (AB) (1918) en die *Federasie van Afrikaanse kultuurverenigings* (FAK) (1929) bevorder. Daarby het die drie Afrikaanse kerke en Afrikaanse kulturbewegings sterk invloed uitgeoefen om 'n *Christelik-nasionale onderwyswet* (CNO-wet), gebaseer op Calvinistiese waardes te verkry. Dit het uiteindelik met die Onderwyswet wat in 1967 ingestel is, gerealiseer. In die 1967-Onderwyswet is volkseenheid beklemtoon te midde van die politieke verdeeld-

---

<sup>38</sup> Om die drade bymekaar te hou: Hertzog het Eerste Minister geword in 1924 toe die NP saam met die AP 'n koalisie gevorm het. In 1939 het hy weggebreek uit die VP [wat, soos aangedui, 'n samesmelting tussen die NP en die SAP was] en die *Herenigde Nasionale Party* (HNP) gestig (Giliomee, 2003:439-440).

heid onder Afrikaners (Worden, 1994:89, 90; Kapp, 2009; Delmont, 2001:6). Die stigting van groot versekeringsmaatskappye met Afrikanerkapitaal, soos *Santam* en *Sanlam* (1918) het gevolg. Die oprigting van *Volkskasbank* (1938) deur lede van die AB en die *Reddingsdaadbond* (1939) het Afrikaners na die wêreldwye ekonomiese resessie as gevolg van die ineenstorting van die aandelemark in 1929 en gevolglike *armblankevraagstuk*, ekonomies op die been gebring en hul ekonomiese posisie verstewig (Worden, 1994:89-91; Grobler, 2007:150).

Die genoemde samesmelting van die SAP en die NP in 1933 was vir die radikale nasionaliste wat deur Malan gelei is, verraad en – soos reeds aangedui – was 'n skeuring in Afrikanergeledere onvermydelik. Heelwat Afrikaners het Malan gevolg en aangesluit by die GNP in 1934 (Thompson, 2006:157; Worden, 1994:91-92). Sy beleid was 'n radikale weergawe van Afrikanernasionalisme en -identiteit. Reeds in sy 1915-afskeidspreek as NGK-predikant het hy as prioriteit gestel, "die verheerliking van God in ons nasionale lewe" (Malan, 1964:11). Welsh en Spence (2007:282, 284) praat van Malan se beleid as 'n klassieke manifestasie van "etniese oortreffing". Hiermee bedoel die outeurs dat Malan, in sy beskouing dat die Afrikanervolk "suiwer" is, "'n wonderwerk van God was" (vgl. Malan, 1964:236).

Dit was veral die eeufeesvieringe van die Groot Trek (1938) wat bygedra het tot 'n Afrikanereenheidsgevoel, -waardes en -oortuigings, en 'n versterking van Malan se radikale Christelike nasionalisme (Worden, 1994:91).<sup>39</sup> Die vieringe het onder leiding van die AB plaasgevind (Thompson, 2006:157). Die Voortrekkermonument<sup>40</sup> met Gerard Moerdijk (1890-1958) as argitek, is ter herinnering aan die Groot Trek en die Slag van Bloedrivier, opgerig op die koppie, later bekend as Voortrekkerhoogte, en Afrikaners landswyd het saamgetrek om die hoeksteenlegging [op 16 Desember 1938] en die inwyding [op 16 Desember

---

<sup>39</sup> Vgl. Connerton, 2007:37 in Hoofstuk Twee se argumente oor rituele en feesvieringe as 'n raamwerk waarbinne 'n nasie se kollektiewe herinneringe gelokaliseer word.

<sup>40</sup> Die Voortrekkermonument is gebaseer op die *Völkerschlachtdenkmal* (voltooi in 1913) in Leipzig, Duitsland, wat die sogenaamde Volkere-Slag by Leipzig (1813) herdenk (vgl. Marschall, 2010:165). Daar is in 1937 begin met die bou van die Voortrekkermonument, maar dit is eers in 1947 voltooi a.g.v. die tussenkoms van die Tweede Wêreldoorlog.

1949] by te woon. Die monument is so ontwerp dat sonlig deur 'n opening in die koepel elke jaar op 16 Desember om 12:00 op die senotaaf [wat ook die "simboliese graf" is van alle vermoorde Voortrekkers] val waarop ingegraveer is, "Ons vir jou, Suid-Afrika", wat die betekenis het om alle Afrikaners tot offers vir die vader-/moederland te verbind. Die oproep wat uitsluitlik tot wit Afrikaners gerig is, is 'n bevestiging van die Afrikaners se oortuiging van hul uitverkorenheid as enigste ligdraers van God se Woord in Afrika (vgl. Grundlingh, 2001:96; Coombes, 2003:26, 28). Die 27 reliëfpanele wat die stryd uitbeeld tussen die Voortrekkers en die Zoeloes, dui daarop dat Afrikaners oortuig was dat hulle die land regverdig bekom en daarom besit het, aangesien hulle – nadat onderhandelings met Dingane tydens Bloedrivier skeefgeloop het – vir die land met hulle bloed betaal het (vgl. Coombes, 2003:28). Coombes (2003:19, 22; Marschall, 2010:167) stel dat monumente van so 'n enorme skaal nog altyd in die geskiedenis geassosieer is met totalitêre regimes. Afgesien van die enorme skaal van die monument, word die Afrikaners se eiendomsreg en hegemoniese meerderwaardigheid bevestig deur die ligging daarvan op 'n koppie wat 'n totale uitsig oor Pretoria, die administratiewe hoofstad van die Afrikaners.

Dit was veral tydens die 1938-fees – wat op verskeie plekke in die land plaasgevind het – dat die geskiedenis van die mitiese weergawe van die historiese narratief oor die Groot Trek verkondig is. Die Voortrekkers is as helde voorgelou, ernstige gelowiges wat beginselvas is en bereid was om hul lewens op te offer vir die "saak van die Afrikaners", Afrikanereenheid en rasse-suiwerheid:

Ons veg met alles wat in ons is want ons weet ons is 'n nasie in wording. ...  
Ons weet ons is nog maar fondamentlêers net soos die helde van Bloedrivier was ... Daarom bou ons op die enigste rots van nasies, nl. die geloof en dieselfde reddende Hand wat Bloedrivier aan ons voorvaders besorg het ... (Verwoerd, 1963:193).

Staatname soos Voortrekkerstraat, Eeufesstraat en Monumentstraat het landswyd verskyn en 'n gees van patriotisme, optimisme en 'n eenheidsgevoel het geheers (Giliomee, 2003:432; Thompson, 2006:157-158). Afrikaners was meegesleur deur hul historiese narratiewe van die Groot Trek en die GNP het

toenemend steun gewen. Tydens die eeufesvieringe is klem gelê op die oorwinning van die Afrikaners oor die trauma van imperiale onderdrukking en die daaropvolgende diaspora.

Die Voortrekkereeufes van 1938 was dus 'n doelbewuste poging om die Afrikanervolk se Christelike nasionalisme en -identiteit te versterk en om diverse klasbelange onder Afrikaners te verenig (Worden, 1994:3 en Du Toit, 1983:952). Hierdie eeufesvierings is 'n bevestiging van Marschall (2005) se teorie dat gemeenskaplike ervarings en geselekteerde kollektiewe herinneringe wat geritualiseer en tot instellings verhef word, nasionalisme bevorder. Sulke rituele dra by tot die skepping van 'n groepsidentiteit en vorm 'n brug tussen die verlede, hede en toekoms. Deur sulke geïnstusionaliseerde herdenkings [soos die eeufes in 1938] is seker gemaak dat geselekteerde kollektiewe herinneringe in die kulturele herinneringe gebed word (vgl. Marschall, 2005; Sontag, 2003:76-77; Connerton, 2007:5; Leoussi & Grosby, 2007:8).

Hierdie gebeure moet voorts geles word in die lig van Conversi (2007:22) en Marschall (2005) se opmerking betreffende die belangrike rol wat nasionale simbole soos monumente en standbeelde speel in die skep van verbeelde, homogene nasies. Marschall (2004:36) wys daarop dat monumente [soos die Voortrekker-, Taal- en Vrouemonument] se betekenis en belang daarin geleë is om 'n bepaalde boodskap aan 'n groot, anonieme en dikwels [vermeende] homogene gehoor oor te dra.<sup>41</sup>

Bykomend was kunstenaars soos byvoorbeeld die skilder J.H. Pierneef en beeldhouer Anton van Wouw deur die FAK as Meesters beskou en so aan die publiek voorgehou. Terwyl Van Wouw geloof is vir sy sensitiewe en realistiese beeldhoukuns wat 'n historiese perspektief op die Afrikaner, Afrikanerleiers en ander bevolkingsgroepe via sy beeldhouwerke gedurende sy tyd weergee, verteenwoordig Pierneef se landskappe die Afrikaner se aanspraak op besitreg van

---

<sup>41</sup> Sy vergelyk die rol van monumente en standbeelde met die advertensiewese en die massamedia [vgl. Conversi (2007:24) se verwysing na *homo videns*].

die land (vgl. Loedolff & Basson, 1997:4-7; Duffy, 2008; Berman, 1993:51; Berman, 1983:106; Marschall, 2010:153-154).

Alhoewel die GNP in 1943 die verkiesing verloor het, was die tafel gedek vir 'n oorwinning in 1948 (Welsh & Spence, 2007:282; Thompson, 2006:157; Worden, 1994:91-92). Dié verkiesing het gefokus op Afrikanereenheid deur die aanhitsing van kollektiewe Afrikanervrees ten opsigte van die VP se opheffing van die segregasiebeleid (vgl. Welsh & Spence, 2007:283). Soos Conversi (2007:20) uitwys, het die klem vir die "uitverkore volk" se leier nie geval op God nie, maar op die "heilige verkiesing", die volk en nasionalisme. In sy 1943-toespraak waarsku Malan teen "die gevaar van binne [die 'verloopte' Afrikaners]", as

"...dié van uiteenlopende rigtings wat besig is om binnekant ons eie geleedere te ontwikkel en wat die grond vir nuwe verbroekeling voorberei. Die party is die moeder, maar as gevolg van allerlei dwaalbegrippe is hulle [Afrikaners wat vir die VP stem] nou bereid om moedermoord te pleeg ... Ons is geen partypolitieke organisasie in die gewone sin van die woord nie. Ons is baie meer as dit. As die Herenigde Nasionale Party<sup>42</sup> of Volksparty beliggzaam ons twee grondgedagtes ... Die een is die Nasionale idee en die ander is die idee van ons herestelde Afrikaner-volkseenheid (Malan, 1964:37-38, 39).

Na die 1948-oorwinning is op ekstreme wyse uiting gegee aan die versekering van wit hegemonie in Suid-Afrika. Apartheid het sy beslag gekry in die 1947-Sauerkommissie se verslag wat 'n sistematiese program van sogenaamde "sosiale hervorming" voorgestel het en deur Malan as 'n troefkaart in die 1948-verkiesing gebruik is (Giliomee, 2003:287, 469, 477-478):

The Sauer report of 1947, commissioned by the NP, recommended a strict Christian-National education for blacks according to their ethnic nature, aptitude and background that would make it possible "to cultivate Bantu-worthy [sic] citizens" ... (Giliomee, 2003:469).

Afrikaners se Christelike nasionalisme en identiteit was gevestig.

---

<sup>42</sup> Soos in voetnoot 38 verduidelik, het Hertzog in 1939 uit die VP weggebreek en die *Herenigde Nasionale Party* (HNP) gestig (Giliomee, 2003:439-440). Tydens die Eeufees het die AB gepoog om Afrikaners in die GNP en die HNP te versoen. Dit was onsuksesvol. Na Hertzog se uitrede, het die partye saamgesmelt onder die HNP wat later terugverander is na die NP. Die NP het in 1948 die regerende party geword wat vir byna vyftig jaar die politieke toneel oorheers het (Worden, 1994:87, 90).

### 3.4 31 Mei 1961

Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n republiek geword onder leiding van Verwoerd en die NP, en het die land die Britse Statebond verlaat. Dit het 'n einde gebring aan Britse kolonialisme in die land. Wat Verwoerd se invloed betref, stel Welsh en Spence (2007:284) dat "[n]o previous leader had ever exerted such total control of Afrikanerdom" (Arnold, 2005:341). Die voormalige eerste minister van Brittanje, Harold MacMillan, het in 1961 gestel dat apartheid vir Verwoerd nie net 'n politieke filosofie was nie, maar 'n godsdiens:

He [Verwoerd] had all the force of argument of some of the great Calvinist leaders of our Scottish kirk. He was certainly as convinced as John Knox himself that he alone could be right, and that there was no question or argument but merely a statement of his will ... (*in* Horne, 1989:194; vgl. Arnold, 2005:333).

Na 1948 lyk dit asof die NP hoofsaaklik twee vyande geïdentifiseer het wat hulle vryheid en onafhanklikheid sou bedreig: Britse kolonialisme en die getalleoormag van die swart bevolkingsgroepe. Na republiekwording het vrees gekulmineer in *die swart gevaar* en *die rooi gevaar* [kommunisme], feitlik parallel met die onafhanklikwording van die meerderheid voormalige swart kolonies in Afrika en die indringing van kommunistiese invloed van sowel Rusland as Sjina in Afrika (Arnold, 2005:331,726; Dubow, 2006:258). Dit is veral in die 1980s wat die NP onder leierskap van P.W. Botha, gedurende sy bewindstydperk vanaf 1979-1989, die *totale strategie* gepropageer het om die *totale aanslag* van die gekombineerde swart en rooi gevare die hoof te bied (vgl. Arnold, 2005:331,726; Dubow, 2006:258; Slabbert, 1999:17, 24, 110; Visser, 2007:308-310). Volgens Arnold (2005:726) was die rede vir die *totale aanslag* nie soseer geleë in Afrikaner-arrogansie nie, maar in vrees. Horkheimer en Adorno (1989:16) bied insigte in hierdie tipe vrees vir die onbekende wanneer hulle stel dat in 'n onvrye samelewing waar sogenaamde ontwikkeling en progressie nagejaag word, word die gevolge wat dit vir die "ander" inhou, eenvoudig geïgnoreer of nietig verklaar. Daarmee word die lyding as gevolg van die sogenaamde ontwikkeling en progressie ondergronds gedryf, en is die maghebbers deurgaans bewus van 'n negatieweiteit waarmee hulle geen raad weet nie. Dit lei daartoe dat die "ander" voort-

durend verdink word van "andersheid" in hulle gedrag wat beheer uitdaag. Die "andersheid" word gevrees en nie van aangesig tot aangesig aangespreek nie. Vreesgedrewe dominasie en die uitbuiting van mag kry momentum deur die kapitalistiese ekonomie.

Die hoeksteen vir apartheid was die Bevolkingsregistrasiewet van 1950 waarvolgens Suid-Afrikaners breedweg in vier rasgroepe op grond van velkleur verdeel en geïdentifiseer is: blankes, kleurlinge, Indiërs [of Asiërs] en swart mense (Arnold, 2005:725-727, 736, 780, 334, 338; Slabbert, 1999: 21, 50-54, 110). Teenoor swart mense wat geen verteenwoordiging in die parlement gehad het nie, is Kaapse Kleurlinge in 1956 hul reg om te stem vir die parlement ontnem<sup>43</sup>. Kleurlinge [na 1994 bruin mense genoem] oor die hele land sou voortaan deur vier blankes verteenwoordig word (Worden, 1994:97). Artikel 5.4.[c] van die wet wat Kleurlinge hulle stemreg ontnem het, stel dat – om as 'n Kleurling geklassifiseer te word – moet die betrokke persoon aan drie kriteria beantwoord: "(i) die persoon moet lyk soos 'n kleurling<sup>44</sup>; (ii) moet deur die gemeenskap aanvaar word as 'n kleurling en (iii) sy of haar ouers moet kleurlinge wees" (Slabbert, 1999:50).

Welsh en Spence (2007:284) wys op twee gapings wat Verwoerd onbewustelik geskep het vir toekomstige Afrikanerskeuring. Die eerste was sy reeds genoemde tuislandbeleid vir swart mense waarvolgens hulle hul eie state binne die land gekry het. Dit het die verregse Afrikanergroepe [bekend as *verkrampes* – vgl. De Klerk, 1991:21-22] vervreem en hulle het gekla oor *sotto voce* – dat die beleids taal van "sagtheid" beskuldig word en daarom word te veel vir die swart mense gedoen. Teenoor die *verkrampes* is die *verligtes* gestel wat meer toegeeflike en kritiese denke ten opsigte van tradisie en rasseverhoudinge gehandhaaf het (vgl. Arnold, 2005:593, 727; Slabbert, 1999:49). Die tweede gaping is geskep deurdat

---

<sup>43</sup> Stemreg vir die bruin mense [toe kleurlinge genoem] was 'n oorblyfsel van die negentiende-eeuse wetgewing in die Kaapse parlement wat geabsorbeer is in die wetgewing wat die Uniewording in 1910 moontlik gemaak het.

<sup>44</sup> Wat die uiters belaglike sogenaamde "potloodtoets" ingesluit het – 'n pen of 'n potlood is in die persoon se hare gedruk. Indien die potlood vasgehaak het, was die persoon nie as wit gereken nie.

Verwoerd – ten einde die VP se steun te verminder – teen NP-tradisie in, twee Engelssprekendes in sy 1961-kabinet opgeneem het. Meer Engelssprekendes het daarna vir die NP gestem, maar hulle belange moes ook gedien word en Verwoerd kon nie langer die "Afrikanertrom" slaan nie (Welsh & Spence, 2007:284-285). Hy het die probleem soos volg omseil:

Ons wat die onderdrukking van ons taal ervaar het en weet watter weerstand so iets uitlok, sal die laaste wees om 'n ander man sy taal nie te gun nie ... Ons sou 'n arm volk word en ons sou die republiek leeg en hol aan beide kante van die taalgrens binnegaan as dit nie vir ons moontlik is om voort te bou met behulp van ons eie tale, ons eie instellings en ons eie volksfeeste nie" (Verwoerd, 1963:xxii,xxiii).

Die eerste groep Afikanerverkrampptes wat die NP teengestaan het, was die Herstigte Nasionale Party (HNP) in 1969. Albert Hertzog is uit die NP geskors en het die HNP [wat na D.F. Malan se oordrewe Afikanernasionalisme teruggegryp het] op die been gebring. Die tweede skeuring in die NP sou eers in 1982 plaasvind toe die *Konserwatiewe Party* (KP) onder leiding van dr. A.P. Treurnicht gestig<sup>45</sup> is (vgl. Welsh & Spence, 2007:283-285; Arnold, 2005:727,593; Giliomee, 2003:557-558).

Gaandeweg, as gevolg van felle kritiek, het Verwoerd die term *apartheid* "versag" deur dit te vervang met *afsonderlike ontwikkeling* wat gepropageer is as *afsonderlik maar gelyk/separate but equal* (De Klerk, 1991:65-66). Gebiedskeiding het in die sestigerjare uitgeloopt op gedwonge verskuiwings, en die skep van reservate [tuislande/swart state]. Die tuislande is nie internasionaal erken nie en was nie lewensvatbaar nie. 'n Poging om grensnywerhede te vestig om die tuislande ekonomies onafhanklik te maak, het misluk. Dit het gelei tot verdere ekonomiese agteruitgang van die tuislande en verbrokkeling van swart gesinne. Die regering het 'n onderskeid getref tussen "stedelike bantoes" en "tuisland bantoes" (Slabbert,

---

<sup>45</sup> Hertzog is deur Adv. B.J. Vorster, wat Verwoerd opgevolg het, geskors. HNP-beleid het besware gehad teen (i) die versagting teenoor Engelssprekendes; (ii) Vorster se ultra-versigtige pogings om sporttoere van gemengde rasse in Suid-Afrika toe te laat, en (iii) die uitruil van diplomate met 'n paar Afrikastate met wie Suid-Afrika 'n verbintenis gehad het. Treurnicht was gekant teen P.W. Botha, wat Vorster in 1978 opgevolg het, se hervormingspogings, onder andere die afskaffing van wette wat *klein apartheid* in stand gehou het uit vrees vir magsverlies wat kon volg [en uiteindelik wel in 1994 gevolg het] (Welsh & Spence, 2007:284-285).



1999:19; Thompson, 2006:188-189; Worden, 1994:96-97). Swartes is as gasarbeiders beskou en kon net grond in die tuislande besit (Thompson, 2006:186-188). Instromingsbeheer is deur die passtelsel gereël om verstedeliking van swart mense teen te werk. Swart mense wat in stede werkzaam was, is in kampongs of hostelle vir mans gehuisves (Giliomee, 2004:513). Groot hoeveelhede Indiërs, bruin en swart mense is ook onderwerp aan gedwonge verskuiwings na nuwe woongebiede (Leggasick, 2007:140-142). So is swart mense uit Sophiatown in 1954 verskuif omdat die gebied vir eksklusief wit bewoning geproklameer en herbenoem is na *Triomf* (Giliomee, 2003:507). Kleurlinge in *Distrik Ses* is op soortgelyke wyse in die 1960s na die Kaapse Vlakte verskuif. Indiërbesighede moes uit die middestad verskuif na gebiede nader aan hul eie woonplekke (Leggasick, 2007:136-137; 140). Hierdie verskuiwings het plaasgevind sonder inagneming van die ontwrigting wat dit vir die inwoners ingehou het ten opsigte van onder andere sosiale netwerke, groter vervoeronekoste vir mense wat reeds onder die armste deel van die bevolking tel en ontwrigting van skoolopleiding vir kinders.

Volgens De Klerk (1991:63-67) is apartheid op *drie pilare* gebou. Die eerste pilaar omskryf hy as *gebiedskeiding op elke vlak van die samelewing*, vanaf afsonderlike state vir elke volksgroep tot rasseskieding van die gemeenskap in woonbuurtes, afsonderlike ingange vir "blankes" en "nie-blankes" by staatsgeboue, openbare toilette vir "blankes" en "nie-blankes", tot afsonderlike en as sodanig gemerkte bankies in parke en by busstoppe (vgl. Arnold, 2005:725; Giliomee, 2004:513-514; Thompson, 2006:190-192). Sodoende is mense se lewens gereguleer deur die woord *afsonderlik*: afsonderlike geriewe, woonbuurtes, strande, skole, universiteite en kerke. (vgl. Thompson, 2006:190; Worden, 1994:95).

Die tweede pilaar is *die wetgewende program*, wat gekulmineer het in 'n verskeidenheid apartheidswette om afsonderlike leefruimtes vir die rasgroepe te verseker, waaronder reservering van sekere kategorieë werk vir blankes, 'n afsonderlike beleid en minder *per capita* befondsing vir swart onderwys, en bogenoemde verskuiwings uit woonbuurte. Huwelike oor die kleurgrens was ook onwettig. Namate druk op die regering uitgeoefen is, is van hierdie wette, bekend

as *petty apartheid* of *klein apartheid*, mettertyd geskrap (vgl. Arnold, 2005:565-566; 596, 724).

Die derde pilaar was die konsep van *rassefederasie* om die gemeenskaplike belange van rasgroepe te hanteer. Na aanleiding van hierdie derde pilaar is in 1983 'n referendum onder alle blanke stemgeregtigdes gehou waar hulle slegs ja of nee moes stem vir die instel van 'n driekamerparlement vir blankes, kleurlinge en Indiërs onderskeidelik (Arnold, 2005:597; Worden, 1994:134). Die NP het die referendum met 'n oorweldigende ja-stemmeerderheid gewen en die beleid is in werking gestel. Elke groep het oor outonomie beskik wat eie sake betref, en gemeenskaplike sake is gesamentlik deur die drie kamers hanteer. Aangesien die blanke parlement oor die grootste aantal lede beskik het, het blankes in beheer gebly. Swart mense is heeltemal oor die hoof gesien. Die amptelike houding van die NP was dat swartes se behoeftes versorg word deur die tuislandstelsel. Die KP, HNP en die PFP was teen die driekamerparlement gekant, die KP en die HNP omdat hulle nie "kleurlinge" en Indiërs in die regering wou hê nie, die PFP omdat swart mense uitgesluit is (Arnold, 2005:597; Slabbert, 1999:23). Dit het voorgekom of bruin mense en Indiërs nou min of meer saam met wit mense 'n postkoloniale era betree het en dat absolute uitsluiting net vir swart mense gegeld het (Arnold, 2005:334-337; Legassick, 2007:144-146). Slabbert (1999:18) som die situasie op deur te stel dat die bestaansreg van die wit parlement daarin geleë was om te werk aan die uitsluiting van swart Suid-Afrikaners uit die regering van die land. Waarop dit neergekom het, is dat hierdie talle wetgewings die belange van [swart en bruin] individue die knie laat buig voor partikuliere [wit] groepsbelange.

Die NP het in die hand gespeel van 'n samelewingsopset wat Adorno (2003c:63) karakteriseer in sy opvatting dat moderne antropologie gereduseer word tot twee kategorieë, naamlik vriend of vyand, terwyl Loomba (2005:16) die opmerking maak dat nasionalisme selde die belange van al die mense van 'n gekoloniseerde land op die hart dra.

Arnold (2005:332) op sy beurt verdeel apartheid in drie periodes of fases: (i) 1948-1961: die vestiging van klassieke of *grand* apartheid, wat eindig met die *Sharpeville*-opstand in 1960 en Suid-Afrika se onttrekking uit die Statebond in 1961; (ii) 1961-1976: die tydperk van groeiende isolasie namate die dele van Afrika noord van Suid-Afrika onafhanklikheid verkry het; (iii) 1976-1994: vanaf die Soweto-onluste, die periode van toenemende stryd om aan apartheid vas te klou tot dit onvermydelik was om met onderhandelinge te begin.

Alvorens onderhandelinge in 1990 begin is, is veral gedurende die 1970s en 1980s deur die afkondiging van noodtoestande gepoog om swart weerstand te onderdruk om – in die woorde van Arnold (2005:330) – te verseker dat Suid-Afrika "a white-man's country" sal bly [op dieselfde wyse as wat die genoemde staking gereël deur die Mynwerkersunie in 1921 geveg het vir 'n wit Suid-Afrika].

Sensuurwetgewing is sedert 1963 versterk en skrywers, sangers en kunstenaars wat apartheid gekritiseer het, se werk is verban. Ook die radio, televisie en pers was onder sensuur, gevolglik was wit mense dikwels in onkunde oor hoe hul swart [en bruin] medeburgers geleeft en apartheid ervaar het (Worden, 1994:96; vgl. Thompson, 2006:284-285). Onderrig in aparte wit skole onder die vaandel van die 1967-Onderwyswet het bepaal dat Christelike nasionale onderwys in alle wit skole beoefen moes word, wat [uiteeraard] 'n nasionalistiese geskiedenis van die land voorgehou het (Worden, 1994:96). Onderwys vir swart kinders, daarenteen, was van 'n aansienlik laer gehalte (Arnold, 2005:334-337; Legassick, 2007:140-141). Interaksie was beperk tot "baas" en "slaaf" omdat wit mense gekondisioneer is om apartheid as normaal te beskou en kritiek teen apartheid afgemaak is as liberalisties en uiteindelik as kommunisties. Afgesonderd, totaal geïsoleer en uitgelewer aan internasionale kritiek het die Afrikaner-NP-regering sigself besig gehou met die beskerming en bevordering van eie groepsbelange. Dit, terwyl daar in Europa toenemend 'n kritiese selfbesinning ná die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het. Hierop antwoord Snyman:

Dit is Suid-Afrika se eie dialektiek van die Verligting, wat die stank van Auschwitz in die wêreld versprei het sonder die gaskamers of die krematoriums van Auschwitz (Snyman, 1985:xi).

Aan die ander kant het swart mense ook toenemend in opstand gekom teen hulle kondisionering as minderwaardig.<sup>46</sup> Vir swart mense was die voortgesette *colonizing [of] the mind* hoe langer hoe meer vernederend. Hulle was slegs beskou as die ontkenning van alles wat blank is. Wat is positief en eie aan hulle? Juis dat hulle velkleur swart is en "Black is beautiful". Dít het momentum gegee aan die bevrydingstryd (vgl. Krog, 2004:58, 90, 93; Bundy, 2007:77-78).

### 3.4.1 Teenspel

Swart weerstand teen wit oorheersing het reeds in die negentiende eeu 'n aanvang geneem. Worden (1994:79-80) wys op die verskeidenheid en fluktuasie in die ontwikkeling van swart politieke bewegings en waarsku daarteen dat swart weerstandsgroepe as homogeen beskou moet word. In 1879 is die *Native Educational Association* gestig en in 1882 die *Imbumba ya Manyama [Union of the black People]* om belange van swart kiesers in die Kaapkolonie op die hart te dra. Spoedig daarna het politieke verskille ontwikkel met John Tengo Jabavu as sleutelfiguur met sy koerant *Imvo Zabantsundu [Native Opinion]*. Besware oor die hoër vereistes wat in 1887 vir stemreg vir swart mans in die Kaapkolonie gestel was [om "nie-blanke" verteenwoordigers sodoende te verminder], het in hierdie koerant verskyn. Jabavu se volgende koerant is in die 1890s uitgegee onder die naam *Izwi Labantu [Voice of the black people]* waarin gestel word dat swart mense die "ware Afrikanerdom" is as teenvoeter vir die *Afrikanerbond* (Worden, 1994:80; Giliomee, 2003:287).

Teen 1908 was daar verskeie swart politieke organisasies in die land (Grobler, 2007:140). Die feit dat swart mense op geen manier betrek is by die onderhandelings oor die konstituering van die Unie van Suid-Afrika nie, het verdere weerstand onder swart mense laat toeneem (Worden, 1994:81; Arnold, 2005:330). Giliomee (2003:194) stel dat Britse nasionalisme die dominante nasionalisme

---

<sup>46</sup> Vgl. in Hoofstuk Twee die opmerkings m.b.t. *colonizing the mind* wat betrekking het op die internalisering van koloniale waardes wat bygedra het tot die ontmagting van gekoloniseerdes.

was waarteen sowel Afrikaners as swart mense gereageer het, terwyl Ferro (1997:13) Britse hegemonie tydens kolonialisme opsom as "Britain's will to dominate". Wat die aanvanklike swart politieke betrokkenheid voor 1910 betref, stel Worden (1994:81) dat dit gekenmerk is deur 'n liberalisme wat die posisie van die swart elite binne die koloniale gemeenskap gereflekteer het, terwyl min kontak met die meer populistiese landelike protesbewegings bestaan het.

Die *South African National Native Congress*, later bekend as die *African National Congress* (ANC) is in 1912 gestig onder leiding van Dr. Pixley ka Izaka Seme te Bloemfontein met die doel om 'n eie nasionale eenheid<sup>47</sup> te vorm om vir swart mense se regte en voorregte te veg (Worden, 1994:81). Die ANC wou bestaande swart organisasies mobiliseer. Verset teen die apartheidsbeleid het veral sedert die 1950s fel toegeneem onder leiding van die ANC, die PAC en die SAKP (Worden, 1994:99 e.v.)<sup>48</sup>. Hierdie organisasies het hulle tot geweld- en terreurdade begin wend (Arnold, 2005:333). In 1953 het die NP-regering swart stakings verbied deur die *Wet op die Onderdrukking van Kommunisme* (Worden, 1994:98). In 1955 is die *Freedom Charter* opgestel en op 26 Junie 1955 te Kliptown naby Johannesburg aanvaar, waarvan die aanhef beklemtoon dat,

... South Africa belongs to all who live in it, black and white, and no government can justly claim authority unless it is based on the will of the people ... the rights of the people shall be the same regardless of race, colour or sex (vgl. Worden, 1994:105-106; Marschall, 2010:64).

Die woorde *The people shall govern* en die genoemde *Black is beautiful* het die slagspreuke vir swart weerstand geword (vgl. Arnold, 2005:332). Kort daarna, in 1956, het swart vroue na die Uniegebou in Pretoria gemarsjeer om te betoog teen die paswette. Die betoging is gereël deur die PAC, 'n vrouekomitee verteenwoordigend van swart vroue-organisasies en die wit, liberale Black Sash-vrouevereniging. Verset teen die paswette het al hoe hewiger geword en het uit-

---

<sup>47</sup> Omdat Afrikanernasionalisme as sentrale uitgangspunt in hierdie studie geneem word, word nie indringend ingegaan op die ontwikkeling en konsep van swart nasionalisme nie. Vir meer inligting hieroor, raadpleeg Worden (1994), Thompson (2006) en Welsh (2010).

<sup>48</sup> Vanweë die ANC se assosiasie met die SAKP [waaraan wit mense ook behoort het], is die PAC gestig wat 'n radikale swart beweging was (Marschall, 2010:43-44).

eindelik uitgeloopt op die opspraakwekkende en tragiese *Sharpeville*-betoging op 21 Maart 1960. Sharpeville is 'n swart woonbuurt buite Vereeniging. 'n Groot groep ongewapende swart mense het by die polisiekantoor vreedzaam betoog teen die paswette. 'n Wit polisieman se vrees het meester van hom geword, en toe hy op die skare begin skiet, het al die polisiemane in die gebou op die skare losgebrand. 69 mense is dood en ongeveer 182 gewond (vgl. Worden, 1994:100-101; Arnold, 2005:50; Marschall, 2010:65).

Die protes teen die paswette en die instel van minimumlone het landswyd uitgekling (Arnold, 2005:333; Steyn, 1998:899; Worden, 1994:105). Die NP-regering het hierna die PAC en die ANC as verbode organisasies verklaar. Honderde mense is in aanhouding sonder verhoor geplaas en wetgewing teen swart opposisie teen apartheid is verskerp. Met die Rivonia-verhoor in 1964 is Nelson Mandela en ander swart leiers van hoogverraad aangekla omdat hulle terreurdade sou gepleeg het teen 'n wettige regering (Arnold, 2005:333-334). Hulle is lewenslange tronkstraf opgelê en is na Robbeneiland, die toenmalige maksimumsekuriteitsgevangenis, gestuur. Die ANC se hoofbestuur het in ballingskap gegaan, en uiteindelik vanuit Londen 'n internasionale veldtog teen apartheid begin loods (Arnold, 2005:333). Swart verzet is ook plaaslik voortgesit deur die skep van geheime strukture wat binnelandse onrus aangeblaas het en in die 1980s tot terreurdade en gewelddadige verzet oorgegaan het onder leiding van die militêre vleuel van die ANC [*Umkonkho we Sizwe* – akroniem MK; *Spies van die Nasie*] en die PAC se *Pogo* [*Blacks only*] (vgl. Thompson, 2006:205, 264-265).

Van 1975 af het spanning begin opbou in Soweto, die groot swart woonbuurt suidwes van Johannesburg, oor Afrikaans [saam met Engels] as onderrigtaal in swart skole (Giliomee, 2003:579). Hierteen het die leerlinge in Soweto op 16 Junie 1976 in opstand gekom (Slabbert, 1999:20,75; Worden, 1994:119-120; Arnold, 2005:564,593 e.v.). Ook hierdie opstande het deur die land versprei. Steve Biko, leier van die *Black Consciousness Movement* [en een van die inspirasiebronne van die skole-opstand] is in 1977 in aanhouding onder verdagte omstandighede dood (vgl. Worden, 1994:117-118; Marschall, 2010:45; Arnold,

2005:597). Na Biko se dood het die destydse Minister van Polisie, Jimmy Kruger, verklaar dat Biko se dood hom koud laat (Giliomee, 2003:580; Arnold, 2005:595). Hierdie woorde het Afrikaners internasionaal verdere groot skade berokken.

Binnelandse terreuraanvalle, soos teen die SASOL-aanleg in Sasolburg in 1980 en die Koebergkernkragsentrale in 1982, het gevolg. In 1983 het 'n motorbom in Kerkstraat, Pretoria, ontplof en negentien mense is dood. Slabbert (1999:75) stel dat tussen die middel-1970s en 1980s het 'n duidelike revolusionêre strategie in die *struggle* begin uitkristaliseer wat later bekend gestaan het as die *National Democratic Revolution*, bestaande uit (i) die gewapende stryd; (ii) internasionale isolasie [sanksies]; (iii) ondergrondse binnelandse aksie [geweld- en terreurdade] en (iv) binnelandse massamobilisasie [onluste en boikotte]. In 1978 is die radikale *Azania People's Organisation* (AZAPO) gestig (Arnold, 2005:597). Frontorganisasies van die ANC, soos die *United Democratic Front* (UDF), die *Mass Democratic Movement* (MDM), en die *Congress of South African Trade Unions* (COSATU) is in die tagtigerjare gestig, terwyl die *Congress of South African Students* (COSAS) tot stand gekom het direk na die Soweto-opstande (vgl. Worden, 1994:136-137; Arnold, 2005:733-734, 736, 593).

Hierdie organisasies het verdere openlike verset, boikotte en ondermyning van die staatsgesag onder die NP versprei terwyl ANC- en PAC-leiers in ballingskap was (vgl. Slabbert, 1999:33). Die NP het gereageer met die afkondiging van noodtoestande en die verbanning van nog weerstandsorganisasies. 'n Algemene gees en klimaat van agterdog en sameswering het geheers (Slabbert, 1999:76).

Afgesien van binnelandse onrus, moes Suid-Afrika sy grense beveilig teen die sogenaamde "rooi gevaar", naamlik kommunisme. Veral Rusland het bystand verleen aan swart bevrydingsorganisasies soos SWAPO en die ANC. SWAPO se insurgensie-oorlog in die destydse Suidwes-Afrika [tans Namibië] het 'n groot kopseer geword toe Angola in 1975 onafhanklik geword het, en daar onmiddellik 'n burgeroorlog uitbreek het. Kuba het troepe gestuur om die MPLA by te staan, en SWAPO het Kubaanse hulp begin inspan om die noordelike grens van Suidwes-Afrika aan te val (Giliomee, 2003:571-574). Suid-Afrika se teenskuif

was om buurlande te destabiliseer en militêre bystand te verleen aan kleiner opponerende partye in burgeroorloë, soos in 1975 in Angola aan UNITA teen die gekombineerde Kubaanse magte en die MPLA, asook in Mosambiek waar militêre steun aan RENAMO verleen is (vgl. Slabbert, 1999:77; Arnold, 2005:591). Hierdie strategie is gevolg ten spyte van die Nkomativerdrag wat P.W. Botha [staatspresident van Suid-Afrika] met President Samora Machel van Mosambiek in 1984 gesluit het om vreedsame naasbestaan met dié buurland te verseker (Slabbert, 1999:25, 27-28; Arnold, 2005:733). Inligting oor Suid-Afrika se optrede in sy buurlande is van Suid-Afrikaners weerhou, net soos die finansiering van die koerant *The Citizen* in 1978 met staatsgeld om Engelssprekende steun te behou en te werf (vgl. Giliomee, 2003:583; Arnold, 2005:566,599).

Na die instelling van die driekamerparlement in 1983 is verwagtinge in 1985 geskep dat Botha ingrypende hervormings ten opsigte van die land se rassebeleid sou aankondig in sy sogenaamde *Rubicontoespraak*<sup>49</sup>, waarin hy self verwys het na 'n Rubicon wat die regering kwansuis sou oorgesteek het. Dit het nie gebeur nie. Onmiddellik hierna het negatiewe reaksies van die internasionale wêreld intensiewer geword (Arnold, 2005:731; Worden, 1994:135). Die parlement is toenemend kragteloos gemaak deur twee botsende en polariserende politieke tendense: (i) die bevrydingstryd van die ANC en (ii) Botha se groeiende militêre outokrasie om die vermeende *totale aanslag* die hoof te bied (Slabbert, 1999:24). Volgens Dubow (2006:10) was dit sedert die Soweto-opstande, maar in besonder gedurende die 1980s, vir die grootste hoeveelheid blankes en hulle leiers duidelik dat die mag besig was om uit hulle hande te gly. Arnold (2005) stel dit soos volg:

Luckily for South Africa as a whole the whites did begin to see that change would be less painful than holding on to a system that was collapsing about their heads (Arnold, 2005:735).

---

<sup>49</sup> Die *Rubicon* verwys na die rivier in Noord-Italië wat Julius Caesar in 49 v.C. oorgesteek het. Die idiomatiese uitdrukking, *om die Rubicon oor te steek*, beteken dat daar nie enige terugdraaimoontlikheid is nie [*a point of no return*].



### 3.4.2 Afrikaner-"dwarstrekkers"

Die *Struggle* het nie net swart mense ingesluit nie, maar ook wit mense, waaronder 'n beduidende groep Afrikaners. Reeds in die sestigerjare het N.P. van Wyk Louw (1906-1970), een van die groot Afrikaanse digters<sup>50</sup>, die argwaan van Verwoerd op die hals gehaal met die drama, *Die pluimsaad waai ver* (1966) wat Louw in opdrag geskryf het ter herdenking van republiekwording. In hierdie toneelstuk het Louw die verdeeldheid onder Afrikaners tydens die ABO as tema gekies. In sy bundel opstelle van 1939, *Lojale Verset*, verwoerd hy enersyds sy lojaliteit aan die Afrikaner en andersyds sy kritiek op aspekte van Afrikanernasionalisme (vgl. Steyn, 1998:1034-1057; Dunbar Moodie, 2009:183-186). Volgens Steyn was Louw se nasionalisme op taal gegrond, terwyl Verwoerd s'n rasgebaseerd was (Steyn, 1998:907).

Alhoewel die grootste gedeelte Afrikaners steeds vir die NP gestem het, was dit duidelik dat 'n meer kritiese en bevraagtekenende houding teenoor die NP-beleid aan die ontwikkel was. Die verandering was die duidelikste sigbaar onder skrywers, bekend as die *Sestigers*, digters en sommige akademici. Etienne le Roux, Jan Rabie en André P. Brink het nuwe temas in hul romans aangepak, was satiries en by geleentheid openlik uitdagend teenoor die apartheids*establishment*. Hierdie skrywers het kulturele taboes uitgedaag en selfs die spot gedryf met die moralistiese pretensies van die ouer garde. Hulle geskifte, asook die bekroonde Afrikanerdigter, prosaïes, essayis en kunstenaar, Breyten Breytenbach (geb. 1939), is ywerig gelees voor die regering van die werke begin verban het (vgl. Welsh & Spence, 2007:286; Giliomee, 2003:549; 510-611; Arnold, 2005:727; Van Rensburg, 2010:iii).<sup>51</sup> Veral Breytenbach was 'n toegewyde opponent teen apartheid en het Suid-Afrika vir Frankryk verlaat. Hy was die stigterslid

---

<sup>50</sup> N.P. Van Wyk Louw word deur Karel Schoeman (1986:187) beskryf as "Suid-Afrika se grootste digter en een van die min figure van wêreldformaat wat die land nog opgelewer het".

<sup>51</sup> Van Rensburg (2010:iii) wys op 'n belangrike leemte in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis wanneer hy opmerk dat 'n tesis of boek geskryf behoort te word oor die bydrae van skrywers uit die Weskaap se Onrusgroep [verwysend na Onrusrivier, waar Jan Rabie en Marjorie Wallace en talle van hulle vriende in die sestigerjare gebly het], se bydrae tot 'n klimaatsverandering wat uiteindelik tot 'n nuwe bestel in die land gelei het. Van Rensburg verwys na die sestigers as Suid-Afrika se weergawe van die Bloomsburygroep in Brittanje.

van *Okhela*, 'n weerstandsgroep, en is in 1975 weens 'n aanklag van hoogverraad verhoor en tot nege jaar gevangenisstraf gevonniss waarvan hy sewe jaar uitgedien het. Oor sy arrestasie, verhoor en opvolgende tronkstraf doen hy verslag in die werk *The True Confessions of an Albino Terrorist* (1985). Voor in sy bundel *Skryt: om 'n sinkende skip blou te verf* (1972) skryf hy: “Hierdie bundel wil 'n eerbetoon wees aan die volk van Suid-Afrika aan wie 'n burgerskap in hul geboorteland ontsê word”. Die gedig *Die lewe in die grond* uit hierdie bundel (Breytenbach, 1972:22) se eerste strofes lui soos volg:

*welgeluksalig is die kinders van Dimbaza  
van Welcome Valley, Limehill en Stinkwater  
vrek  
van siektes, ondervoeding, armoede –  
want hulle maak die baas se gesigsveld skoon,  
want hulle ontkom aan die hel,  
want hulle ontruim die gebied van die boer  
– die Boer en sy God –  
– die hand van die God –  
want hulle word die lewe bespaar,  
want om swart te lewe is 'n politieke misdaad  
want jy wat swart is lewe  
in die land van die bloed  
en die pas en die smaad en die hond,  
jy besoedel die aarde van die Boer ...*

Toenemend het stemme vanuit literêre kringe opgegaan. In 1976 verskyn byvoorbeeld ook die gedig, *Blindeland – vir die profete* uit Swanepoel [een van die latere redakteurs van *Woord en Daad*, mondstuk van die *Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika* wat algemeen bekend gestaan het as die *stem van Potchefstroom* (teen apartheid)] se bundel *My Rome brand so mooi* (1976:17):

*ons oog ken elke kontras van die land  
hoe bloedrooi  
kerse in die kafferbome brand  
lank voor die aand*

*en in die rukkerige suiderwind  
geel Afrikaners  
steeds plesierig is*

*maar eendag skub die skil nog af  
sien ons die bloureën  
stort in son*

Skrywers en sangers van Afrikaanse liedjies, waaronder Ralph Rabie [Johannes Kerkorrel], Bernoldus Niemandt en André le Roux Du Toit [Koos Kombuis] het eweneens in hul lirieke begin om die spot te dryf met die Afrikanerestablishment. In sy liedjie *Sit dit Af!* druk Kerkorrel onder begeleiding van sy orkes, *Die Gereformeerde Blues Band* op die album *Voëlvry*<sup>52</sup> sy verset teen apartheid uit in 'n persoonlike aanval op die voormalige staatspresident, P.W. Botha:

- (1) *Die ander dag toe voel ek lam  
ek wou 'n klein bietjie ontspan  
en 'n boer maak 'n plan  
ek sit my TV-set toe aan  
jy sal nie glo wat ek sien  
op my TV-screen.*
- (2) *Dit was 'n nare gesig  
dit het my heeltemal ontwrig  
dit was 'n moerse klug  
dit was PW se gesig  
en langs hom staan oom Pik*<sup>53</sup>  
*wel ek dog ek gaan verstik.*

Hulle musiek mag nie op senders van die staatsondersteunde radio- en tv-diens gespeel word nie, en hulle is verbied om op die meeste Afrikaanse universiteitskampusse op te tree (Kombuis, 2000:212-217).

Afrikaners, waaronder sake-, kuns-, kultuur- politieke, studenteleiers en akademici het op 'n gereelde basis in die geheim met lede van die ANC in Londen en Dakar, Senegal begin gesprekke voer (Arnold, 2005:733; Slabbert, 1999:23). Dit was hierdie gesprekke met die ANC wat die deure oopgemaak en die klimaat geskep het vir onderhandelings ten opsigte van magsoorname, aangesien die "ANC vreedsame oorgang lank nie meer as 'n opsie beskou [het] nie" (Slabbert, 1999:78). In 1986 was die toe voormalige leier van die PFP in die parlement, Van Zyl Slabbert 'n stigterslid van die *Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika* (IDASA) (Slabbert, 1999:32). Twee Afrikaanse publikasies, die maandblad

---

<sup>52</sup> Die *Voëlvrytoer* het gedurende 1989/1990 landwyd getoer. In 2002 het Koos Kombuis die CD *Voëlvry die toer* saamgestel en is dit deur *Shifty Records* in Johannesburg, Suid-Afrika uitgegee.

<sup>53</sup> Slegs die eerste twee strofes van *Sit dit af!* word hier weergegee. "Oom Pik" verwys na 'n voormalige minister van buitelandse sake van die NP, R.F. Botha [bynaam Pik].

*Die Suid-Afrikaan* en die weekblad, *Vrye Weekblad* was aktief in hulle weerstand teen apartheid.

Welsh en Spence (2007:286) verwys na die *Stem van Potchefstroom* wat deur hul mondstuk *Woord en Daad*<sup>54</sup> sonder omhaal uitgewys het dat wat moreel verkeerd is, nie polities reg kan wees nie en dat dit die apartheidsbeleid aan moraliteitsgronde ontbreek. Selfs in kerklike kringe is die onvoorwaardelike onderskrywing van die apartheidsbeleid begin bevraagteken (Welsh & Spence, 2007:286). Seker die bekendste geval is dié van die NGK-predikant, dr. Beyers Naudé (1915-2004). Hy is in die laat 1960s uit die [blanke] NGK gedryf toe hy Direkteur geword het van die Christelike Instituut, 'n instelling wat buite die Afrikaanse kerke se beskouing van die rassebeleid sigself vir die politieke regte van swart mense beywer het. Naudé het in 1976 sy lidmaatskap van die [blanke] NGK opgesê en lidmaat van die [swart] sending-NGK in Afrika geword. Hy is verder van sy mense vervreem omdat hy openlik die ANC se gewapende stryd goedgekeur het (vgl. Giliomee, 2003:546).

Nog 'n bekende Afrikaner wat vermeld moet word, is Bram Fischer (1908-1975) – sekerlik die bekendste en invloedrykste *struggle*-aktivis uit Afrikanergeleedere. Fischer was nie net die leier van die verbode SAKP nie, maar het ook as regsgeleerde in 1963 tydens die Rivoniaverhore Nelson Mandela en sy medebeskuldigdes verteenwoordig. Danksy sy goeie verdediging het hulle nie die doodstraf gekry nie, maar is hulle lewenslank tronk toe gestuur (Haasbroek, 2007:28).

Na 'n beroerteaanval het P.W. Botha in 1988 bedank as leier van die NP, maar aangebly as staatspresident (Giliomee, 2003:629). Onder druk van sy regering het hy in 1989 as staatspresident bedank en is opgevolg deur F.W. de Klerk (geb. 1936). In 1989 het die Berlynse muur geval, in 'n sin simbolies die einde van georganiseerde kommunisme in Europa (Slabbert, 1999:43). De Klerk het die einde van kommunisme gesien as 'n "Godgegewe" geleentheid om met dras-

---

<sup>54</sup> Welsh & Spence (2007:286) verwys verkeerdelik na die tydskrif *Woord en Daad* as die mondstuk van die Gereformeerde kerke van Suid-Afrika (GKSA). Dit is inderwaarheid die mondstuk van die *Reformatoriese Beweging in Suid-Afrika* (REBSA).

tiese hervormingsplanne te begin en gesê dat hy 'n gek sou wees indien hy nie die gaping sou neem nie (Giliomee, 2003:629; Slabbert, 1999:43).

### **3.5 27 April 1994**

Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika se geskiedenis het plaasgevind op 27 April 1994 toe al die mense van Suid-Afrika na die stembus kon gaan. Die verkiesing is voorafgegaan deur die ontbanning van talle verbode organisasies soos die ANC, PAC, AZAPO, *National Forum* (NF) en die SAKP in 1990 (Reddy, 2007:159). Op 11 Februarie 1990 is Mandela na 27 jaar in die tronk op Robbeneiland, in Pollsmoor en op Worcester, vrygelaat (Worden, 1994:137; Arnold, 2005:737). Die verkiesing is voorafgegaan deur 'n konstitusionele skikking wat die NP onder leiding van De Klerk met die ANC bereik het (Arnold, 2005:779 e.v.). Hierdie vreedsame onderhandelings<sup>55</sup> het 'n bloedige burgeroorlog verhoed, soos blyk uit die gevatte opmerkings van enersyds Swilling (1999:291-292), dat " ... apartheid was talked out of existence", en andersyds Welsh (1998:509) wat stel dat "South Africa emerged from the shadow of apartheid, badly injured, but alive ...". Sodoende is 'n einde gebring aan wit minderheidsregering toe die ANC wat oorwegend uit swart mense bestaan, die verkiesing gewen het. Nie net Suid-Afrikaners nie, maar ook die internasionale wêreld was verras oor die vreedsame magsoorgang. Dubow (2007:51) praat van " ... the 'miracle' of the South African transition ...". In die gees van optimisme en vreedzaamheid beskryf Welsh die eerste demokratiese verkiesing van Suid-Afrika in kleurryke taal:

It was a powerfully impressive spectacle, witnessed with keen interest by the rest of the world, to see millions of South Africans of all races queuing patiently together to register their votes (Welsh, 1998:512).

Stone en Rizova (2007:34) is van mening dat die vreedsame demokratiese verskuiwing en verandering in Suid-Afrika gebaseer was op die dryfkragte van nasionalisme en rassisme wat vermeng is met geopolitieke en ander faktore om

---

<sup>55</sup> Die onderhandelings, bekend as *The Convention for a Democratic South Africa* (CODESA), het in twee fases verloop. Die eerste fase was 20-21 Desember 1991. Nadat 'n dooiepunt bereik is, is CODESA 2 hervat in Mei 1992 (vgl. Arnold, 2005:781; Marschall, 2010:25).

'n uitkoms te weeg te bring wat verrassend was in terme van die standaardmodelle van sosiale verandering, naamlik geweld en revolusie. Hierdie vreedsame oorgang is in ooreenstemming met Ghandi (1998:5) se argument, naamlik dat daar gewoonlik na die beëindiging van 'n onderdrukkende stelsel, 'n gevoel ontstaan dat 'n lang verwagte gebeurtenis uiteindelik plaasgevind het. Hierdie optimistiese gevoel wat ervaar word, lei tot 'n kreatiewe behoefte aan 'n nuwe begin en veral tot selfvernuwing. Op grond hiervan kan verstaan word hoekom die Suid-Afrikaners na die eerste demokratiese verkiesings in 1994 'n euforiese toestand beleef het (vgl. Giliomee, 2003:600). Ghandi (1998:5) stel voorts dat saam met die hoë verwagtings van sukses en verdere vreedsame ontwikkelinge, daar gewoonlik 'n gepaardgaande onderliggende vrees vir mislukking is. In hierdie verband argumenteer Webb en Kriel (2000:43) dat alhoewel die meeste Afrikaners na 1994 verligting ervaar het, het onsekerheid oor die toekoms en hul nuwe rol in 'n demokratiese Suid-Afrika deel van hul ervarings uitgemaak (vgl. verder Slabbert, 1999:126).

### **3.5.1 Die historiese narratief van Suid-Afrika na 1994**

Na die demokratiese verkiesing van 27 April 1994 sou 'n regering van nasionale eenheid wat uit die ANC en NP bestaan het vir 'n oorgangstydperk van vyf jaar regeer met Mandela as staatspresident en Thabo Mbeki en F.W. de Klerk as vise-presidente. In 1996 het De Klerk en die NP uit hierdie regering onttrek sonder dat enige noemenswaardige beskerming vir minderheidsgroepe beding is (Arnold, 2005:786-790; Slabbert, 1999:106, 120, 126). Daar was kritiek op Mandela se regering, soos dat hy hom sodanig toegespits het op simboliese versoeningspolitiek dat alle ander sake agterweë gelaat is, soos wat Slabbert (1999:85) dit stel: "Onder Mandela was daar te veel charisma en te min regering". Tog was dit waarskynlik op daardie stadium noodsaaklik vir vreedsame naasbestaan. Wit Suid-Afrikaners was oor die algemeen verras deur die hand van vriendskap wat hy na hulle uitgehou het:

I told white audiences that we needed them and did not want them to leave the country. They were South Africans just like ourselves and this was their land too. I would not mince words about the horrors of apartheid but I said,

over and over, that we should forget the past and concentrate on building a better future for all (Mandela, 1994:606).

Tydens Mandela se eerste parlamentsopening het hy die Afrikaanse digter Ingrid Jonker (1933-1965) se gedig *Die kind* uit haar bundel *Rook en Oker* ([1963] 1969:37) voorgelees (vgl. Van Rensburg, 2010:iii)<sup>56</sup>:

- (1) *Die kind is nie dood nie  
die kind lig sy vuiste teen sy moeder  
wat Afrika skreeu skreeu die geur  
van vryheid en heide  
in die lokasies van die omsingelde hart*
- (2) *Die kind lig sy vuiste teen sy vader  
in die optog van die generasies  
wat Afrika skreeu skreeu die geur  
van geregtigheid en bloed  
in die strate van sy gewapende trots*
- (3) *Die kind is nie dood nie  
nóg by Langa nóg by Nyanga  
nóg by Orlando nóg by Sharpeville  
nóg by die polisiestasie in Philippi  
waar hy lê met 'n koeël deur sy kop*
- (4) *Die kind is die skaduwee van die soldate  
op wag met gewere sarasene en knuppels  
die kind is teenwoordig by alle vergaderings en wetgewings  
die kind loer deur die vensters van huis en in die harte  
van moeders  
die kind wat net wou speel in die son by Nyanga is orals  
die kind wat 'n man geword het trek deur die ganse Afrika  
die kind wat 'n reus geword het reis deur die hele wêreld  
Sonder 'n pas*

Onder Mandela die versoener het die land 'n nuwe vlag en 'n nuwe nasionale lied, saamgestel uit *Nkosi sekelele 'iAfrika*, en twee strofes, een in Afrikaans en een in Engels, uit die voormalige [wit] volkslied gekry, asook elf amptelike landstale in die plek van slegs Afrikaans en Engels, met laasgenoemde *de facto* as die hoofkommunikasiemedium in alle regeringsdokumente (vgl. Welsh & Spence, 2007:294). Op die oog af was Suid-Afrikaners verenig onder 'n multikulturele sambreel en het hulle 'n nuwe landskap van postkolonialisme en postapartheid betree onder leiding van die vryheidskoon, Mandela, gerespekteerd, geliefd en

---

<sup>56</sup> Mandela het ook in 2002 die standbeeld van die boerekryger Danie Theron op Fort Schanskop onthul (Marshall, 2010:30).

algemeen bekend as *Madiba*. 1994 kenmerk ook Suid-Afrika se hertoetrede tot die Britse Statebond. In 'n euforie wat van korte duur was, is al die mense van Suid-Afrika saamgesnoer tot 'n sogenaamde reënboognasie/*rainbow nation*,<sup>57</sup> onder die vaandel van neopatriotisme en die Afrika-Renaissance (vgl. Stolten, 2007:1; Arnold, 2005:796, 966 e.v.; Bundy, 2007:80-82). Bundy (2007:93) som die situasie soos volg op: "The Rainbow Nation sought to finesse the historical legacy of racialised inequality through reconciliation".

Mandela se termyn as staatspresident het in 1999 ten einde geloop en hy is opgevolg deur Thabo Mbeki (geb. 1942) wat daarvan beskuldig is dat hy toeneemend rasgebaseerd gedink het en rasverhoudinge gepolariseer het (Thompson, 2006:280-284; 286-288; Arnold, 2005:794-796), soos blyk uit sy toespraak van 29 Mei 1999 – algemeen bekend as sy *Two Nation Speech* – waarin hy stel dat Suid-Afrika bestaan uit twee nasies, "[O]ne of these nations is white, relatively prosperous, regardless of gender or geographic dispersal. ... The second and larger nation ... is black and poor ..." (Mbeki, 1999).

Mbeki se Afrika-ideologiese ontkenning van MIV/Vigs en sy beskerming van despote soos Mugabe van Zimbabwe het hom in die vergetelheid laat sink (vgl. Scholtz, 2010b:18). Mbeki<sup>58</sup> is opgevolg deur Jacob Gedleyihlekisa Zuma (geb.1942), 'n populis wat oor die algemeen as 'n toegankliker mens as Mbeki beskou word. Tydens die herdenking van Mandela se vrylating in 2010, wys Scholtz (2010b:18) op Nederlandse indrukke in koerante van Zuma in teenstelling tot Mandela, terwyl Mbeki in feitlik geen berig figureer nie:

Zuma word, reg of verkeerd, deur baie beskou as 'n tipiese primitiewe Afrikaan wat by wyse van spreke liever in dierevelle in 'n stat sit en bier drink en met vroue in die bed duik, eerder as 'n staatsman wat ernstig opgeneem moet word. Die kontras met die geweldige verering vir Mandela kan ... nie groter wees nie (Scholtz, 2010b:18).

---

<sup>57</sup> Dit is Aartsbiskop Desmond Tutu (geb. 1931) aanvanklik, en na hom, Nelson Mandela, wat na alle Suid-Afrikaners verwys het as lede van 'n reënboognasie (Mandela, 1994:541; Tutu, 1999: Dubow, 2007:72; Bundy, 2007:80-82; Marschall, 2010:17).

<sup>58</sup> Ironies genoeg het dieselfde lot as P.W. Botha vir Mbeki einde 2008 getref toe 'n paleis-revolusie tydens die ANC se 52<sup>ste</sup> nasionale konferensie te Polokwane sy kop geëis het.



Terwyl die meeste Afrikaners 'n positiewe bydrae tot die opbou van die land wil lewer,<sup>59</sup> is daar wel 'n minderheid wat hunker na die vorige bedeling. Hulle het 'n eie volkstaat, *Orania*, in die Noord-Kaap gestig en verwys na hulleself as die *Boerevolk* (vgl. Welsh & Spence, 2007:293). Terwyl *Orania* aanvanklik polities uiters konserwatiewe mense gelok het wat radikale apartheid en 'n wit tuisland voorgestaan het, is dit tans nie meer die geval nie. Alhoewel nog steeds 'n toevlugsoord vir "ontnugterde" Afrikaners – word die fokus nou meer geplaas op 'n strategie om sonder die hulp van 'n staat en sy strukture ontwikkeling te bewerkstellig. Die bekendste inwoner was mev. Betsie Verwoerd, eggenote van die voormalige eerste minister. Standbeelde van Verwoerd wat nie vernietig is nie, het 'n nuwe staanplek in *Orania* gekry (vgl. Coombes, 2003:22).

Armoede is een van die kernprobleme in Suid-Afrika waaronder wit en swart ly. Dit mag een van die redes wees waarom misdaad hand oor hand toegeneem het. 'n Ander moontlike rede vir die hoë misdadafsyfer is dat 'n geweldskultuur in die land ontstaan het as gevolg van rassekwessies wat veral in die twintigste eeu kenmerkend van Suid-Afrika is. Suid-Afrika se misdaad- en korrupsievlaag het finaal 'n einde gebring aan enige sprake van 'n reënboognasie. Slabbert (1999:85) som die situasie op deur te stel dat die *struggle* die stryd om mag en beheer gewen het, "[m]aar die stryd teen rassisme, onverdraagsaamheid, nepotisme, vermorsing van bronne, kleinlikheid en korrupsie duur voort" (vgl. Slabbert, 1999:93; Arnold, 2005:795-796). Selfs die Nederlandse koerant *Trouw* wat in sy beriggewing altyd apartheid verdoem het, berig tans oor die skrikwekkende voorkoms van plaasaanvalle en -moorde in Suid-Afrika (Scholtz, 2010a:6). Scholtz (2010a:6) haal skokkende statistieke aan: tussen 750 en 800 plaasaanvalle vind per jaar plaas en sowat 100 mense word per jaar op plase vermoor. Bitter min van die misdadigers word gevang. Hy stel dat navorsing wat in 2008 aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) oor 37 veroordeelde misdadigers gedoen is, toon dat hulle voor hul veroordeling by gemiddeld 105 geweldsmisdade betrokke

---

<sup>59</sup> Sedert 1994 het reeds meer as 'n miljoen mense die land verlaat, wat uit sowel ontnugterde Afrikaners as Engelssprekendes bestaan. Hierdie vrywillige migrasie staan as die *chicken run* bekend en word later in hierdie Hoofstuk bespreek.

was. Volgens polisiestatistiek blyk dit dat slegs 12% van alle aangemelde misdade op 'n skuldigbevinding uitloop. Hierdie toestand word toegeskryf aan die feit dat "[m]et die bewindsoorname van die ANC-regering is voorrang gegee aan onervare swart mense in polisieposte" (Scholtz, 2010a:6). Dit geld ook vir ander dienslewering- en leiersposisies.

Hierdie toenemende misdaad, in besonder geweldsmisdade soos roof, verkragtings, en plaasmoorde, asook swak dienslewering,<sup>60</sup> het bygedra tot groot getalle wit Afrikaans- én Engelssprekendes wat die land sedert 1996 verlaat het. Arnold (2005:735, 795) praat in hierdie verband van die *chicken run*. Selfballingskap hou ernstige gevolge vir die land in, omdat dit gewoonlik opgeleide mense in goeie poste is wat dit kan bekostig om elders 'n heenkome te gaan soek, met 'n noodwendige verlies aan kundigheid vir Suid-Afrika (vgl. Welsh & Spence, 2007:294).

Misdad en korrupsie het verdere gevolge. Tydens die NGK se Oos-Kaapse sinode in 2010 het die kerk tydens 'n informele gesprek na aanleiding van die misdaad en korrupsie gestel dat "Suid-Afrikaners, wit en swart, [het] hul medemenslikheid verloor" (in Jackson, 2010b:2). Onder Mbeki en Zuma gaan verhoudinge tussen wit en swart toenemend agteruit. Hierdie tendens van "omgekeerde" rassisme duur voort, soos blyk uit F.W. de Klerk se onderhoud in 2010 (in Scholtz, 2010c:2) met die Nederlandse dagblad *De Pers* (op 9 Desember 2010) onder die opskrif *Apartheid is terug*. De Klerk stel dat Suid-Afrika se wittes ly onder rassisme en dat ofskoon die wêreldbeker-[sokker] 'n gevoel van eenheid teweeg gebring het, het "ons in sekere sin daarna weer in ou gewoontes teruggeval" (vgl. Scholtz, 2010c:2). Du Plessis (2009:16) stel dat Suid-Afrika tans 'n land van "ons en hulle" is, dat wit en swart houdings verhard het en dat niemand omgee nie.

'n Nasionale eenheidsgevoel word verder ondermyn deur vryheidstrydliedere en slagspreuke uit die *Struggle*-era wat gereeld in ANC-geledere gesing word. Dit

---

<sup>60</sup> Vgl in hierdie verband die eerste koorgedeelte van Koos Kombuis se *Die Fokkol Song* op sy album *Bloedrivier* (2008):

*Fokkol petrol, fokkol diesel, fokkol gas en fokkol krag ...  
Fokkol pille by die clinic en fokkol dokters as jy vra ...  
Fokkol ouens om die vullis op jou pavement weg te dra.*

was veral die voormalige ANC-Jeugleier Peter Mokaba en tans die huidige jeugleier Julius Malema se *Dubul' iBhunu / Aesab amagwala (Kill the boer, kill the farmer of Maak dood die boere, hulle is verkragters)* wat wit gemoedere laat opvlam.<sup>61</sup> Die huidige staatspresident Jacob Zuma maak hom ook van tyd tot tyd hieraan skuldig deur sy gunstelingvryheidslied, *Aluweth' Umshini wami [Bring vir my my masjiengeweer]*, tydens openbare optredes te sing. Die ANC en Zuma word wyd veroordeel omdat hulle die sing van hierdie kontensieuse ou vryheidsliedere verdedig (vgl. Steenkamp, 2010:2, 5; Jackson, 2010a:4; Van Rooyen, 2010:2; *Beeld* [hoofberig], 2010:10).

Grundlingh (2011:4) wys egter dat binne die Suid-Afrikaanse konteks is die sing van protesliedere nie iets nuuts nie [vgl. byvoorbeeld Kerkorrel en Kombuis in hierdie verband]. Die vraag is of hierdie protesliedere die Afrikanerjeug destyds tot ander standpunte oorgehaal het of het dit nie dalk juis grotendeels gespreek tot 'n reeds bekeerde gehoor nie? Grundlingh argumenteer dat die apartheidskonteks waarbinne Kerkorrel se musiek gefunksioneer het, en die feit dat dit ongekende protes in Afrikaans was, nietemin 'n unieke nalatenskap daaraan besorg het. Hy merk tereg op dat die gemoedere tans hoog loop oor die verweer van die ANC en Malema, naamlik dat hulle hierdie liedere kan sing want dit is deel van die kulturele erfenis van die ANC se protesliedere wat die gewraakte frase *dubul' ibhunu* [skiet die boer] insluit. Hy stel ook tereg dat,

Dié herrie het nuwe lewe gekry met die U2-sanger Bono se stelling [tydens sy optrede in Januarie 2011 in Suid-Afrika] dat protesliedere die status van *folk songs* kan aanneem, maar dat sodanige uitsprake nie in die openbare domein hoort as dit ander groepe kan affronteer nie. Om nie die konteks in ag te neem nie, is volgens Bono kortsigtig (Grundlingh, 2011:4).

Wanneer 'n mens die konteks van die tagtigerjare van die vorige eeu in ag neem, was die land in 'n noodtoestand en – soos Grundlingh daarop wys – was dreunsang en vryheidsliedere [waaronder *Kill the Boer*] in 'n sekere sin die wapen vir swart mense wat geen ander uitlaatklep vir hul woede gehad het nie. Grundlingh vestig in die verband die aandag op 'n belangrike saak, naamlik dat

---

<sup>61</sup> Met die skryf van hierdie proefskrif is 'n hofspraak teen Malema weens haatspraak deur Afriforum en TLU SA aanhangig gemaak. By die indieningsdatum was die hofuitspraak nog nie bekend nie.

hierdie gewraakte woorde van die lied gedien het as 'n slagspreuk wat antagonisme teenoor wit onderdrukkers uitgedruk het, en gevolglik niks meer as leë retoriek was nie. Dit het met ander woorde nie die konteks<sup>62</sup> van die plaasmoorde gehad wat dit vandag het nie. Tog moet die huidige konteks in ag geneem word en is sulke liedere nie aan te bevele nie, gegewe Suid-Afrika se apartheidsverlede en waar 'n poging tot nasiebou ter sprake is. Die vraag wat gestel moet word, is in watter mate, en of die sing van hierdie vryheidsliedere hoegenaamd bygedra het tot die val van apartheid soos wat onder andere die ineenstorting van kommunisme, sanksies en boikotte, asook die leierskapswisseling van Botha na De Klerk wel die geval was.

### **3.5.2 Die narratief van Afrikaners se leierskapskrisis na 1994**

Afrikanerondersteuningstrukture, soos die NGK en kultuurorganisasies soos die AB en FAK is ernstig deur die nuwe demokratiese bestel geraak. Die NGK het wegbeweeg van 'n teologiese regverdiging vir apartheid en erken dat dit in stryd is met Christelike beginsels. Die AB het in die 1980s na vore getree as 'n hervormingsorganisasie met die beëindiging van hul voormalige statutêre diskriminerende maatreëls. Dit is in beginsel nie meer 'n geheime organisasie met lidmaatskap eksklusief vir volwasse wit Afrikaanssprekende mans nie. Dit is nou inklusief oop vir vroue en lede van alle rasse, terwyl hulle hulle verbind tot belange van Afrikaners en alle Suid-Afrikaners (Welsh & Spence, 2007:283-

---

<sup>62</sup> Dit is inderdaad so dat protesliedere tyds- en konteksgebonde is. Vergelyk in hierdie verband Koos Kombuis se parodie op Kerkorrel se "Sit dit af!" op sy laserskyf *Bloedrivier* (2008) waar hy kritiek uitspreek op Suid-Afrika se elektrisiteitsprobleme:

*Die ander dag toe voel ek lam  
ek wou so 'n klein bietjie ontspan ...  
... ek sit my TV-set toe aan  
jy sal nie glo wat ek sien  
Daar's fokkol beeld op my screen.  
Sit dit aan! Sit dit aan!  
... Ag kom nou Eskom, maak 'n plan ...  
... Ag ou Mbeki ek sal wed  
dat jy 'n generator het.*

284).<sup>63</sup> Dit, terwyl die AB eens beskou is as die elite van die Afrikanerdom wat tydens die hoogbloei van Afrikanernasionalisme verseker het dat die "regte" mense aangestel word in belangrike posisies (Stone & Rizova, 2007:35). Welsh en Spence (2007:284) stel dat feitlik al die rektore van die voormalige Afrikaanse universiteite, asook die senior amptenary van die NGK – waarna dikwels spot-tend verwys is as "die NP in gebed" – en feitlik die totale kabinet van die NP, AB-lede was.

Na De Klerk se uittrede uit die NP, het die eens magtige party al hoe meer steun verloor. Onder De Klerk se opvolger, Marthinus van Schalkwyk (geb. 1959), het die NP gepoog om hulleself van rassisme en apartheid te distansieer deur die aanvaarding van 'n nuwe naam, die Nuwe Nasionale Party (NNP). Hierdie poging het klaaglik misluk. Die NNP het soveel steun verloor dat dit in 2005 deur die ANC en die Demokratiese Alliansie geabsorbeer is, sekerlik een van die grootste vernederings vir die eens magtige party<sup>64</sup> (Welsh & Spence, 2007:293). Afrikaners se leierloosheid blyk voorts uit twee populêre liedjies se gewildheid: Bok van Blerk (Louis Pepler) se *De la Rey* (2006) en Koos Kombuis se *Die einde van die Reënboog* op sy album *Bloedrivier* (2008). Alhoewel Van Blerk se lied uit blote rymelary bestaan, (*De la Rey, De la Rey, sal jy die boere kom lei ...*) gee hy uitdrukking aan 'n simptomatiesse kollektiewe gevoel van Afrikanerleierloosheid. Kombuis se lied noem Afrikanerleiers by die naam:

*Dis die einde van die reënboog / Die begin van die gedig ...  
Die Afrikanervolk is leierloos / Sy wyse manne almal voos  
Breyten [Breytenbach] het gefokkof / En Marthinus [van Schalkwyk] is 'n doos.*

### **3.5.3 Die verbrokkeling van Afrikanernasionalisme en -identiteit na 1994**

Na 1994 het die Afrikaners hul magsposisie verloor. Die aanvanklike gevoel van verligting wat wit Afrikaners na die val van apartheid ervaar het, is mettertyd

---

<sup>63</sup> Welsh en Spence (2007:283) stel dat die AB lank deur sy kritici gedemoniseer is as 'n bastion vir reaksionêre Afrikanernasionalisme. Die outeurs stel egter dat presies hoe invloedryk die AB was, 'n voortgaande punt van dispuut is. Dit is moeilik vasstelbaar, aangesien die AB 'n geheime organisasie was. Daar is egter volgens die outeurs geen bewyse wat suggereer dat die AB aan die regerende NP ná 1948 gedikteer het nie.

<sup>64</sup> Van Schalkwyk het lid geword van die ANC en dien tans in die parlement as Minister van Toerisme.

vervang deur 'n nasionale en identiteitskrisis, omdat Afrikaners hulleself weer eens – soos na die Groot Trek, die ABO en Uniewording in 1910 – in 'n nuwe omgewing moes posisioneer (vgl. Steyn, 2004:150; Grundlingh, 2001:100). De Klerk (2000) som die gevoel van baie Afrikaners nà Mandela se uittrede soos volg op:

Magsverlies. Invloedsverlies. Aansienverlies. Sekuriteitsverlies. Bevoorregtingsverlies. Geloofwaardigheidsverlies. Taalverlies. ... En nog baie ander debiete. Ons is in 'n skoktoestand. Skok bring óf histerie, óf lamgeslane stilte, óf paniese angs, óf 'n slagofferkompleks óf 'n verlorenheidsemosie. Dit alles is waar van baie Afrikaners vandag (De Klerk, 2000:52).

Armoede en werkloosheid onder Afrikaners het heelwat toegeneem. Tydens Zuma se onlangse besoek aan *Bethlehem*, 'n wit Afrikanernedersetting naby Pretoria, is staatshulp aan arm mense, ongeag wit of swart, belowe (Kruger, 2010:10). Tog voel Afrikaners oor die algemeen dat te veel beloftes deur Zuma in die verlede gemaak is wat nie in daad oorgegaan het nie. Kruger (2010:10) stel dat "[o]nder arm, wit mense was daar ... 'n sterk persepsie dat dit geen doel dien om aansoek te doen om hulp nie omdat hulle op grond van hul velkleur geweier sou word". Spies (2006:7), op haar beurt, wys daarop dat Afrikaners nie net ampelik uit geskiedenis-handboeke geskryf word nie. Sy waarsku dat Afrikaners daarteen moet waak om hulleself uit die geskiedenis van die land te skryf deur geen bydrae te probeer maak nie en net negatiewe kritiek uit te spreek.

Tradisionele rolle van wit Afrikaans- en Engelssprekendes is op die kop gekeer. Die oorwegend swart ANC as die tradisionele *ander*, is nou in die posisie van die *Self*, terwyl die Afrikaners gereduseer is tot die *ander*.<sup>65</sup> Engelbrecht (2007:30) maak 'n belangrike opmerking in sy bewering dat die term *Afrikaner* sy hegemoneiese samebindende krag verloor het. Pogings om dit te laat herleef, verteenwoordig 'n poging om 'n politieke platform te bewerkstellig vanwaar in die Suid-Afrikaanse konteks gehandel kan word. Hy (2007:38) wys voorts daarop dat die term *Afrikaner* as sodanig uiters kontroversieel is aangesien dit weekliks in koerante en op webwerwe gedebatteer word. Heelwat Afrikaanssprekendes voel

---

<sup>65</sup> Die *ander* word met 'n kleinletter gespél, aangesien wit Afrikaners nie hul identiteit in die aan[ge]sig van swart mense verkry nie.

dat daarmee weggedoen moet word vanweë die ras-en politieke konnotasies (vgl. Welsh & Spence, 2007:295). Die voorstel is om die term *Afrikaner* te vervang met *Afrikaanses* om inklusief te verwys na alle Afrikaanssprekendes, wit en bruin. Tot dusver het dit nog nie wyd inslag gevind nie.

Heelwat Afrikaners bevind hulle [weer eens] in 'n diaspora en 'n gepaardgaande liminale ruimte. Ten einde in te skakel by 'n demokratiese stelsel, of uit skuldgevoel oor apartheid, vervreem baie Afrikaners hulself van die tradisionele Afrika-nasionalisme en -identiteit deur byvoorbeeld hulle kinders na Engelse skole te stuur (vgl. Grundlingh, 2001:102; Slabbert, 1999:58). Steyn (2004:150) stel op haar beurt dat in die nuwe Suid-Afrika word die demokrasie gebou op die afbreek van alles waarvoor Afrikanernasionalisme gestaan het.<sup>66</sup> Grundlingh (2001:102) wys tereg daarop dat min Afrikaners bereid is om die apartheidsverlede te verdedig en verkies om dit te vergeet, aangesien dit nie meer 'n narratief is waarop hulle trots is nie.

In sy navorsing onder Afrikaners in Suid-Afrika in die ouderdomsgroep agtien tot dertig in die Suid-Vrystaat, asook onder studente aan die Universiteite van Pretoria, Johannesburg en die Vrystaat, het Van der Merwe (2010; in Jackson, 2010b:1) bevind dat groot verskuiwings plaasgevind het ten opsigte van 'n tradisionele Christelik-nasionale lewensbeskouing en gepaardgaande identiteit onder dié jong Afrikaners.

'n Groot meerderheid van die respondente het uit die drie Afrikaanse susterkerke gekom, maar het baie kritiek op die kerke gehad. Slegs 'n derde is nog getroue kerkgangers, 'n derde kom ongereeld in die kerk en 'n derde is heeltemal kerklos. Tog beskou byna almal hulleself nog as Christene. Wat die prioritisering van waardes betref, is 'n aansienlike verskuiwing sigbaar vanaf 'n Christelik-na-

---

<sup>66</sup> Die samesmelting [sedert 2004] van voormalige universiteite, en universiteite met ander tersiëre instellings is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys moes byvoorbeeld saamsmelt met die voormalige swart University of the North-West in Mafikeng, terwyl die University of Johannesburg bekend staan as 'n *comprehensive university*, wat bestaan uit die samevoeging van die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit en die Technikon Johannesburg. Nog 'n voorbeeld is MEDUNSA [Mediese Universiteit van Suid-Afrika] wat met die voormalige University of the North saamgesmelt het en tans bekend staan as die *University of Limpopo*.

sionale lewensbeskouing tot 'n prioriteit wat geplaas word op ekonomiese welvaart en materiële sukses. Ook wat seksuele aspekte betref, is daar 'n groot verskuiwing vanaf die konserwatiewe ingesteldheid van 'n paar dekades gelede. Van der Merwe wys byvoorbeeld daarop dat wat voorhuwelikse seks betref, word waardes bepaal deur persoonlike behoeftes en praktiese reëls. Transkulturasie is besig om toenemend onder Afrikaners plaas te vind.

Die persepsie bestaan, soos aangedui, onder heelwat Afrikaners dat die ANC doelbewus teen hulle diskrimineer en dat omgekeerde rassisme aan die orde van die dag is (vgl. Du Plessis, 2010:12; Arnold, 2005:797; Welsh & Spence, 2007:297). Die joernalis Chris Louw (1954-2009), bekend om sy pro-ANC-oortuigings, spreek sy teleurstelling in die ANC-regering uit wanneer hy stel dat Afrikaners gereduseer is tot slegs die 6% wat hulle van die bevolking uitmaak. Hy druk die ontsteltenis van Afrikaners in die "nuwe" Suid-Afrika soos volg uit:

Vandag kan ek ook sê, ons is gatvol van vermoor word! ... Die ANC wat vandag aan die bewind is, verrai almal wat aan 'n regverdige toekoms geglo het – insluitend dié Afrikaners wat op hul manier die huidige bedeling help moontlik maak het (Louw, 2009:14).

By dit alles, word Afrikaans steeds beskou as die taal van die onderdrukker (vgl. Vladislavic, 2005:46; Arnold, 2005:594; Welsh & Spence, 2007:294). Die meerderheid Suid-Afrikaners identifiseer volgens Engelbrecht (2007:39-40) die Afrikaner – in assosiasie met apartheid – as 'n donker betekenaar van onderdrukking en hegemonie. Slabbert (1999:55) op sy beurt, wys op die gevolge wat apartheid op die konsep *Afrikaner* gehad het. Hy stel dat die begrip *Afrikaners* danksy apartheid geïdentifiseer word met waardes van eksklusiewe onverdraagsaamheid wat politieke mag gebruik en misbruik het om Afrikanerskap as rasse-identiteit te bestendig en te bevoorreg. Sodoende is die begrip verskraal en verpolitiseer en persepsies oor die Afrikaner bevorder soos wat Dubow (2006) dit verwoord:

The rise of Afrikaner nationalism to political dominance finally put paid to South Africanist sentiment by making loyalty to the country virtually co-terminous with membership of the *volk* (Dubow, 2006:9).



Met verwysing na die "chicken run", stel Welsh en Spence (2007:294) dat ongeveer 50 000 Afrikaners hulle in Brittanje alleen bevind, en baie ander in Australië, Noord-Amerika en elders. Waar Cohen (1997:26) twee kategorieë met betrekking tot diaspora geïdentifiseer het,<sup>67</sup> onderskei Fludernik (2003:xii) 'n derde subkategorie<sup>68</sup>, selfballingskap, wat spesifiek op Afrikaners van toepassing gemaak kan word. In hierdie subkategorie onderskei hy twee bykomende redes vir 'n diasporiese toestand: enersyds as gevolg van groter mobiliteit vanweë moderne tegnologie en globalisering en andersyds as gevolg van selfballingskap wat permanent of tydelik van aard kan wees.

Rankin en Mentis (2005:46) argumenteer weer dat die gevoel van diaspora wat Afrikaners tans ervaar, versterk word deurdat Afrikaners 'n dubbele vervreemding ervaar. Die outeurs (2005:46) motiveer hul argument deur daarop te wys dat wat die Afrikaners se identiteit betref, hulle (onder andere. as gevolg van hul wit velle en Westerse agtergrond) nie volledig 'n inheemse Afrika-identiteit verbonde aan 'n swart kultuur kan aanneem nie. Aan die ander kant kan hulle ook nie meer 'n volwaardige Europees-Westerse identiteit aanvaar nie vanweë hul akkulturasie met die land oor drie eeue heen.

Slabbert (1999:57) wys vervolgens op die problematiek indien die ANC en ander partye sou voortgaan om Afrikaners as ongevoelige wit rassiste uit te beeld. Dit sal lei tot reaksionêre en ondermynende optrede teenoor die bestaande orde. Wat betref die toenemende polarisering tussen wit en swart in die land, kan verwys word na Adam (2000:108) wat 'n belangrike perspektief lewer oor rasse-verhoudinge waar daar sprake is van skuldiges en slagoffers:

If perpetrators and victims must live together in the same state, the victims too have to adjust their attitude. It is counter productive to cultivate self-pity.

---

<sup>67</sup> In Hoofstuk Twee is Cohen se twee kategorieë m.b.t. diaspora bespreek: Die eerste sluit ontheemding en vervreemding van mense in wat tot dieselfde kultuurgroep behoort wat hul vaderland uit eie keuse of gedwonge verlaat. Kategorie twee het betrekking op die koloniale era toe mense hul vaderland verlaat het as gevolg van imperiale ambisie, grens-, magsverskuiwings, en handeldryf.

<sup>68</sup> Fludernik (2003) se derde subkategorie lei hy af van Cohen se tweede kategorie wat diaspora identifiseer na aanleiding van ontheemding as gevolg van die uitbreiding van 'n land se grense. Fludernik (2003:xii) se eerste subkategorie noem hy koloniale diaspora en die tweede het betrekking op slawerny.

... History cannot be reduced to victimology, because the powerless are never entirely without power. By remembering defeat as well as resistance, suffering as well as survival ... victims empower themselves as human agents (Adam, 2000:108).

Du Plessis (2010:12) wys op sy beurt daarop dat etikette soos "verlig" en "verkramp" wat die Afrikaners betref, vinnig aan die vervaag is. Hy stel dat na buite is die reaksie van verligtes en verkrampes op hul omgewing al hoe meer dieselfde, aangesien albei groepe met woede en ontnugtering reageer op plaasmoorde, sistemiese korrupsie, swak paaie, swak matriekuitslae en munisipale verval. Welsh en Spence (2007:295) voeg by dat die verlies aan mag en gefragmenteerdheid nie noodwendig 'n verlies aan etniese sentimente behels nie. 'n Groot deel van die Afrikaners bly verbind aan hulle taal, alhoewel in aanvaarding dat marginalisering daarvan wyd voorkom. Sommige Afrikaners, aan die ander kant, erken die dominasie van Engels en, soos uitgewys, stuur hulle kinders na Engelse skole omdat hulle glo die kinders beroepsgewys 'n beter kans staan in dié tyd van regstellende aksie en die kwotastelsel<sup>69</sup> wat tans aan die orde van die dag is.

### **3.5.4 Die Afrikaners en herinneringe na 1994**

Die vraag kan met reg gestel word wat die rol en plek van Afrikaners [en hulle herinneringe] in die nuwe Suid-Afrika is, veral ná die sittings van die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie<sup>70</sup> (WVK) wat amptelik ingestel is deur die *Promotion of the National Unity and Reconciliation Act 34 of 1995*. Die doel van die WVK was om alle mense die geleentheid te bied om hul herinneringe en verhale te vertel en aansoek om amnestie te doen met die oog op versoening, vergoeding, herstel en heling in die gees van die reënboognasie (vgl. Giliomee, 2003:648-651; Bundy, 2007:80-81; Unterhalter, 2007:106-107). Vanuit

---

<sup>69</sup> Regstellende aksie bied aan mense uit voorheen benadeelde [d.i. veral nie-wit] groepe geleentheid om posisies te beklee. Indien 'n wit en swart persoon vir 'n pos aansoek doen en laasgenoemde is in staat om die werk te doen, word hy/sy bevoordeel. Die kwotastelsel behels dat, ongeag vaardighede, moet instellings die demografiese verspreiding van die land weerspieël wat ernstige kwaliteitsverlies en swak dienslewering tot gevolg het (vgl. Minty, 2006:423; Arnold, 2005:795-796).

<sup>70</sup> Die WVK is in onder voorsitterskap van Aartsbiskop Desmond Tutu ingestel en het sy werksaamhede in 1998 voltooi.

verskeie eietydse sosio-teoretiese perspektiewe [soos byvoorbeeld dié van Adorno (2003a, b, c); Ricoeur (2006), Bundy (2007 en Unterhalter (2007))] kan gestel word dat die WVK 'n terapeutiese funksie moes vervul, terwyl Derrida tydens 'n besoek aan Suid-Afrika in 1998 (vgl. Harris, 2002) die standpunt ingeneem het dat die WVK "... needed to be understood as an exercise in forgetting" [vgl. in hierdie verband Ricoeur (2006:21; 412-413) se teorie ten opsigte van aktiewe vergeet wat saamhang met die deurwerking van herinnering en uiteindelijke vergifnis waarby ingebed is om met 'n kritiese verbeelding met geskiedenis om te gaan deurdat sowel die onskuldige as die skuldige in 'n gedeelde narratief die traumatiese verlede kan verwerk]. Ghandi (1998:4) wys in hierdie verband ook op 'n interessante verskynsel, naamlik *postkoloniale amnesie* wat tydens die dekolonialiseringproses plaasvind. Hy stel dat daar dikwels aanvanklik 'n behoefte ontstaan om die verlede, of dele van die verlede, doelbewus of onbewustelik, te vergeet in 'n poging om pynlike herinneringe te onderdruk, sodat 'n nuwe begin gemaak kan word. Hy stel dat hierdie *postkoloniale amnesie* volledig of gedeeltelik kan wees. In hierdie verband sluit Connerton by die diskoers aan deur te stel dat

[t]he attempt to break definitively with an older social order encounters a kind of historical deposit and threatens to founder upon it. The more total the aspirations of the new regime, the more imperiously will it seek to introduce an era of forced forgetting (Connerton, 2007:12).

Derrida se opmerking staan vir my reëlreg in kontras tot bogenoemde teoretici sowel as postkoloniale en neo-Marxistiese kritiek omdat hierdie teoretici juis eis dat die WVK die funksie moet vervul om aan voormalige onderdrukte [slagoffers] die geleentheid te gee om hul verhale te vertel.

Slabbert (1999:77) argumenteer egter dat gruweldade wat openbaar gemaak is aan weerskante van die stryd, eerder polarisering as versoening teweeg gebring het. Die algemene gevoel was dat alhoewel die WVK daarin geslaag het om Afrikaners bewus te maak van die omvang van institusionele geweld tydens apartheid, daar ongelukkigheid was omdat Afrikaners voel dat hulle nie regverdig behandel is deur die oorwegend ANC-kommissieledere nie (vgl. Lodge, 2007:414;

Grobler, 2007:153; Webb en Kriel, 2000:43). Soos te verwagte, het getuienis voor die WVK aangetoon hoe verskillend groepe se kollektiewe herinneringe oor apartheid was en hoe verskillend persoonlike perspektiewe en die emosionele intensiteitsvlakke was.

Nora (1989:9) wys juis daarop dat elke individuele lid van 'n sosiale groep se persoonlike herinneringe 'n ander vlak van intensiteit openbaar, en dat persoonlike herinneringe na gelang van persoonlike ervarings wissel. Halbwachs (1980:48) stel in hierdie verband dat dit verskillende kollektiewe herinneringe van 'n bepaalde gebeurtenis is wat groepe van mekaar onderskei en wat vervreemding in die hand werk (vgl. Olick & Robbins, 1998:111). Said (2000:176) argumenteer dat historiese herinneringe ingebed is in die filosofie van mag. Dit gaan met ander woorde daaroor hoe mense in 'n samelewing en kultuurgroep gebeurte onthou in terme van hulle posisie in die magshiërgie. Hy (2000:176) stel dit soos volg: "Memory and its representations touch very significantly upon questions of identity, of nationalism, of power and authority".

Die implikasies van Said se insigte blyk uit die eeufeesvieringe ter herdenking van die ABO in 1999-2001. Onder die bewind van die ANC is vir die eerste keer aandag gegee aan die verliese wat swart mense gely het. Nasson (2000:164) wys daarop dat dit onvermydelik was dat hierdie oorlog, algemeen bekend as 'n "witmensoorlog", toenemend getransformeer sou word tot 'n oorlog van swart mense. Die gedagte was klaarblyklik om 'n nuwe nasionale mite vir die Suid-Afrikaanse bevolking te skep wat wit én swart in die land sou betrek, soos blyk uit Nasson (2000:155) se woorde:

Such recasting of the war and its assimilation to a new, post-apartheid South Africanism is, of course, a model illustration of how a new national agenda seeks to appropriate a one-sided past history to the needs of a many-sided present.

Grundlingh (2007:196-198) wys op die lang verbintenis wat Afrikaners by die ABO het, asook dat hulle 'n direkte historiese belang daarby het. Dit is nie die geval met die swart mense nie. Gevolglik was Afrikaners ongelukkig oor die kaping van die verrigtinge en het hulle gevoel dat hulle herinneringe gesteel

word. Grundlingh (2007:199) haal 'n berig aan wat in *Beeld* van 19 April 1999 verskyn het wat stel dat die ANC misgun die Afrikaners hul kollektiewe herinneringe en sentimente in verband met hierdie sleutelgebeurtenis in hul geskiedenis. Slegs 'n klein groep wit mense het die openbare feesvieringe bygewoon, in teenstelling tot die tradisionele groot getalle wit Afrikaners wat sulke geleenthede in die verlede bygewoon het. Grundlingh (2007:208) argumenteer dat die eeufeesherdenking vir Afrikaners 'n geleentheid van herinneringe en nostalgie, of selfs terapie moes wees na die onthullings van die WVK. Nou was dit vir hulle 'n bespotting as gevolg van die ANC-regering se oormatige beklemtoning van die lyding van swart mense, soos wat Grundlingh (2007:205) gevat stel: "The tragedy of a hundred years ago was now recast as an almost tawdry spectacle of the Olympics of suffering".

Marschall (2004:33) wys voorts op die onlangse diskoerse met betrekking tot die afbreek, verplasing of herinterpretasies van monumente en standbeelde wat tydens apartheid opgerig is. Ook dit het bygedra tot Afrikaners se verlies aan herinneringe en 'n gevoel van ontheemding. Coombes (2003:24) vestig byvoorbeeld die aandag op 'n herinterpretasie van die Voortrekkermonument vanuit ANC-geledere, van Tokyo Sexwale, voormalige premier van die Gautengprovinsie, wat in die *Sunday Times* gepubliseer is. Die assegaai op die hekke van die struktuur dui vir Sexwale op die ommekeer van mag na 1994 en 'n spesifieke verwysing na *Umkhonto weSizwe* [*Spies van die Nasie*]. Volgens hom was dit die spies wat die beskawing van bevryding na die land gebring het.<sup>71</sup> Sexwale verduidelik dat sy intensie was om die apartheidstigma van die voorheen eksklusiewe Afrikanermonument te omskep in 'n inklusiewe nasionale narratief (*in* Coombes, 2003: 24, 35, 45; vgl. Marschall, 2004:37; Marschall, 2010:167-168).

---

<sup>71</sup> Aangesien dit uiters seldsaam is dat enige nasionalisties geïnspireerde openbare monument ruimte gee aan enige afbeelding of uitbeelding van [iets van] die vyand, verskil ek van Coombes (2003:35) se tradisionele interpretasie van die spiese en assegaai vanuit Afrikanerperspektief, naamlik dat dit simbolies is van Dingane se poging om die Lig van die Woord en die gepaardgaande "beskawing" te keer. Moerdijk se gebruik van die Zoeloespies op 'n *art nouveau*-agtige manier in die hekke en die heining het bitter min van hierdie vermeende of simboliese effek – dit is eerder sierlik en pas in by *art nouveau* se vorm.

Marschall wys voorts op 'n interessante verskynsel met betrekking tot die Paul Krugerstandbeeld op Voortrekkerplein in Pretoria. Ten spyte daarvan dat dié beeld geassosieer word met die historiese narratief van wit Afrikaners, het 'n bruin vrou, Luella Chequenton, die standbeeld as deel van haar kulturele eien- dom beskou omdat sy 'n nasaat van Kruger is (Marschall, 2004:34; Marschall, 2010:170). Daarenteen vestig Coombes (2003:40) die aandag op 'n wit Afrikaanse pornografiese model, Dina, wat naak poseer voor die Voortrekkermonument op die voorblad van die eerste uitgawe van die tydskrif *Loslyf*, 'n Afrikaanse pornografiese tydskrif, weer eens 'n ondenkbare verskynsel in die eerste helfte van die twintigste eeu.<sup>72</sup> Hierdie tydskrif kan gevolglik in dieselfde mate as 'n ondermyning van tradisionele Afrikanerwaardes geag word. Die model het beweer dat sy 'n nakomeling van die Voortrekkerleier, Andries Hendrik Potgieter, is en dat sy trots is op haar herkoms (vgl. Marschall, 2004:37). Hierdie optrede ondermyn stereotiperings van die Afrikaner as konserwatief en Christelik-behoudend (Marschall, 2010:170). In die artikel word na Dina verwys as 'n "in- heemse blomsoort" en simboliseer haar naaktheid die Voortekkers as kinders van die "ongerepte landskap", aangesien Suid-Afrika bekend is vir sy natuur- skoon [myns insiens 'n ietwat vergesogte metafoor]. Bykomend kan geargumen- teer word dat – aangesien Dina nie 'n Voortrekkerrok en -kappie dra nie – ondermyn sy die historiese en kollektiewe herinneringe aan en mite van die vrome Voortrekkervroue se onverskrokke dapperheid en "die stille krag agter die man". Ek sou eerder stel dat hierdie voorbladfoto van Dina 'n dekonstruksie is

---

<sup>72</sup> In dieselfde mate as wat *Die Antwoord* – 'n rapgroep, alhoewel nie uitsluitlik Afrikaans nie, wat internasionaal sedert 2009 via die internet roem verwerf het en nou gehore in die VSA en Europa [in besonder Duitsland] laat regop sit met hul sogenaamde *zefkultuur* wat bestaan uit vloekwoor- de en dikwels platvloerse lirieke – 'n totaal ondenkbare verskynsel in die vroeg twintigste eeu sou gewees het.

van 'n stereotipe beeld van Afrikanervroue tydens die Groot Trek wat sodoende dien as regverdiging vir sagte pornografie.<sup>73</sup>

Tans word feitlik alle nuwe monumente en kulturele erfenisgebiede met die meta-narratief van die *struggle* verbind. Hierdie vryheidstryd verwys nie net na verzet jeens apartheid nie, maar ook jeens koloniale dominasie en alle vorme van vroeëre benadeling van swart mense waar hulle waardesisteme ontken is (Marschall, 2010:83 e.v.). Die ommekering van mag lei daartoe dat nuwe helde soos Nelson Mandela, Albert Luthuli, John Dube en Steve Biko vereer en bewonder word en Afrikanerherinneringe verswyg of geïgnoreer word. Swart ervarings van die verlede is immers varser en onlangser. Spesifieke vermelding moet gemaak word van *Freedom Park*, opgerig op Salvokop oorkant die Voortrekkermonument: "... a national heroes' acre and the country's foremost symbol of an inclusive post-apartheid national identity" (Marschall, 2010:172).

Wat vir die Afrikaners op die spel is, is *hoe* hul gevestigde en geïnstitusioneerde herinneringe aan hul grondleggende historiese ervarings in die huidige historiese narratief ingevleg word. Afrikaners se "messias" kom nou te staan langs die swart "messias", en onvermydelik vind vergelykings plaas. Die vraag is wie aan beide kante hierdie vergelyking sal oorleef?

Ook die benaming *Boerenasie* waarmee sommige Afrikaners na hulleself verwys het, is 'n teken van nostalgiese herinneringe van lank gelede. In die verband wys Welsh en Spence (2007:287) daarop dat Afrikaners sedert die laat-negentiende eeu hoofsaaklik 'n verstedelike bevolkingsgroep geword het en dat die ou selfbenaming van 'n *Boerenasie* deur ultraregse groeperinge, reeds teen 1970 'n

---

<sup>73</sup> Sedertdien word dié tema holrug gery soos blyk uit ene Lizelle Kruger se verduideliking van haar intensie met die skilder van 'n naakte vrou van agter uitgebeeld met 'n Voortrekkerkappie op haar kop en 'n emalje-emmer in haar hand, getiteld *Sannie het gaan water haal daaronder by die dam* (De Villiers, 2010:10). Die titel is ontleen aan die gelyknamige bekende Afrikanervolksliedjie [vermoedelik ingeval die aanskouer die "dieper betekenis" en Afrikaner-boeremetafore soos die windpomp op die agtergrond, die Voortrekkerkappie en die emalje-emmer sou miskyk]. Vir Kruger se verduideliking en 'n afbeelding van die skildery, kyk Pople (2010:20). Die werk het verskyn op die voorblad van die tydskrif *Pomp* – wat beskryf word as 'n "jaarlikse glanstydskrif met kunsfotografie en dieptejoernalistiek" (De Villiers, 2010:10). Aangesien 'n leser in die *Kerkbode* [mondstuk van die NGK] gekla het, het die kunstenaar in haar doel geslaag en meer as genoeg blootstelling geniet.

anachronisme van 'n vorige eeu was, aangesien 81.6% Afrikaners teen 1975 verstedelik het en Afrikaners slegs 7.2% van die oorhoofse produksie in voedsel en huishoudelike produkte verskaf het.

Engelbrecht (2007:38-39) wys op sy beurt op die interessante fenomeen van t-hemde wat die afgelope tyd algemeen en in besonder by Afrikaanse kunstefeeste voorkom. Op hierdie t-hemde word verklarings gemaak, soos byvoorbeeld "100% Boer" of "Stem Paul Kruger". Dit is vir Engelbrecht aanduidend daarvan dat daar reeds 'n tipe nostalgie by Afrikaners te bespeur is wat getuig van 'n hunkering na 'n tyd toe die *Afrikaner* as betekenaar die vermoë gehad het om vir 'n sekere groep Suid-Afrikaners hul identiteit en hul werklikheid te definieer. Hy stel voorts dat dié t-hemde terselfdertyd ook 'n ironiese erkenning is dat dit nie meer moontlik is nie. Weens politieke gebeure, en as gevolg van sekere historiese assosiasies met die betekenaar "Afrikaner", ervaar meer en meer blanke Afrikaanssprekendes 'n toenemende ongemak met betrekking tot 'n identifikasie daarmee.

'n Mens sou ook kon verwys na t-hemde met slagspreuke soos "Praat Afrikaans of hou jou bek" wat 'n meer aggressiewe ingesteldheid toon ten opsigte van moedertaalregte en gepaardgaande –identiteit. Dit bevat ook 'n dreigement aan nie-Afrikaanssprekendes, wat in die kleiner minderheidsgroepe van sowel swart as wit Afrikaners dui op onversoerbare rasepolarisering – iets wat die land nie kan bekostig nie en wat Mandela se versoeningstrewes tot niet maak. Daarteenoor dui t-hemde met meer humoristiese slagspreuke soos "Geblikte Afrikaans", "Afrikaans gebek" en "Afrikaanse sêgoed is skietgoed", op 'n positiewer ingesteldheid. Britz (2010:11) wys met betrekking tot die letterkunde en die sukses van die webblad *Litnet* op die ruim register waaroor Afrikaans as uitdrukkingstaal beskik. Britz se opmerking is eweneens geldig vir die tekste op die t-hemde. Slabbert (1999:99) stel op sy beurt dat die oplewing van Afrikaans by veral kunstefeeste 'n positiewe verwikkeling is.

In nog 'n voorbeeld van 'n nostalgiese teruggrype na die verlede en na die vervloë tye van die sogenaamde onskuldige Afrikanerjeug, sou 'n mens kon



verwys na die groot oplewing in die Afrikaanse rolprentbedryf met hedendaagse populêre sangers in die hoofrolle. In 2010 is die rolprent *Liefeling* vervaardig waarvan die titel en tema inspeel op die bekende Afrikaanse volksliedjie *Jy is my liefeling*, terwyl in 2011 geskiet word aan die rolprent *Die Platteland* met Bok van Blerk en nog 'n Afrikaanse *country*-sangeres Lianie May [wat haar openbare beeld via die media bou op die retoriek van die "onskuldige boerenootjies"]].

### **3.5.5 Afrikaans: gemarginaliseerde minderheidstaal van 'n ontheemde volk**

Wat die taal betref, heers daar tans 'n landwyse debat oor die toekoms van Afrikaans en ander inheemse tale. Die *Vredesheim Taalberaad* wat in 2010 te Stellenbosch onder leiding van die F.W. de Klerkstigting plaasgevind het, het wye reaksie ontlok. Die beraad is bygewoon deur Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies, asook rektore en ander belanghebbendes by hoër onderwys. Ten opsigte van toenemende druk van regeringskant af op voormalige Afrikaanse tersiêre instellings se taalbeleid, is bespiegel oor 'n moontlike Afrikaanse Universiteit. Die Noordwes Universiteit se taalbeleid, simultane tolking tydens lesings, word as suksesvol beskou teenoor die Universiteit van Stellenbosch wat – as die eerste en bakermat van Afrikaanse universiteite – in die spervuur is met hul beleid van parallelmediumonderrig, omdat dit toenemend verengelsing in die hand werk (Gerber, 2010:3; Rademeyer, 2010:16).

Wat 'n inklusiewe benadering tot die toekoms van Afrikaans in die nuwe Suid-Afrika betref, wys die redaksionele hoofberig in die Afrikaanse dagblad *Die Burger* (2010:18), na aanleiding van die *Vredesheimberaad*, daarop dat gesprekke oor Afrikaans dikwels gekenmerk word deur omstredenheid en meningsverskille tussen mense wat almal hoog opgee oor die bevordering van die taal. Algemene gevoelens op die beraad was dat die regering nie die grondwet ten opsigte van minderheidstaalgroepe respekteer nie (Rademeyer, 2010:16). Die grondwet [seksie 30] stel byvoorbeeld dat elke mens die reg het om die taal te gebruik en deel te neem in die kulturele lewe van sy/haar keuse; terwyl seksie 29(2) stel dat elkeen in openbare onderwysinstellings geregtig is op moedertaalonderrig, of volgens eie keuse, in een van die elf tale "where that education is

reasonably practicable" (Welsh & Spence, 2007:292). Die Grondwet stel verder dat die staat " ... must consider all reasonable educational alternatives, including single medium institutions" met inagneming van (a) gelykheid, (b) praktiese uitvoerbaarheid en (c) die noodsaak om die resultate van voorheen benadeelde rassediskriminasiewette en gebruike reg te stel. Soos wat Afrikaanse taalaktiviste, skoolbeheerliggame en goedgeelowige ouers spoedig beseft het, was hierdie nie 'n waterdigte veiligheidsnetwerk vir enkelmedium Afrikaanse onderwysinstellings nie (vgl. Welsh & Spence, 2007:292).

Alhoewel die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekendes – wit en bruin – positief oor die beraad is, is daar ook diegene wat negatief hieroor ingestel is. Oppelt (2010:16) – redakteur van die *Business Times* – stel byvoorbeeld onomwonde:

Ek het genoeg gehad van hoofsaaklik wit mans wat op en af spring oor "hul" taal wat in die nuwe Suid-Afrika gerangeer word – want die meeste Afrikaanssprekendes is en was nog nooit wit nie (2010:16; vertaal).

Haar beskouing geniet ook ondersteuning in wit geledere. Van Heerden (2010:3) stel dat die skielike obsessiewe liefde vir Afrikaans vir hom vreemd is en wys daarop dat Afrikaans sal oorleef solank as wat Afrikaners hul plig beseft en 'n liefde vir die taal by hulle kinders kweek. Hy bevraagteken 'n beraad oor die toekoms van Afrikaans by universiteite. Terwyl Van Heerden duidelik nie die historiese narratief van die twee taalbewegings in sy argument in ag neem nie, erken hy wel dat elke mens die reg het op moedertaalonderrig en argumenteer hy – soos heelwat ander Afrikaners (vgl. Welsh & Spence, 2007:294) – dat praktiese mededinging in die beroepswêreld onmoontlik is indien Afrikaners nie die toepaslike Engelse terminologie magtig is nie (vgl. Kruger, 2010:10). Makhanya (*in* Van Heerden, 2010:3) stel op sy beurt dat dit voorkom asof Afrikaners dink hul taal word bedreig en het hy bepaalde agterdog jeens Afrikaners se motiewe vir die taalstryd:

Yet, the perception persists among Afrikaners that their language is under siege. Some of them are genuine lovers of the language. However, there is a large proportion who are motivated by narrow nationalism.

Engelbrecht (2007) en Welsh en Spence (2007:295) wys egter op hul beurt heel tereg daarop dat Afrikaners inderdaad ervaar dat hulle taal – en daarmee saam hul identiteit – bedreig word en dat op verskeie vlakke teen hulle gediskrimineer word:

... op die vlak van erfenis, die verandering van straatname en stadsname (byvoorbeeld die herdoop van Pretoria [metropool] na "Tshwane"; op die ekonomiese vlak, regstellende aksie in die arbeidsmark; en in die opvoedkunde word daar veral gemobiliseer rondom die geval onlangs waar die Wes-Kaapse onderwysdepartement 'n Afrikaanse laerskool gedwing het om 21 Engelssprekende leerlinge in Engels te onderrig (Engelbrecht, 2007:30).

Die jongste voorbeeld van naamsverandering is dié van die *Northern Flagship Institution* na die *Ditsong Museums of South Africa*. Hierdie instituut is in 1999 gestig en staan in beheer van nege museums in Gauteng. Die nege museums is almal hernoem, soos blyk uit die toespraak van Xingwana, minister van kuns en kultuur. In haar toespraak stel Xingwana (2010:1) dat *Ditsong* die Tswanawoord is wat stam vanaf die woord *Ditso* wat "plek van herkoms" beteken. Dié woord erken die noordelike geografiese en kulturele streek waar die nege museums gelokaliseer is. Die minister stel voorts:

The renaming of place names is a world phenomenon. Humans have always attached labels or names to their immediate environment in order to assign meaning and give recognition. However, in the South African context name change is one element of an integrated set of policy initiatives to effect fundamental transformation towards the confirmation and celebration of our uniqueness and our diversity (Xingwana, 2010:1).

Die minister het verklaar dat dit belangrik is om apartheids- en koloniale name te verander omdat dit slegs die erfenis van 'n minderheid weerspieël. Makgolo, uitvoerende hoof van die *Ditsong Museums of South Africa* het aan moontlik beswaardes oor dié naamsverandering gesê dat hulle moet "*adapt or die*" [’n ironiese en gevatte inspelings op die woorde van P.W. Botha tydens ’n toespraak waarin die voormalige staatspresident blankes gewaarsku het dat aanpassings ten opsigte van die apartheidsbeleid sou kom] want die name moet verander, en dat daar nie vorentoe beweeg kan word met ’n naam wat vir die mense van die land niks beteken nie (Haasbroek, 2010:3; Kleynhans, 1979:11).

### 3.6 Afrikaners op weg in die een-en-twintigste eeu

Welsh en Spence (2007:295) is reg in hul beklemtoning van die feit dat Afrikaners intens bewus is daarvan dat die stigma van apartheid aan hulle kleef en dat hierdie assosiasie nie maklik uit die kollektiewe geheue van Suid-Afrikaners sal verdwyn nie. Die outeurs stel dat onder baie Afrikaners is daar 'n proses van introspeksie besig om te gebeur en voortspruitend daaruit 'n skuldgevoel by die erkenning dat die hoofsaaklik Afrikanerregering verantwoordelik was vir die instandhouding van 'n onmenslike stelsel waarvan baie van hulle, as gevolg van sensuurwetgewing, nie die volle omvang besef het nie. Slabbert (1999:57-58) wys op sy beurt dat die uitdaging vir Afrikaners is om 'n nuwe gemeenskaplike interne identifisering van waardes te bewerkstellig wat tot 'n nuwe eksterne toeskrywing van Afrikanerwees kan bydra. Om dit te bewerkstellig, waarsku hy, sal Afrikaners verbeeldingryk te werk moet gaan om vas te stel wie hulle in Suid-Afrika is. Afrikaners sal hulle hulself moet losdink van hul historiese [mitiese] narratiewe ten einde te kan meewerk aan die skep van 'n nuwe geskiedenis vir die land.

Marschall (2005) weer, is oortuig dat die uitdaging in post-apartheid Suid-Afrika geleë is in die skep van 'n oortuigende nuwe mite van inklusiewe Suid-Afrikaanse nasieskap en die herdenking van 'n inklusiewe verlede, wat gedeel kan word deur alle [of ten minste die meeste] Suid-Afrikaners as 'n basis vir 'n nuwe nasie. Sy wys daarop dat die begrip *Reënboognasie* 'n poging was tot die skep van so 'n nuwe mite.<sup>74</sup> Min, indien enige wit Afrikaners glo dat hulle ooit weer onder 'n enkele politieke banier verenig sal word (vgl. Welsh en Spence, 2007:295). Daarby bevind heelwat bruin Afrikaanssprekendes hulle steeds in 'n liminale posisie, soos afgelei kan word uit opmerkings dat hulle tydens die apartheidsera nie wit genoeg was nie en as die *other* gedefinieer is, en tans nie swart genoeg om hulle

---

<sup>74</sup> Die mite van die *Reënboognasie* is reeds in die 1960s as 'n grondliggende mite vir Mauritius gebruik. In 1984 het dr. Jesse Jackson in die VSA dieselfde mite gebruik (Marschall, 2005). 'n Bykomende ironie wat binne die Suid-Afrikaanse konteks vermeld kan word, is die verwysing na "die rykdom van God se veelkleurige wysheid" gedurende die apartheidsera se regverdiging van afsonderlike ontwikkeling (vgl. Treurnicht, 1982).

in die dampkring van die *self* te bevind nie (De Vries & Rooi, 2010:6; vgl. die titel van Adhikar (2005): *Not white enough, not black enough*).

Dit wil voorkom of Welsch en Spence (2007:296-297) se argument dat Afrikaners binne die inklusiewe post-apartheidskonteks afstand moet doen van hul eksklusiewe Afrikanernasionalisme en hegemonesse meerderwaardigheid grondig is, asook hul voorstel dat Afrikaners vir hulleself 'n nuwe rol en plek in die demokratiese omgewing moet definieer. Slegs dan is daar hoop dat watter politieke verskille ook mag voorkom, Afrikaanssprekendes oor alle kleurgrense heen, ten minste bymekaar kan kom om verdere marginalisering van die taal teen te staan, sodat Afrikaans die spreekwoordelike wa vir Afrikaners [Afrikaanses] deur die drif kan trek.

Tans lyk dit asof 'n groot gros Afrikaners hul ontvlugting vind in 'n oppervlakkige nostalgiese kultuur indien 'n mens die groot aanhang in ag neem wat uiters middelmatige sangers/esse met populêre lirieke geniet [*ek wil jou hê, ons moet lepel lê; skud daai boude*; is enkele van die "lirieke" wat opgedis word met 'n orkes op die agtergrond]. Teenoor die enorme bywoningsgetalle by sangbyeenkomste soos *Skouspel* van die tydskrif *Huisgenoot* wat landwyd groot aftrek kry, en wat 'n uitdrukking is van populêre kultuur soos dit in alle samelewings ter wêreld voorkom, lyk dit of te min Afrikaners bereid is om op te staan vir Afrikaansse reg as 'n wetenskapstaal. Wat betref die gewildheid en ophemeling van Afrikaanse popsterre in die openbare media, moet Horkheimer en Adorno (2003:401, 403-407) se kritiese waarskuwing in gedagte gehou word ten opsigte van mense se herskepping van hulself na die valse beeld van die *veralgemeende belang* wat aan hulle voorgehou word. 'n Mens sou kon sê dat hulle Afrikaans bevorder, maar eintlik en boonop 'n onnadenkende kapitalistiese verbruikersmark bedien met escapistiese goedere.

### **3.7 Slotopmerkings**

Uit die voorafgaande bespreking is nagespoor hoe Afrikaners se aanvanklike herinneringe hulle gelei het na 'n begrip van 'n gewaande Christelike Afrikanernasionalisme en -identiteit wat volksnasionalisties en rasgebaseerd was. 'n Para-

noïese vasklou aan mag het gelei tot 'n aanhang van die apartheidsideologie en versterkte segregasiewetgewings. Tans bevind die Afrikaners hulle weer eens in 'n onsekere liminale ruimte en is daar sprake van 'n diasporiese identiteit. Dit wil my voorkom of 'n moontlike oplossing vir die oorlewing van Afrikaans daarop sal neerkom dat alle Afrikaanssprekendes oor alle kleurgrense heen saam sal moet staan vir die behoud en oorlewing van die taal (vgl. Welsch & Spence, 2007:296-297). Hiermee word nie net bedoel dat die taal net as huistaal gerespekteer moet word nie, maar juis dat daar geveg moet word vir institusionele ruimtes [skole en tersiêre instellings] waarop die taal geregtig is. Afrikaans is immers een van die min tale wat in die twintigste eeu op tersiêre vlak as wetenskapstaal tot sy reg gekom het. Terselfdertyd moet aanvaar word dat die narratief van Afrikaans en Afrikaners as die taal van die onderdrukker nog 'n geruime tyd in mense se geheue sal wees.

'n Kort samevattende oorsig oor die historiese narratief van die Afrikanervolk oor meer as honderd jaar dui daarop dat hierdie narratief gekenmerk word deur 'n magspel waarin optimale voordele vir Afrikaners en later ander blankes verkry is. In die proses is onnoembare skade aan ander bevolkingsgroepe van die land aangedoen. Die politieke en historiese opvattinge van die destydse bewindhebbers in Suid-Afrika het nie baie verskil van dié in ander dele van die wêreld nie, naamlik dat politieke leiers en magsgroepe nie verantwoordelik gehou kan word vir die sosiale welsyn van groepe wat by magsuitoefening uitgesluit is of was nie. Ontwikkelings in die reg ná die Tweede Wêreldoorlog het die teendeel hiervan aan politiek bygebring, naamlik dat alle mense regte het wat hulle teen staatsmag moet beskerm, en Suid-Afrika kon dit of wou dit nie verwerk nie – vandaar die beroep op soewereiniteit telkens wanneer die Verenigde Nasies Suid-Afrika se beleid en sy politieke aksies veroordeel het.

In hierdie hoofstuk is drie historiese datums uitgesonder: *31 Mei 1902* – die dag waarop die Boererepublieke hul vryheid moes wegteken; *31 Mei 1961* – 'n oorrinningsdag vir die Afrikaners toe die land onder leiding van die NP 'n republiek geword het en Afrikaners hul identiteit en mag soewerein kon uitleef; *27 April*

1994 – toe die land sy eerste demokratiese verkiesing gehou het en Afrikaners alle mag verloor het.

In die volgende hoofstuk word die kunstenaar Willem Boshoff as 'n Suid-Afrikaanse en Afrikaanssprekende konseptuele kunstenaar bekendgestel. Wat die biografiese aspekte van Boshoff betref, word dit in breë trekke binne die historiese narratiewe van die Afrikanervolk gekontekstualiseer, waarna internasionale invloede van ander konseptuele kunstenaars op Boshoff onder die loep geneem word.